**SPIN 'N KOKON OM JOU**

# vrye weekblad

14 OKTOBER - 27 OKTOBER
R5,00

**ONAFHANKLIK ● ONVERBONDE ● ONVERSKROKKE**

Passion Fish, 39



# Die (politieke) belydenisse en drome van 'n (teësinnige?) dienaar van apartheid

ISSN 1015-9649
9 771015 964007

# Maak hulle lam.




Jy kry dié wat nooit van die kudde wegbreek nie. En dan kry jy dié wat alles uit 'n Conquest kan haal. Dit is juis met hulle in gedagte dat ons die nuwe Conquest 180 RSi loslaat.

Hoor hoe knor hy as jy hom kielie. Terg hom as jy vet gee en voel hoe die hoëwringkrag 1800-enjin sy kloue inslaan.

Swenk en ontdek sport-vering en -hantering wat hom soos haak-en-steek laat klou.

En dan, wanneer jou hart oorskop in turbo, verslind die wind met sy gladder vorm, en 'n veringstelsel wat net nie bes gee nie. Brul oor al die brute krag wat jy met kragstuur en vier skyfremme kan harnas. Maar bowenal, grom van lekkerkry omdat jy die res lam maak.

**Alles loop reg, altyd reg**

**TOYOTA**
C O N Q U E S T

LINDSAY SMITHERS-FCB 2761/A

**Die Conquest reeks: 180 RSi. 180i Sport. 160i Sport. 160 RSi. 160 RSi Outo. 130 Sport. 130.**

**Tolvry infolyn: 0800 13 9111**

Die Een Uittree-Annuïteit van Sanlam

# Want ons hoë opbrengste verseker dat u eendag kan doen wat u nog altyd wou...



## Alles

By aftrede behoort 'n mens te kan doen net wat jy wil. Maar dit verg beplanning. En die regte keuses langs die pad.

Soos om in Die Een Uittree-Annuïteit van Sanlam te belê. 'n Uitmuntende presteerder – soos onafhanklike opnames keer op keer bewys. Kyk byvoorbeeld na Polis 1871071x5 wat 18 jaar gelede uitgeneem is. Die maandelikse bydrae van R60 het 'n uittreekapitaal van R110 370 opgelewer. 'n Opbrengskoers van 20,7% p.j. teenoor 'n ooreenstemmende gemiddelde inflasiekoers van 14,0% per jaar.

Boonop is Die Een Uittree-Annuïteit ook aanpasbaar. U kies self u aftreedatum en kan later ook die beleggingsportefeulje in sekere gevalle verander.

Vir u is die onmiddellike voordeel die belastingvergunning op u maandelikse bydraes. Bydraes wat gaan saamspan vir u aftrede. Sodat u dan alles kan doen wat u nog altyd wou...


Gesels vandag nog met u Sanlam-raadgewer of u makelaar. Of skakel 0800 - 223344 tolvry om meer besonderhede.

**Sanlam**

Waar u toekoms tel

Vir seker!

THE 3-D AGENCY 301880/A



10 'n Stewige stuk Suid-Afrikaanse geskiedenis speel hom af in die Randse Hooggeregshof 4E. Rondom die martelaar Chris Hani se Paasdood is dit nie net die dramatiese wat binne en buite die hof afgespeel word nie, maar ook die onverwagte - soos die eenvoudige, maar verdoemende getuienis van 'n huishulp



11 Piet Koornhof, Rhodesstudent, voorste Broederbondleier, briljante politikus, omstrede minister, ambassadeur, sê hy het al in 1949 geweet apartheid kon nooit werk nie. Tog was hy jare lank in die hart daarvan - om van binne te hervorm, sê hy in 'n wydlopende onderhoud. Die Koornhof-verhaal is ook 'n stukkie SA-geskiedenis



22 Ons is sat van politieke manipulasie, moeg van ekonomiese knelling, van misdaad, geweld en die eise van 'n tegnologiese tirannie. Daarom spin ons ons toe in veilige, mooi kokonne. En só oorleef ons


**vrye weekblad**

14 OKTOBER 1993

TWEEDE REEKS Nº 9



**BRIEWE VAN ONS LESERS** 52

**KORTBEGRIP** 6

**POLITIEK**

REGSE TRUUK WYSIG SPELREËLS 9
DIE DAG VAN DIE MARTELAAR 10
PRAAT RUITERS IN DIE WIND? 15

**AKTUEEL**

CHINESE MAFIA WERK ALHIER 16
'N DOODGESWYGDE OORLOG 18
REKLAME AS KORT FILM 28
KAN 'N MAN VERKRAG WORD? 31
SMOUSERY NEEM VROLIK TOE 32

**OMGEWING**

SO KAN SA SY BIODIVERSITEIT RED 20

**BOEKE**

EBEN VENTER DEFINIEEER DIE LAASTE PLAASROMAN 43
DIE POLITIEK OP REIS 44
MAGUBANE SE BLIK OP VROUE 45
DIE VREESLIKE KODDIGE LAND 46

**KUNS EN VERMAAK**

LAG, HANSWORS, LAG 26
OP DIE ADRENALIENSPOOR 34
DIS WAT HULLE SÓÚ DOEN 36
'N VISSIE SWEM DEUR JOU VERLANGENS 39

**RUBRIEKE**

VLIEG IN DIE SALF 8
TEATER EN MUSIEK RESENSIES 37
FILMRESENSIES 40
POP 42
FYNPROE 47
WYNPROE 48
ONTDEK 'N EETPLEK 48
KLIPOOG OOR TV 50
BROLLOKS 51

**SPORT**

SWAK SKEIDSREGTERS BEDUIWEL ONS 49

**LAASTE SÊ**

LEON WESSELS BIEG OOR SY VERSKONING 54

kortbegrip

# mense en dinge

**OORLAS:** Prof Willem Kleynhans, ewe beroemd as politieke wetenskaplike en as trompop redenaar (enige straathoek, enige teiken, solank dit 'n betoog afgee), is die Wêreldhandelsentrum tydelik verbied weens teistering van afgevaardigdes. Die geesdriftige, onstuitbare prof (vier jaar lank al uitgetree) het glo sommer onderhandelaars se kantore binnegestorm om 'n punt te maak, of 'n vraag te stel.

**PRIVAATBESIT:** Toe Jeremy Cronin, aarts-kommunis, deur die Mail and Guardian gevra word of hy à la Hustler R50 000 sou aanvaar om sy broek af te trek, verduidelik hy soos 'n goeie kommie: I'm an ardent supporter of public ownership of the means of production - but I'm a bit unsure about making public my private means of reproduction.

**WIE'S 'IE PA?:** Die Griekwa Psalm 121 (vorige uitgawe van VWB) wat vandag al ampervolkslied in die Noordweste geword het, is in 1982 in die Douglas Hotel geskryf. Deur prof Hans du Plessis van Potchefstroom, so begeester in sy navorsing onder die Griekwas dat hy sommer aan't psalmberyming vir hulle gegaan het. Die psalm is getoonset deur nog 'n Potchefstromer, Awie van Wyk.

**SÊ HULLE:** Prof Dick van der Ross weet hoe om die ding op sy naam te noem. By die afgelope DP-kongres in Kaapstad het die parlementêre taal oor die omvang van die verkiesing só aarde toe gebring: dit gaan 'n moerse verkiesing wees, waarsku die oud-akademikus.


**HALLELUJA, MAAR...:** Handel se Messias, karate en swem is die dinge waarna Tokyo Sexwale smag, maar soos hy aan Hanlie Retief van Rapport vertel, is hy altyd in plakkerkampe, besig om sy lewe te waag, teiken te wees vir 'n sluipmoord.

•

**IS JY PERS, OF WAT?:** Jou kleur tel tog, beweer Market Research of Africa. Nie jou wit of swart kleur nie, jou persoonlikheidskleur. Die MRA klassifiseer mense vir markdoeleindes as volg: pers - tradisioneel en probleemoplosser; rooi - aksievol en magsugtig; groen - vredemakers en soek begrip; blou - hiërargies en volg reëls; oranje - energie en hou van status en vernuwer.

**TENOOR-MOLESTE:** Maria di Stefano, eerste vrou van die vroeër gewilde tenoor Guiseppi (hy het al in Suid-Afrika gesing en ook oorsee met Mimi Coertse) het in SA kom vakansie hou ná die verskyning van haar boek oor die liederlike ontrouheid van Di Stefano met Maria Callas. In New York is 'n ander tenoor, ene Pavarotti, se vrou ook hoog die hoenders in vir haar lywige man se lywige romanse met die dunne model Lucia. In Suid-Afrika dreig James Bhemgee, voormalige straatveër en nou opkomende sanger (met 'n std 6) hy gaan nog die wêreld se gróótste tenoor word! Pas net op vir trou, Jimmy!

**EKUMENIESE LOON:** Nadat hy die anti-kommunis, anti-katoliek emeritus predikant Jannie Malan deeglik die hoenders in gemaak het deur 'n katoliek, vader Bonaventure Hinwood in sy kerk te laat preek, lyk dit of dr Cornél du Toit van Lyttleton die prestige aanstelling as direkteur van die Instituut van Teologiese Navorsing by Unisa gaan kry - 'n pos wat deur wyle Willem Vorster tot een van die belangrikste in die land verhef is.




Andy in *The Star*.

# koerante sê

**BUSINESS DAY, 5 OKTOBER:** The sooner national negotiations include local government matters, the better. What is needed is not a solution but a framework within which local councils of all sizes, colours and political persuasions can come to sensible and workable local agreements. It should have happened months ago; the threat now is that plans will be imposed which are a recipe for conflict and disaster.

**THE STAR, 1 OKTOBER:** The decision by the Afrikaner Volksfront to terminate talks with the ANC and the Government is premature and regrettable. Premature because the talks have only just begun; regrettable because they had kindled hopes that Afrikaner nationalist aspirations could be accommodated within the broader settlement being forged at the multiparty negotiating forum.

**SOWETAN, 7 OKTOBER.** The pre-election antics of politicians would be quite hilarious if the matter were not so serious. The days are gone, it seems, when MPs for instance blithely raised prices and passed tyrannical Acts without turning a hair. It is quite historic to see the Minister of Mineral and Energy Affairs, Mr George Bartlett, under siege, even from his own colleagues, for doing something that used to be par for the course.

**SUNDAY STAR, 10 OKTOBER:** The more Apla and the Government wrangle over the details of the pre-dawn raid on Umtata, the more apparent it becomes that the time for joint control of the security forces is overdue. As long as this Government in its declining days continues to exercise sole control of the SAP and SADF, the danger remains that similar incidents could mar the smooth transition to democrasy.

**SUNDAY TIMES, 10 OKTOBER:** An elaboration of the theme suggests that the raid (in Umtata), like the obstinate decision to raise the petrol price, and to maintain that position even at the risk of mass action and economic harm, was a response to rightwing taunts that the government can no longer govern. The taunts, of course, are well-founded: Mr de Klerk heads a lame-duck government whose mandate has run out, whose term in office has six months to run, and whose chances of regaining power are nil.

**RAPPORT, 10 OKTOBER:** Niemand, selfs nie die kritici van die Regering (ook al sê hulle wát in die openbaar), kan hardhandige optrede teen moordbendes wat 'n grusame bloedspoor oor die hele land laat, as ongewens afskryf nie. Maar sulke optrede moet met chirurgiese presisie ná behoorlike inwin van betroubare inligting geskied én bewyse van uitgehaalde kwaad moet gebring word. Word dit verfoes, moet betrokkenes die hou op die ken vat. Slaag dit selfs gedeeltelik, moet steeds verduidelik word hoekom nie honderd persent nie.

vrye weekblad

**REDAKTEUR**
MAX DU PREEZ

**MEDE-REDAKTEURS**
INA VAN DER LINDE
MARTIE MEIRING

**POLITIEKE REDAKTEUR**
HENNIE SERFONTEIN

**KOPIEREDAKTEUR**
JOHANNES BRUWER

**ONTWERP**
ANTON SASSENBERG

**BOEKEREDAKTEUR**
WILLIAM PRETORIUS

**FOTOREDAKTEUR**
SALLY SHORKEND

**VERSLAGGEWERS**
LOUIS KIRSTEIN
ESMA ANDERSON
CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN
VIRGINIA KEPPLER
BEVERLEY MITCHELL

**ADVERTENSIEBESTUURDER**
ELIZE VILJOEN

**FINANSIËLE BESTUURDER**
MARK BEARE

**ADMINISTRATIEWE BESTUURDER**
JOEY FLEETWOOD

**REDAKSIE-ASSISTENT**
NARIKE LINTVELT

**KANTOOR-ASSISTENTE**
JOSEPH MOETAESI
VERNON ZULU

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/40168/06) van Carolinestraat 91, Brixton. Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113, die telefoonnommer is **(011) 837-7017** en die faksnommer **837-3567.** Die Pretoria-kantoor se nommer is **(012) 83-4879** en die faksnommer is **83-2181**

VRYE WEEKBLAD WORD GEDRUK DEUR PROMEDIA-PUBLIKASIES, MARKSTRAAT 324, WALTLOO, PRETORIA.

# so sê hulle

*"Ek is half-Indiër en half-Brit. Wat sou die regime met my gemaak het? Die een helfte van my in een hotel gehuisves het en die res van my in 'n ander hotel?"*
Die Britse akteur **BEN KINGSLEY,** wat Ghandi gespeel het in sir Richard Attenborough se rolprent, oor hoekom hy nie tevore na Suid-Afrika gekom het nie

*"My mense het my steeds lief."*
**IDI AMIN DADA,** voormalige diktator van Uganda, wat beweer sy landgenote verkies hom bo die huidige president, Yoweri Museveni

*"Ek bestuur nog soos 'n cowboy."*
Aktrise **SANN DE LANGE** oor haar tagtigste verjaardag verlede week. Sy was te sien in *Nommer Asseblief* en nou ook in *Egoli*

*"Wat ons nodig het, is 'n party wat anti-kommunisties en dus anti-ANC is, maar wat die ondersteuning kan wen van kiesers wat nooit vir die Natte sou stem nie, weens die berugte verlede van die NP. Die DP is die enigste party wat dit kan doen."*
**DR ZACH DE BEER,** leier van die Demokratiese Party

*"Ek is 'n Afrikanerleier. Nie net leier van swartmense in die townships nie. Ek daag Constand Viljoen uit om die leierskap van die Afrikanermense. Die naam Afrikaner moet nooit weer misbruik word in dié land nie. Dis misbruik deur regerings wat enigiets in dié naam kon doen. Hulle het ons in hierdie gemors gekry omdat hulle gesê het dis in die naam van die Afrikaner. Die Afrikaner moet vandag sê: Genoeg, ons dink nou, ons kan nie net gelei word soos beeste nie."*
**TOKYO SEXWALE** in 'n onderhoud in *Rapport*

*"Ons is de duiwel in vir die regering en sy dubbelpratery."*
**GENL TIENIE GROENEWALD** van die Afrikaner Volksfront oor die regeringsvoorstelle oor streke en substreke

*"Daar behoort nie 'n stadsraad te wees waar Afrikaners se belange nie verteenwoordig word nie."*
**DR THEO DE JAGER,** die nuwe voorsitter van die Ruiterwag


*"Om te bewys dat HIV-positief nie noodwendig Aids en siekte beteken nie, is ek bereid om seks te hê met 'n man wat HIV-positief is."*
**EVELYNE KRYNEN** - een van die medies-



Chapatte-L'hebdo in die *Lausanne-CWS*

# het jy geweet?

Die spoed waarmee die aarde om sy as draai, is weens drie faktore effens wisselvallig. Remming deur getye verleng 'n dag met sowat 1 millisekonde per eeu. Beweging in die aardkern het 'n onreëlmatig effek: dit laat die rotasie 'n aantal jare (5 tot 10) versnel en dan weer stadiger raak, met 'n speling van sowat 5 millisekondes per eeu. Veranderinge in windpatrone affekteer ook die rotasiespoed: elke jaar teen omtrent 1 Junie is die aarde omtrent 30 millisekondes "laat" en teen 1 Oktober weer 30 millisekondes "vroeg".



Dov Fedler in *The Star.*

opgeleide Franse welsynwerkers in Tanzanië wat nou volhou dat die "gevreesde" Aids-epidemie wat glo miljoene mense in Afrika sou uitwis, dalk 'n groot leuen kan wees

*"Ek is bly ek is van haar ontslae. Sy het 'n goeie pak slae nodig, want sy gedra haar soos 'n prima donna. 'n Bedorwe brokkie van die eerste water."*
**JOHNNY CASABLANCAS,** modebaas van die Elite-agentskap, oor Naomi Campbell nadat sy van Elite na Ford oorgestap het

*"Ek het gebroem-broem!"*
Die drie-jarige stouterd **MIKEY SPROUL** van Florida, wat sy pa se motorsleutels in die hande gekry het en toe op 'n plesierrit gegaan het. Die rakker is maar net 75cm hoog en het verkeerspolisie stomgeslaan omdat hy dit kon regkry om die petrol en stuurwiel by te kom



MAX DU PREEZ

# DIE VERSKIL TUSSEN FW EN PW IS TOE NET STRATEGIE

NOOIT weer sal FW de Klerk en sy kabinet die vingers na die PAC en Apla kan wys as bloeddorstige terroriste nie.

En as De Klerk ooit enige kans gehad het om vanjaar die Nobelprys vir vrede met Nelson Mandela te deel, kan hy ná die bloedige orgie in Umtata daarvan vergeet.

Die regering en die weermag het met dié aanval tot die vlak van Apla self gedaal.

Die verskil is net dat die De Klerk-kabinet, wat die aanval goedgekeur het, die wettige regering en die SA Weermag die wettige weermag van Suid-Afrika is. En Apla is 'n klein groepie fanatieke, rassistiese terroriste.

Die aanval op die Umtata-huis was soos 'n ou nagmerrie wat herleef het: die Cassinga-aanval in Angola waarin honderde burgerlikes saam met 'n paar guerrillas dood is; die bombardering van 'n konfytfabiek en kleuterskool in Maputo wat ANC-basisse moes wees; die abortiewe aanvalle in Lesotho, Botswana en Swaziland waarin die teikens gemis en burgerlikes met oordadige geweld gedood is.

Dis die kru, kragdadige dikgewrig-vuis van die Totale Aanslag-era wat weer toegeslaan het. PW Botha en Magnus Malan is dood. Lank lewe Kobie Coetsee en Hernus Kriel!

MET DIE SKRYWE hiervan het die weermag nog nie enige klinkklare getuienis uitgereik nie. Uit lekkasies aan Afrikaanse koerante lyk dit asof twee van die jongmense wel Apla-lede kon gewees het.

Dit gaan swart Suid-Afrikaners nie juis imponeer nie. 'n Goeie voorbeeld van 'n breë swart reaksie is die voorblad van die Sunday Nation. Die opskrif skreeu: "Slaughter of the Innocents!" en daaronder word verklaar: "One bullet is enough to kill. But on Friday morning, a crack SADF squad pumped 300 bullets into two 12-year-old children and three teenagers, ripping their bodies apart. Then, according to a government statement after the slaughter, the SADF 'didn't stay around' to check who they'd killed."

Die vraag het by my opgekom, en dan sekerlik ook by die meeste swartmense: Sou die kabinet toestemming gegee het vir 'n soortgelyke operasie teen regse wit geweldenaars? Sou die weermag met soortgelyke inligting oor 'n huis vol regses wat vermoedelik aan geweld gekoppel kan word, dieselfde bloedige aksie uitgevoer het?

In der ewigheid nooit nie.

Ons wéét mos nou al met watter handskoentjies die veiligheidsmagte die regse geweldenaars behandel.

So die noodwendige gevolgtrekking van dié aanname is dat swart lewens steeds minderwaardig teenoor wit lewens geag word.

Dit lê aan die wortel van die wye weersin in die Umtata-operasie: die minagting van menselewens.

Die generaals sê die kommando se opdrag was om menselewens te spaar en eerder mense te vang en terug te bring.

Maar dan sê die generaals ook dat die kommando die deur oopgeskop en binne tien sekondes al vyf jeugdiges doodgeskiet het. Nou wie dink hulle gaan hulle glo?

Coetsee het agterna gesê die operasie was "suksesvol" en hy is "tevrede". (Hoekom onthou ek skielik Jimmy Kruger se "Dit laat my koud" nadat polisiemanne vir Steve Biko doodgeslaan het?)

Onderliggend aan die regering se rasionalisering van die aanval is die argument dat die weermag goeie intelligensie oor die huis gehad het en geweet het wie daar skuil. So hoekom sê Coetsee self aan die Sondagkoerante dat vier van die vyf dooies agterna geïdentifiseer is as mense is wat Apla-opleiding gehad het, en niks oor die vyfde een nie? Was dit goed genoeg om 'n onskuldige dood te skiet net omdat daar ander by was wat vermoedelik skuldig is? Of was die weermag se inligting weer onvoldoende?

VIR APLA SELF kan daar min simpatie wees. Hulle het oorlog verklaar, en in 'n oorlog moet jy verwag dat jou vyand gaan terugskiet. Maar dit gaan nie oor Apla nie, dit gaan oor 'n oormatige bloeddorstigheid, en dit boonop in hoogs sensitiewe tye.

Dit kan nie toevallig wees dat die regering en die PAC/Apla pas ooreengekom het om later vandeesmaand te ontmoet om die "mutual cessation of hostilities" te bespreek nie.

Dit kan ook nie toevallig wees dat ons enkele weke weg is (ek hoop dit is nog waar) van die instelling van die Uitvoerende Oorgangsraad waar ander onderhandelende partye ook seggenskap in nasionale sake, dus ook die weermag, sal hê nie.

Dit vat nie 'n waarsêer om die ministers uit te wys wat dié ernstige oordeelsfout deur die kabinet geloods het nie: Kobie Coetsee en Hernus Kriel.

Die hartseer werklikheid is dat die Staatspresident, wat in sy hart moes geweet het hier kom 'n onding, nie sterk genoeg sy man teen hulle kon staan om dit te stuit nie.

Hy het nog 'n klein kansie om sy eer en aansien te red: hy kan in die openbaar apologie aanteken teenoor die mense van Suid-Afrika en die naasbestaandes van die slagoffers; hy kan vir Kobie Coetsee uiteindelik die trekpas gee; en hy kan 'n neutrale ondersoek na die militêre operasie gelas en dan die verantwoordelike offisiere dissiplineer.

Maar die ergste skade is gedaan: die meeste Suid-Afrikaners besef nou hulle is die laaste twee jaar lank deur die De Klerk-regering se mooipraatjies geflous.

Die enigste verskil tussen die FW de Klerk-regering en die PW Botha-regering is toe eintlik maar net strategie.





Mangosuthu Buthelezi en Constand Viljoen

# OU BEDMAATS, NUWE BED

DEUR HENNIE SERFONTEIN

## Die Vryheidsalliansie skommel die politieke kaarte van voor af

MET die stigting van die Vryheidsalliansie (VA) wil dit al lyk of die regses die politieke bal by die hoofspelers onderskep en nou 'n nuwe stel reëls vir die politieke spel wil maak.

Die onverwagse inisiatief deur leiers soos Mangosothu Buthelezi, Lucas Mangope, Oupa Gqozo, Ferdi Hartzenberg en Constand Viljoen, gaan belangrike politieke reperkussies hê. Want die nuwe organisasie van oud-lede van Cosag gaan formeel 'n amptelik gestruktureerde alliansie wees. Cosag was daarenteen 'n losse, informele politieke front.

Leon Wessels, senior NP-onderhandelaar, erken dit is 'n baie belangrike ontwikkeling, wat "ernstige gevolge" inhou. "Die regses beveg ons nou nie alleen polities nie, maar is besig om ons posisie om die onderhandelingstafel te ondermyn."

Die regering sal sterk standpunt inneem, sê Wessels, en nie toelaat dat hy afgedreig word nie. "Sou Bop byvoorbeeld weier om aan die verkiesing deel te neem, moet ons talle stembusse aan die grens sit sodat mense kan stem en ons hulle bluf kan roep. Dis die soort taal wat ons moet praat," sê Wessels.

Koos van der Merwe, onafhanklike LP vir Vanderbijlpark, sê die stigting van die nuwe alliansie beteken "die ANC en die regering kan nie langer op hulle eie aangaan om die nuwe Suid-Afrika te skep nie. Hulle sal die alliansie moet saamneem.

"Met KwaZulu, Bop en die KP saamgesnoer in 'n nuwe eenheid, kan hulle eenvoudig nie geïgnoreer word nie soos wat die geval sou wees as hulle afsonderlik met bilaterale gesprekke met die ANC en die regering voortgegaan het".

VA-LEIERS SÊ nou kan die regering nie langer probeer om die lede van die alliansie in bilaterale gesprekke teen mekaar af te speel nie, soos wat hulle met Cosag gedoen het nie.

Een van die belangrikse konsekwensies is dat die VA moontlik as 'n verenigde front aan die komende verkiesing kan deelneem. Dis mits struikelblokke soos die federale karakter van die grondwet en die magte van die TEC (Uitvoerende Oorgangsraad) uit die weg geruim kan word.

Die VA beplan nou dat die onderskeie partye se kandidate op een stemlys moet staan, soos die sogenaamde "tri-partite"-alliansie van die ANC, Cosatu en die SAKP.

In regse geledere is daar groot optimisme dat so 'n alliansie die NP kan klop en tweede ná die ANC sal kom. Dit sal beteken dat Buthelezi en nie FW de Klerk nie, die vise-president kan word.

Van der Merwe sê Constand Viljoen het reeds meer Afrikaner-steun as De Klerk, en wen nog steeds veld onder Engelssprekende wittes.

"My verstand sê ek moet De Klerk ondersteun, maar my hart sê Viljoen is die man. Baie NP-blankes voel ook so."

Maar Wessels glo nie die VA is 'n ernstige bedreiging nie. Dit betaan wesentlik uit die IVP en die KP. Mangope en Gqozo het baie minder steun in hul streke as wat die wit regses glo.

DIE BELANGRIKSTE GEVOLG van die stigting van die VA is miskien dat dit finaal die einde van die KP se Verwoerdiaanse apartheidsbeleid beteken, waarvolgens hulle op byna 87 persent van die land aanspraak maak vir 'n onafhanklike wit volkstaat.

Sulke onrealistiese aansprake en die rassisme van KP's soos Joseph Chiole, Jurg Prinsloo en Schalk Pienaar, is eenvoudig onaanvaarbaar vir swart leiers soos Buthelezi.

Ewe belangrik is dat sedert die politieke toetrede van die vier generaals 'n skrale ses maande gelede, die Afrikaner Volksfront (AVF) in wese reeds die KP se amptelike beleid van 'n volkstaat sonder slag of stoot by die venster uitgegooi het.

Heel onlangs het Tienie Groenewald namens die AVF 'n plan aan die Veelparty-komitee vir die Afbakening van Streke voorgelê waarvolgens die beoogde Afrikanerstaat net 16 persent van die land behels. Die plan is basies dieselfde as die oorspronklike voorstel van die Volkseenheidkomitee (Vekom) wat deur Koos Reyneke, KP-lid en lid van die afbakeningskomitee oor streke, opgestel is.

Daarvolgens word afstand gedoen van Kaapland en Natal, met uitsondering van 'n paar noordelike distrikte, en ook van groot dele van die Vrystaat. Die voorstel, met 'n seekat-voorkoms, bestaan uit 'n deel van die Wes-Vrystaat en dele van Wes-Transvaal, Noord-Transvaal en Oos-Transvaal.

Die kern van die plan is dat Pretoria deel daarvan vorm en dat deur die manipulasie ("gerrymandering") van streeksgrense daar 'n gebied tot stand kan kom met Afrikaners in die meerderheid.

Dit is ook die plan wat as die grondslag vir 'n reeks vertroulike gesprekke tussen die ANC en die AVF gedien het. As die bilaterale gesprekke tussen die ANC en regses nie onder druk van ultra-regse elemente geswig het nie, sou die AVF verlede naweek op 'n bosberaad finaal hul bloudruk aan die ANC voorgelê het.

Ingeligte regses beweer Ferdi Hartzenberg het die radikaal-verkleinde volkstaat van die generaals én die vertroulike gesprekke met die ANC ten volle ondersteun.

Trouens, *Vrye Weekblad* verstaan dat nóg Viljoen nóg Hartzenberg ten gunste van die verbreking van die ANC-gesprek was. Dis mense soos Chiole, Willie Snyman (onder-leier van die KP), en die AWB wat onverbiddelik daarteen was.

Ewe belangrik is dat die VA nou federalisme aanvaar. Tienie Groenewald sê self dat substreke in 'n federale bestel 'n oplossing kan bied vir die AVF se eise om 'n volkstaat - wat tot dusver in verskeie gebiede gefragmenteer was.

# HANI: ALMAL SPEEL REGTER



Betogers buite die Randse Hooggeregshof troos mekaar agter die lemmetjiesdraad wat hulle van die hof se ingang moet weghou. (Foto: David Brauchli, AP)

**In die hofsaak oor die moord op Chris Hani op 10 April vanjaar, word 'n spieël opgehou waarin die nuwe en ou Suid-Afrika mekaar in die oë moet kyk - en uit die ou haat en nuwe begrip kom daar onverwagse insigte**

DEUR ESMA ANDERSON

CHRIS HANI word nou getel onder beroemde en soms berugte wêreldleiers wat in sluipmoorde gesterf het: Soos John F Kennedy, Hendrik Verwoerd, Anwar Sadat, Lord Mountbatten, Indira Ghandi, haar seun Rajiv, Patrice Lumumba, Martin Luther King en Olaf Palme van Swede.

En soos met sulke sluipmoorde ontstaan die nuwe mites, nuwe helde, en natuurlik, nuwe skurke. Die goeie, die slegte en die lelike.

'n Moord die dag ná Goeie Vrydag in die oprit van 'n huis in 'n gegoede Oosrandse woonbuurt skok die land tot stilstand. Nou word die moord uitgepluis in hof 4E van die Randse Hooggeregshof in Johannesburg. 'n Hofsaak wat as een van die opspraakwekkendste en belangrikste in ons geskiedenisboeke opgeteken sal word.

Daar is seker ook geen beter voorbeeld van hoe die volksgety gedraai het as juis die ooreenkomste en verskille tussen die sluipmoorde op Hani en Verwoerd nie. Want dit is juis mense wat aanhangers is van Verwoerd se tipe ideologie wat die skurke van dié nuwe era geword het. En so verstard, kan hulle ook nie die woede van die swart gemeenskap verstaan oor die dood van 'n nasionale held nie.

MAAR UIT DIE nuwe skeidslyne ontstaan ook onwaarskynlike helde: Die Witwatersrandse prokureur-generaal advokaat Klaus Peter Constantin Otto von Lieres und Wilkau, SC (die man wat Andries Cornelissen, 'n joernalis van *Beeld*, onder Artikel 205 van die Strafproseswet tronk toe gestuur het omdat hy geweier het om die bron van sy inligting te verstrek).

Nou is Von Lieres die man van die oomblik, want hy voer die staat se saak teen die drie beskuldigdes: Janusz Jacub Waluz, Clive Derby-Lewis en sy vrou Gabrielle (Gaye) Derby-Lewis.

Kiertsregop, geklee in sy swart toga met wit frilletjieshemp, staan hy soos 'n wafferse dirigent sy staffie ('n fancy goue pen) en swaai. 'n Groot knoets van 'n goue ring aan sy regterhand se ringvinger trek heeltyd 'n mens se aandag as die lig daarop speel. Deur sy houding en sy skerp invalle bewys Von Lieres hom in dié saak as 'n maestro wat telkens 'n nuwe, belangrike stukkie in die legkaart wil laat inpas.

Die doodstraf maak ook sy opwagting as 'n onverwagse "held". Tot onlangs nog is gevra dat die doodstraf afgeskaf moet word - maar skielik eis die Hani-ondersteuners Waluz se kop. "Waluz, we're going to hang you, my man, for the deeds you have done," skree 'n man in die gehoor verlede Donderdagmiddag ná die hof verdaag het. Hy trek die swart, groen en geel gevlegte tou wat los om sy skouers gehang het, styf om sy nek soos 'n galgtou. En buite die hofgebou in Kruisstraat hang 'n groep betogers laas Maandagoggend 'n strooipop op aan 'n verkeersteken. Dit is duidelik wat hulle eis. "Just hang them," lui 'n plakkaat daaraan vasgeheg.

Die polisiemanne buite die hof en hofordonnanse probeer duidelik hul uiterste bes om onpartydig op te tree, veral as struwelinge en argumente gereeld tussen die Hani en regse kampe opvlam soos 'n Wilde Weste showdown. Albei partye word ewe hard aangespreek en gedreig dat hulle summier uit die hof verwyder sal word.

En dis juis dié onpartydige optrede wat 'n wit regse vrou in die hof in trane laat uitbars het toe sy wou hê die polisie moet ander sitplek-reëlings tref, want 'n swart man het heeltyd styf teen haar gesit. Sy sê hom aan om op te skuif. Daar is nie plek nie, reageer hy. Maar soos die argument warmer raak en woorde soos kaffer rondgegooi word,

> **'Waluz, we're going to hang you, my man, for the deeds you have done.'**
> -'N LID VAN DIE GEHOOR IN DIE HANI-KAMP.

snou hy haar toe "voertsek". 'n Polisieman sê hulle kan niks doen nie. Sy moet maar vir lief neem daarmee - of die hof verlaat, die publieke galery is vol.

Maar dit is ook struwelinge soos dié wat verskeie polisiemanne reguit laat sê het hulle sal nie rassisme in die hof toelaat nie. En die spanning loop deurentyd hoog. Die geringste klein opmerking van een van die twee kante laat 'n herrie losbars.

Die grootste held is sekerlik die Boksburgse huisvrou, Retha Harmse - 'n ooggetuie van die moord. "Dit was asof ek na 'n film gekyk het. Ek kon my oë nie glo nie," het 'n selfversekerde Harmse getuig. In stede daarvan om aan te ry en anderpad te kyk, het sy haar motor in heldhaftige filmstunt-styl in trurat geskop om die registrasienommer van die rooi Ford Laser te lees en memoriseer. Sy het dadelik die polisie verwittig, waarna Waluz omtrent sewe kilometer van Hani se huis af gevang is.

In die beskuldigdebank sit die twee mans en een vrou met houdings wat wissel van bravade tot werklike vriendelikheid.

Waluz, 'n skraal, blonde man met blou oë wys weinig emosie en sit heeltyd met sy kop gedraai na sy Poolse tolk.

Dit was die insae in die lewens van die Derby-Lewis egpaar uit 'n onverwagse oord wat 'n stukkie ou Suid-Afrika in die hof gebring het. Elizabeth Matshwane, vyf jaar lank al huishulp by die gesin Derby-Lewis, het getuig dat Waluz tydens besoek aan Derby-Lewis 'n vuurwapen in hul sitkamer hanteer het. Sy het dié toneeltjie vanaf die telefoon besigtig toe sy vir 'n oproep deur Derby-Lewis geroep is.

Van 'n onsigbare swart vrou wat in 'n buitekamer woon, met wie skaars 'n woord gewissel word buiten instruksies, word nie verwag om oplettend te wees nie. En Matshwane was baie seker oor wat sy gesien het - tot groot vermaak van die gehoor, en die duidelike skok van die egpaar. Toe die verdediging haar uitvra oor hoe sy seker kan wees dat Clive Derby-Lewis in die vertrek was as sy self gesê het dat sy hom nie duidelik kon sien waar hy op die klein sofa gesit het nie, het sy min tyd gehad vir dié soort hofprosedure: "Ek het mos nou net vir hierdie hof vertel dat hy my kom roep het vir 'n oproep en toe terug is sitkamer toe. Luister julle dan nie?" ■

# DIE LEWE EN TYE VAN PIET K



**Piet Koornhof was op sy dag Hoofsekretaris van die Afrikaner Broederbond en later jare lank 'n kabinetsminister onder John Vorster en PW Botha. Sy laaste politieke aanstelling was as ambassadeur in Washington. Nou sê hy hy wou sy lewe lank apartheid van binne verander. MAX DU PREEZ het in Bloubergstrand met die omstrede Koornhof oor sy politieke lewe en sy siening van die toekoms gaan gesels**

**Vertel my van u jare aan Oxford en van u omstrede doktorsverhandeling waarvan die laaste blaaie in Suid-Afrikaanse biblioteke uitgeskeur is.**

Ja, ek het daai tyd al - 1950, 1951 - geskryf apartheid is in sy moer voor hy begin het.

Ek het in my tesis bewys sekere goed is struktureel bepaal in Suid-Afrika, en een daarvan was dat apartheid in Suid-Afrika nie kon werk nie en tot 'n revolusie kon lei. Dis hoekom die laaste bladsye van my tesis in Suid-Afrikaanse biblioteke uitgeskeur is, wie dit ook al gedoen het.

Ek het ná Stellenbosch 'n Rhodes-beurs Oxford toe gekry en het social anthropology gaan doen. Ek het gedink ek het hier 'n geleentheid om onbevange en uit 'n wetenskaplike oogpunt te gaan uitvind wat gaan met my vaderland gebeur. Hulle het my eers net aanvaar vir 'n BA-graad, maar nadat ek 'n sinopsis aan die Board of Faculties voorgelê het oor wat ek wil doen, to examine society from a specific point of view, to see how it is structured, and what this structure determines, het hulle my toegelaat om dadelik my D Litt te doen en sommer vir my 'n beurs ook gegee om verder te gaan.

**Die titel van die tesis?**

The drift from the reserves among the South African Bantu. Ek het uitgegaan van die standpunt dat South Africa is one composite, one complex society, but one society.

**Maar dit het toe geskreeu teen die hele basis van Nasionale Party-beleid en Afrikaner-nasionalisme...**

Absoluut. Dit het geskrou teen apartheid, en alles wat voor dit al gesê en geskryf is. Maar ek het van dié hipotese uitgegaan om uit te vind wat gebeur in so 'n one composite society.

Ek het vir tien maande veldwerk gedoen in 'n kraal in KwaZulu en vir sewentien uur elke dag vir



ses maande in 'n biblioteek by Oxford geswoeg om op te kyk wat in die tyd 1830 tot 1850 in Brittanje gebeur het - die industriële revolusie. Vir hulle is dit die miracle van die vorige eeu, dat daar nie 'n revolusie was nie. Maar dit was so na as dammit aan 'n vloek. Dis net-net afgeweer.

Ek het toe tot die konklusie gekom - dis of dit gister geskrywe is - dat in hierdie gemeenskap van ons, soos ons nou die pad geloop het met die drift from the reserves, is die volgende struktureel bepaal - soos as jy weet hoe groot is die naaf van 'n wiel, kan die speke nie langer as só lank wees nie: nommer een, 'n toestand van *resentiment.* Dis 'n begrip van Nietzsche wat baie sterker is as resentment. As dit waar is, is die tweede wat struktureel bepaal is, 'n toestand van rebellion in die sosiaal-wetenskaplike sin van die woord wat weer sterker is as resentment. En die derde is, tensy daar integration of society plaasvind, is dit struktureel bepaal dat daar 'n revolusie sal kom.

**So u het van die begin af geweet apartheid gaan nie werk nie?**

Ja.

**Hoekom het niemand toe vir u geluister nie?**

Nee, ek was 'n bietjie bang gewees om die tesis te laat publiseer, al wou Oxford dit doen. Oxford het my selfs 'n pos aangebied ná my tesis. Die rede waarom ek dit nie laat publiseer het nie, is dat ek geweet het ek moet terugkom na my land toe. En ek het gedink as ek terugkom na my land toe en kom doen wat ek graag wou doen en wat ek wragtig tot vandag eerlik probeer doen het, om verhoudinge te kom help verbeter, sou hulle my nek afgesny het as ek dit gepubliseer het. Ek kon dit nie publiseer nie.

Toe het ek teruggekom en in Verwoerd se departement as navorsingsbeampte gewerk. Hy het respek vir my gehad en baie van my gehou. Ek het vir hom my tesis gegee en hy het dit baie interessant gevind. Hulle kan van hom sê net wat hulle wil, maar hy was slim. Regtig 'n intellektueel. Wat hy toe gedoen het, is hy het gesnap dat as ons nie pasop nie, gaan ons 'n revolusie hê. Ek het in my tesis aangetoon hoe die revolusie in ander lande gebeur het. Dit was die gewone hoi-polloi; as nie aan hulle behoeftes voldoen word sodat hulle neus bo water kan hou nie, dan maak hulle 'n revolusie. As jy net neus bo water kan hou, dan wil jy nie 'n revolusie hê nie. Dis wat die Britte reggekry het - hulle het net neus bo water gehou. Daar was baie riots, maar nie 'n revolusie nie.

Ek dink ná die jaar 2 000 gaan die akademici skryf oor die wonder van die twintigste eeu, die feit dat Suid-Afrika nie 'n revolusie gehad het nie. Want ek dink die revolusie is afgewend hier by ons.

Een van die redes is die miljoen huise wat Verwoerd laat bou het (sien berig hiernaas). So seker as wat jy my in die oë kyk. Verwoerd het beslis 'n bydrae gelewer om 'n revolusie te ►



voorkom. Soos prof Ngubane van die Universiteit van Kaapstad se Sosiale Antropologie die ander dag hier voor ons Rotariërs gesê het: hier kom nie 'n revolusie nie, en dis nie 'n Afrika-situasie van 'n eenmalige verkiesing en 'n diktatorskap nie. Die rede is: in al die tuislande is 'n infrastruktuur geskep deur onderwys - of die apartheidsmense dit nou so bedoel het of nie - is daar duisende staatsamptenare oor die jare opgelei, en so aan. Ek sê nie Verwoerd het 'n revolusie voorkom nie, maar daar was 'n geluk by die ongeluk. Hy het op die een aspek gefokus wat baie belangrik was, en dit is behuising. En dit het gehelp om miljoene swartmense se neuse bo water te hou.

**Het Verwoerd u tesis ter harte geneem?**

Op hierdie punt, verseker. Maar sy argument was juis: jy mag reg wees, maar dit gaan nie gebeur nie, want ons gaan dit deur die tuislande ontlont. Verwoerd het sterk daaroor geargumenteer, ook teenoor my persoonlik. Sy oplossing was om die gemeenskap te fragmenteer soos dit in Europa die geval was.

En ek sal jou sê in daardie stadium sou die engel Gabriël self nie vir Verwoerd oortuig het nie. En hy het natuurlik die nadeel gehad dat hy 'n Europeër was, hy was nie 'n Suid-Afrikaner van geboorte nie.

Ek het baie keer gedink as hy miskien een van geslagte hier was, sou hy dalk nie so toegespits gewees het op die model dat as Europa dit kon doen, kan Suid-Afrika dit ook doen nie.

Maar hy het later besef hy was verkeerd. Dit kan ek bewys.

Waar Verwoerd vreeslik verkeerd gegaan het, was toe hy verstedeliking probeer keer het met al daardie wette. Dit het skielik die onmenslikheid van apartheid skerp na vore gebring.

**Kom ons gaan eers terug na die vroeë jare. Uit Oxford uit word u 'n navorsingsbeampte in Verwoerd se departement, in 'n regering wat net begin het met sy grand ideologie van apartheid. Hier sit die jong Piet Koornhof met die besef dat dit bepaal is dat apartheid gaan misluk en op revolusie kan uitloop. En daar begin Piet Koornhof werk vir die regering wat alles negeer wat in die tesis staan. Hoe was dít moontlik, wat het dit aan u as mens gedoen?**

Dit was baie moeilik. Laat ek dit eers só vertel. Verwoerd is kort daarna weg by die departement en ek het bedank. Toe het ek hoofsekretaris van die FAK geword en toe in 1964 het ek LV geword, vir Edenvale. Die ouens het gehoor van my tesis, en in daai verkiesing het ou Jaap Marais-hulle my hard daaroor geloop en is ek selfs met die dood gedreig. Dis waar die bladsye-skeur en dié goete ingekom het.

Deur al die jare is ek in die konserwatiewe kringe beskou as 'n verraaier en 'n kommunis en al wat bleddie sleg is. Daar is selfs mense wat oorgegaan het Oxford toe om my tesis te lees, en teruggekom het en gesê het dis waar, dis wat daai bleddie Piet Koornhof geskryf het. Ek het nog net doodsdreigemente van witmense gekry, soos nou weer, oor die meidebekruiper Piet Koornhof.

**Ja. Maar u is iemand wat die kans gehad het om in die jare veertig al in die buiteland te studeer, en dit was 'n rare verskynsel vir Afrikaners van dié tyd, en u het met al daardie insigte tog binne-in die apartheidstelsel beland en boonop nog in die hart van die Broederbond gaan sit as Hoofsekretaris. Hoe het die mens Piet Koornhof dit versoen?**

Ek het teruggekom Suid-Afrika toe om goeie verhoudings te bevorder. Dit het ek regtig gedoen tot die beste van my vermoë, tot nou toe. Ek is toe 'n opgeleide kêrel, doktorsgraad oor die gemeenskap en hoe dit werk. Ek het toe tot die konklusie gekom: hoe kan jy 'n situasie verander? Jy kan dit van buite af doen, en moontlik sukses hê. En dit is ook noodsaaklik van buite af. Maar as daar nie ouens is wat dit van binne-af doen nie, gaan dit baie langer vat.

Ek het myself gesien as iemand wat stilweg met 'n taak besig is om my mense wat nog net nie arriveer het waar ek arriveer het oor my geleentheid nie, van binne af te help om 'n revolusie af te weer en werklik goeie gesindhede geskep te kry en dat ons 'n mooi land probeer maak. Ek het self eendag vir Helen Suzman gevra wie sy dink meer verandering teweeggebring het - sy van buite af of ek van binne af.

Ek het die besluit as 'n sosiale antropoloog geneem, as iemand wat oortuig was oor wat ek doen, net soos ek oor Marcelle (Adams) besluite geneem het. Al verstaan mense dit nie, al stem hulle nie saam nie, vir my was dit nogtans die regte ding om te doen. Nou sal jy ook verstaan hoekom ek baie vriende onder swartmense gemaak het. Ek ken Buthelezi van 1950 af. Ek kan in Soweto of Crossroads sonder veiligheid of begeleiding ingaan, omdat ek vriende onder hulle gemaak het, ten spyte van apartheid. Omdat ek van binne af probeer het om forced removals te stop.

As dit nie vir my was nie, sou Crossroads weg gewees het. Een van die hoofstrate van Crossroads is Piet Koornhofstraat.

**Maar daar was ander gevalle waar u tog die beleid uitgevoer het...**

Beslis. Die pynlikste was die amptenare. Hulle was geskoei op die MC Botha-lees. En wragtag, hy is nou oorlede, maar hy was darem 'n man wat apartheid tóégepas het. Hy het 'n hele mag opgebou om mense te verskuiwe in 'n poging om apartheid te laat werk.

**Dit was die aakligste gesig van apartheid...**

Dis waar hy wreed geraak het, en vieslik geraak het, en onmenslik geraak het. Ek het destyds al gesê amptenare is soos 'n skilpad, hy loop vreeslik stadig en as jy hom aanpor, trek hy sy kop in en dan sit hy. Dis 'n kuns om met 'n skilpad te werk. Ek het baie teenstand van die amptenare gekry.

Removals het gekom deur middel van wetgewing. Ek kan nie onthou dat ek ooit as minister 'n wet in die parlement geloods het om mense te verskuif nie. Maar ek het gesit met wette wat op die boek was toe ek minister geword het ingevolge waarvan mense verskuif moes word. En jy kon nie dit stop tensy jy dit by wyse van 'n nuwe wet in die parlement doen nie. Dit was bitter, want hier was ek besig om forced removals heeltemal te stop, soos bewys met Alexandra, byvoorbeeld. Vra maar vir ds Sam Buti. Ek het Alexandra gered. MC Botha het amper 'n kleintjie daaroor gekry.

So die verskuiwings was die swaarste, maar daar was ook kompensasies. In die laaste paar jaar van my tyd in die kabinet is die woord apartheid nooit in die kabinet gebruik nie - in dié kringe het die manne geweet. En Verwoerd het voor sy dood gesê enige ding gebaseer op kleur kan nie werk nie. As hy bly lewe het, sou hy baie anders te werk gegaan het, met Kleurlinge en swartmense, as wat tot PW dit gedoen het. Onthou, die eerste ding wat mnr Vorster gedoen het toe hy eerste minister geword het, was oor sport, oor die Maori's in Nieu-Seeland. Die agtergrond is: dr Verwoerd was van plan om die week waarin hy vermoor is, 'n verklaring te maak dat hy verkeerd was met sy houding oor die Maori's tevore, omdat dit inmenging in die binnelandse sake van Nieu-Seeland was. Hy wou sê hy is jammer. En dis toe wat mnr Vorster heel eerste gedoen het, om dié ding reg te maak.

## 'Ek het daai tyd al geskryf apartheid is in sy moer'

**En toe verklaar u apartheid is dood?**

Ja, in 1979, toe was PW aan bewind, het ek by die National Press Club in Washington gesê: apartheid ▶

## 'N GENADE GODS

**EK dink mnr Mandela is 'n genade Gods vir Suid-Afrika. Ek dink mnr De Klerk ook, so ook mnr Rampahosa, en mnr Sexwale, 'n baie agtermekaar kêrel. Goeie leiers. Tewens, ek het baie maal gesê ek kan bewys dat die swartmense in my lewe beter leiers opgelewer het as die witmense in ons eie vaderland.**

is dead. Dit was groot nuus, wêreldnuus, daardie tyd. Ek het ook gesê ons moet 'n federasie hê.

**Dit was presies dertig jaar nadat u dit die eerste keer in u tesis gesê het. Was daar 'n sin van 'n kringloop wat voltooi is?**

Ja, want dit het alles te make daarmee dat goeie verhoudings bevorder moet word, en apartheid het dit nie gedoen nie. Dit was byna onmoontlik, want dit het mense afgesonder van mekaar. Dit was die grootste skade en ellende.

**Nou sit ons in 1993. Kyk 'n bietjie terug - wat dink u het apartheid aan witmense gedoen?**

Ek wil amper sê hoe ouer ek word, hoe meer kom ek tot die konklusie dat apartheid aan ons witmense selfs meer skade gedoen het as aan die swartmense. Sielkundige skade. Gevoelens van hoogheiligheid, meerderwaardigheid en dan die vreeslike ding van vrees. So apartheid het baie skade aangerig en geen verskoning wat ek of enigiemand anders daarvoor kan aanbied, kan ooit vergoed daarvoor nie. Dit is die harde waarheid. Miskien het dit aan blanke mense amper groter skade gedoen as aan enigiemand anders.

**In dié tyd dat u minister was met al dié houdinge, het u kollegas u nie gewantrou nie?**

Ek weet nie hoe hulle my gewantrou het of nie. Basies is ek 'n eerlike kêrel. Een van die mees tragiese dinge wat ek in die politiek gesien het, is hardgelowigheid. Mense wat nie wil glo nie. Liggelowigheid is die grootste vloek in die politiek. Maar ek dink darem mnr De Klerk en mnr Mandela het groot bydraes gemaak om dit te verbeter. ■

# PIET EN CHRIS EN 'N FAIR SHARE VIR DIE WERKERS



EK was betrokke by behuising en ek en 'n kollega is toe na mnr Cyril Ramaphosa toe daaroor, 'n man wat ek lankal bewonder as een van ons beste onderhandelaars. Ons het 'n baie interessante gesprek gehad, en hy het my toe aan mnr Hani voorgestel. Ek het altyd gedink mnr Hani is die slimste leier wat die ANC het.

Dié dag het ek vir mnr Ramaphosa gesê: ek dink u is bestem vir groot dinge in die geskiedenis van Suid-Afrika. Mnr Ramaphosa het geglimlag en gesê nee, hy dink nie so nie. As ek dit van mnr Hani sê, sou hy saamstem.

Ek het mnr Hani se loopbaan oor die jare gevolg. Ek het twee jaar gelede vir my seuns gesê dit was die slimste skuif om mnr Hani leier van die Kommunisteparty te maak, want hy was die man wat kommunisme in hierdie land voor brekfis kon nek-omdraai.

Mnr Hani vra my toe of ek die onderhoud gesien het wat hy met *Vrye Weekblad* gehad het. Ek lees nog altyd *Vrye Weekblad*, en ek sê toe ja. Toe wys hy my daarop dat hy in *Vrye Weekblad* gesê het: "We are not married to communism, and we are not married to socialism either. But I will tell you what we are married to, and that is a fair share to the worker of South Africa." Ek het spesifiek nog opgelet hy het nie gesê die black worker nie, maar die worker.

Ek het 'n hoë waardering vir mnr Hani gehad, en ek het letterlik gehuil toe ek die oggend hoor dat hy vermoor is. Dié man sou 'n ongelooflike rol vir vrede en vir 'n goeie Suid-Afrika kon speel. Hy was 'n ordentlike man. Ek verstaan ook al die dinge wat hy miskien gedoen het en miskien nie moes nie, maar ons het ook verdomp maar dinge gedoen. 'n Oorlog is 'n oorlog, maar wat het hy op die einde geword?

Toe ek daardie dag uitstap by Shell-huis, was ek opgewonde. Want toe ek uitstap, toe sê hy vir my: "Why don't you assist us to get a fair share for the worker?" Ek het dit as 'n geweldige uitdaging gesien. Toe vra ek hom of ek vir President De Klerk en kabinetslede daarvan kan sê, en hy sê ja. Hani sê toe vir my: "You know, you see strange bedfellows in politics. If you do assist us that we do get a fair share for the worker, then I may even join the Nats!"

NOU WAT BETEKEN 'n fair share vir die werker? Die eerste ding wat die werker wil hê, is 'n huis. As jy vir die werker 'n huis te gee, dan praat jy van 'n paar miljoen huise. Dan is jy terug op die ou basiese ding van every man's home is his castle. Dis ook waar van die werker, hy is verdomp g'n anderster as ander mense nie.

As jy dit doen, gaan jy honderdduisende werkgeleenthede skep. Ek praat uit ervaring uit, daardie tyd onder Verwoerd - daar was baie ellendes, maar wragtig, hy was nie net verkeerd nie - het ons oor 'n miljoen huise gebou. Dit kan dus gedoen word. Nie vooropgesette huise nie, steenhuise, want dit skep werk.

Ek was dié tyd navorsingsbampte by die destydse Bantoe-sake. So ek praat van binne-kennis. Onder die ou Sap-bewind is huise op 'n subekonomiese basis gebou waar die staat 'n sekere bedrag bewillig. Toe mettertyd is die Mentz-kommissie aangestel. Die huise is toe op 'n meer ekonomiese basis gebou waar die inwoners die lenings terugbetaal het.

Dis mos hoe ons dit nou weer moet doen. Huise wat deur die mense gebou word en so ook 'n groot deel van die werkloosheid oplos. Doen dit op leningskapitaal en laat die mense dit maandeliks oor 30 of meer jare terugbetaal.

As jy vir die werkers van Suid-Afrika sorg, dan verseker jy stabiliteit in die gemeenskap. Die werker se welsyn is die sluitsteen vir die toekoms. Die wit werker en die swart werker. In Amerika het hulle vir die werkers gesorg, en daar is geen kommunisme of sosialisme of geweld onder die Amerikaanse werkers nie. ■

## LANGHENDRIK EN MANDELA

**GENL Langhendrik van den Bergh het daai tyd vir my gesê jy weet, Piet, van al die swartmense wat ek in my lewe teëgekom het - en Langhendrik met het baie swartmense te doen gehad - is die slimste en mees uitstaande man mnr Mandela. Jy kan nie glo hoe slim en uitstekend die man is nie. En Hendrik het dit uit sy siel uit geglo, daai tyd al.**

# HOE SPEEN JY DIE NP SE HANDPERD?

## Waarheen jaag Ruiter De Jager nou met die waarheid? vra HENNIE SERFONTEIN na aanleiding van die Ruiterwag se groot "oopmaak"

IN 'n reeks onlangse openbaringe van die Ruiterwag se tot dusver geheime doen en late het dr Theo de Jager, president van die Ruiterwag, aan dese en gene, veral in 'n Agendaprogram, te kenne gegee dat die RW sy kaarte op die tafel plaas.

Maar dit bly 'n organisasie met 'n vertroulikheidsbeginsel. Lidmaatskap bly ook geheim.

Dié neiging van die RW, seun van die Broederbond, om homself as 't ware te ontbloot laat mens vreeslik baie dink aan die Britse snobmanier van coming out. Dis wanneer hoëlui hul dogters op groot danse aan die publiek bekendstel veral met die oog op moontlike goeie huwelike.

Sowel die Broederbond as die Ruiterwag het 'n paar "coming out"-geselllighede gehou in onderhoude met tydskrifte, koerante en op televisie, maar of hulle danig aansoeke om die hand gaan kry is waaragtig 'n ander saak.

Want wat het jy hier? Organisasies wat wil wys hulle is "skoon" - nie so duister, konkelend, magsbehep en eiesoortig gerig soos algemeen die opvatting is nie? Of, soos De Jager graag voorgee, dat die RW "gespeen" is van die regering en die NP?

De Jager wil ook te kenne gee die RW is nou nie-polities van aard nie.

Dit van 'n man wat nogal self 'n goeie agtergrond vir geheimhouding en politiek het. De Jager het sewe jaar vir Nasionale Intelligensie gewerk voor hy twee jaar in PW Botha se kantoor gewerk het en nou homself as "ontwikkelingskonsultant" beskryf.



**Voorperd van die Ruiterwag, dr Theo de Jager.**

Tydens sy diens in NI het De Jager natuurlik noue kennis opgedoen van die regering en die militêre se WHAM-program (Win hearts and minds) om steun onder swartmense te verkry.

Heeltemal nie-polities van aard? Tog darem met stewige bande. Sy vorige president Chris Fismer is tans 'n Hoofwag in die Ruiterraad van die RW en dus ook lid van die Broederbond. Fismer is 'n NP-parlementslid en ook lid van die kantoor van die Staatspresident, wat hom effektief die belangrikheid van 'n adjunk-minister gee.

Wat De Jager wel erken, is dat die RW 'n "elite" organisasie is. Dit beteken in wese dat die RW op elke dorp die "super" Afrikaners probeer betrek, tot die bevelvoerders van die polisiekantore.

Op Agenda het De Jager aan Freek Robinson gesê hy is nie bewus daarvan dat die RW 'n baantjie vir boeties-organisasie is nie, maar in 'n artikel in De Kat erken De Jager dat die RW "in die verlede" verkiesings van huiskomitees van dameskoshuise bewimpel het om Ruiters se vriendinne ter wille te wees.

Dalk weet die galante ruiter De Jager ook nie van die heel onlangse geval op Stellenbosch waar die dogter van Chris April, DP-onderleier, die tweede meeste stemme in die SR-verkiesing gekry het, maar nóg tot vise-voorsitter nóg tot enige sleutelpos verkies is. Die hand van die RW, in medewerking met die Hoofwagte van die Broederbond (sommige senior professore en lektore) word duidelik hier gesien. Dis immers 'n ou laai op alle Afrikaanse kampusse dat hierdie beïnvloeding - bewimpeling? - plaasvind.

DIE RW IS as junior afdeling van die AB volslae onder beheer van Naudé Botha, Hoofsekretaris van die AB. Dié twee groepe is saam op stal in Die Eike, waar ander groot perde staan soos die Rapportryers, Junior Rapportryers, die FAK en die ATKV.

En, soos sy stalmaats, glo die RW sterk in die term "kultuur" - maar dan in die sin as beskermer van Afrikanerbelange in alle sfere van die samelewing.

Soos dit 'n elite ruitery betaam, moet die Rapportryers die eintlike werk doen en in dié geval voer die Junior Rapportryers eintlik die Ruiterwag se sg "sosio-ekonomiese ontwikkelingsprogramme" uit. En waarom nie? De Jager erken self dat 80 persent van die jong Rapportryers ook tot die Ruiterwag behoort.

Soos VWB ook vroeër vanjaar berig het, is dié ontwikkelingsprogramme daarop gemik om swart steun vir die Nasionale Party te wen. Met ander woorde, WHAM leef in selfs die harte van die AB, RW en NP dawerend voort.

VOLGENS DE JAGER is die "oopheid" van die RW die nuwe rigting. Maar nog steeds sal vroue nie toegelaat word nie, en ook nie geskeide mense nie (die rede, volgens De Jager, waarom iemand soos Hein Grosskopf nie toegelaat sal word nie!) Voorts beywer die RW hom vir 'n "eie identiteit van die Afrikaner op alle lewensterreine".

Sal alle rasse, al is dit net die ongeskeide manlike lede, werklik wil saamgalop? ■

# MENSESMOKKELAARS VAL SA IN



## Die gevreesde Chinese bendes, die Triads, het nou ook 'n seekatarm in Suid-Afrika, skryf LOUIS KIRSTEIN

SUID- AFRIKA - soos ander lande in Afrika - is die jongste teiken van die gevreesde Chinese bendegroepe, die Triads, wat hul misdaad-tentakels wêreldwyd span.

Dié Chinese Mafia bestaan al sedert 1675 - en is van die moeilikste misdaadgroepe om te ondersoek. Hoewel polisiemagte wêreldwyd reeds 75 verskillende Triads uitgeken het, kan daar nog tientalle ander wees waarvan die polisie nie weet nie.

Vergeleke met die VSA lyk dit of die Triads nog besig is om vastrapplek hier te soek. Hoewel daar teen Februarie vanjaar reeds 12 Chinese na China gerepatrieer is, verteenwoordig dit maar min van die immigrante wat deur die Triads gewerf word.

Omdat dit so moeilik is om die Triads te ondersoek word daar nie veel vordering met die ondersoek gemaak nie, erken lt-kol Piet Lategan, die bevelvoerder van die ondersoekspan. "'n Mens kan maklik iemand kry om die AWB te infiltreer - maar ons het nie Chinese polisiemanne in diens nie."

Die leiers van die Triads, wat almal skuilname gebruik, is net aan 'n klein groepie uitverkorenes bekend. Die vrees vir wraak is so groot dat bendelede eerder tronk toe sal gaan as om hul leiers se name te verklap.

Die bendeleiers regeer met 'n ysterhand oor hul volgelinge. Wie nie by hulle planne inval nie, word doodgemaak. Bendelede word so diep ingetrek in die net van misdaad dat hulle nooit daaruit kan loskom nie.

Korrupte staatsamptenare, doanebeamptes, polisiemanne, burgemeesters en sakemanne is almal deel van dié groep. Bitter min is bekend oor die Triads - en dit wat die polisie wel weet, word geheim gehou uit vrees dat bronne doodgemaak sal word.

Vir die Triads gaan dit oor monopolieë en die vestiging daarvan. Hulle skroom nie om enigiemand uit te wis wat deel van 'n opposisiegroep is nie.

Hul betrokkenheid by die smokkel van ivoor, renosterhoring en dwelmmiddels tussen die Verre Ooste en die res van die wêreld, is alombekend. Hul nuutste geldmaakmetode is die smokkel van mense.

Binne net een jaar is meer as 100 000 onwettige Chinese na die VSA "uitgevoer". Met beloftes van groot geld, baie werkgeleenthede en vryheid is Meiguo (die mooi land), soos Amerika vir die ongelukkiges bekend staan, 'n baie beter opsie as China, Taiwan of Hongkong.

**'n Mens kan maklik iemand kry om die AWB te infiltreer, maar ons het nie Chinese polisiemanne in diens nie."**



Tussen die VSA en Asië het die handel in mense binne 'n kort tydjie ontwikkel in 'n "bedryf" waarby miljarde rande betrokke is. Die smokkelaars - wat net as "snakeheads" bekend is - vra enigiets tussen R60 000 en R150 000 per persoon vir vervoer na ander lande.

Enige moontlike manier word dan gebruik om soveel moontlik mense te vervoer. Vroeër vanjaar het 'n vragskip met Chinese immigrante aan boord naby die kus van Amerika gestrand. In die vragruim was 281 mense soos sardientjies ingepak. Met net een toilet, min kos en byna geen leefruimte nie, het hulle die 20 dae na "die mooi land" gelate trotseer.

Hulle toekoms is nog onseker, maar baie van hulle sal na China gerepatrieer word. Dis dalk 'n bedekte seën, want as hulle in die VSA gebly het, sou hulle noodgedwonge by misdaad betrokke moes raak om 'n lewe te maak.

Hulle word harteloos uitgebuit deur dieselfde bende wat hulle na die VSA geneem het. Omdat min van dié mense die groot som geld vooruit kan betaal, beland hulle met baie skuld in die VSA.

Om dié skuld te delg moet hulle lang ure werk vir min geld. Dié wat nie die bende wil betaal nie, word ontvoer en gemartel voor hulle doodgemaak word.

Net nog 'n lyk wat later langs die kus uitspoel.

Ander word deur die bendes afgedreig. Word hul pasaat nie betaal nie, sal hul familielede in die Ooste dit ontgeld.

Vir Amerikaanse amptenare besorg die bendes grys hare. Hulle skryf die styging van Triad-betrokkenheid by georganiseerde misdaad toe



**'n Triad-bende se geheime handteken.**

aan die verslapping van Beijing se mag oor die suidelike Fujian-provinsie in China.

In dié provinsie is baie staatsamptenare volgens gerugte korrup en help hulle met die smokkel van mense. Misdadigers uit Fujian raak ook al meer betrokke by dwelmhandel na die res van die wêreld.

Aankondigings van die provinsie se polisie dat hulle strenger gaan optree teen georganiseerde misdaad word skepties aangehoor. Die mening onder polisiemagte is dat te veel staatsamptenare van die ekstra geld afhanklik is om te leef.

Hoeveel van die immigrante na Suid-Afrika "uitgevoer" word, is onbekend.

Die Triads in Suid-Afrika klink na 'n spookstorie - maar hulle is wel hier, sê Lategan.

"Toe ons hulle begin ondersoek het, het sommige mense oór hulle voete geval om die polisie van name van Triad-lede te voorsien. Binne 'n kort tydjie het ons die name van baie gehad. Jy kan nie eens die name van die Broederbond so vinnig kry nie. Dit het ons onraad laat vermoed. As die hele wêreld so sukkel om die Triads te ondersoek, hoekom kry ons so vinnig die name?

"Na konsultasie met oorsese ondersoekbeamptes kom ons toe agter hulle verskaf net die name aan ons wat hulle wil hê ons moet weet. 'n Ondersoekbeampte van Hongkong het beweer dat baie ambassadepersoneel op die betaallys van die Triads kan wees. Dié dat ons so vinnig die name van mense gekry het," sê Lategan.


In Taiwan het die polisie ses maande geneem om vier "skoon" ondersoekbeamptes te kies om die Triads te ondersoek. Dié ondersoekbeamptes se bankrekenings is ook streng dopgehou - om te keer dat omkoopgeld inbetaal word, sê Lategan.

Die rol wat die Triads in die aanstelling van amptenare speel moet nie onderskat word nie, sê hy. En wanneer 'n amptenaar eers omgekoop is, is dit moeilik om 'n reguit paadjie te loop.

"Die kennis van die Triads in Suid-Afrika is regtig baie min," sê Lategan. Jy sal orals van hulle hoor, maar geen toegang tot een van die groepe kry nie. Die meeste van hulle is onwettige immigrante wat met beloftes van geld en werk gelok word. "Werwers" in China en Taiwan nader belangstellendes. 'n Suid-Afrikaanse paspoort word gekoop en 'n werk word gereël. "Eers wanneer hulle in Suid-Afrika kom, kom hulle agter daar is nie werk nie. Hulle moet dan vir die Triads begin werk. Hulle leef in haglike toestande en word in die misdaadsindikate opgeneem," sê Lategan.

Van die sterkste groeipunte vir Triad-bedrywighede is glo die Chinese dorpe wat oral in Suid-Afrika verrys. Hoewel die Triads geen beheer oor die stig van die dorpsgebiede het nie, neem hulle later dele daarvan oor om hulle bedrywighede voort te sit.

En die Triads se net kring al wyer - en verstrik al hoe meer slagoffers.



**Triad is die Engelse naam vir die organisasie, wie se simbool die drievoudige vereniging van die Hemel, Aarde en Mens voorstel. Die Chinese teken "hung", wat deur die driehoek omsluit word, herhinner die lede aan Hung Wu, die stigter van die Ming-dinastie.**

# Die Hemel en Aarde-beweging

DIE oorspronklike Triad-organisasie het in die 17e eeu ontstaan om die Ming-dinastie te herstel nadat dit in 1644 deur die Mantsjoeryers omvergewerp is.

Die legende lui dat die Mantsjoeryers 'n klooster aan die brand gesteek het waar meer as honderd Ming-ondersteuners geskuil het. Van die 18 wat aan die brand ontkom het, is 13 doodgemaak, maar vyf het ontsnap.

Dié vyf het die Eerste Vyf Voorvaders van die Triad-beweging geword.

Die geskiedenis van die Triad strek egter nog verder terug na die antieke Chinese geheime bewegings wat belang gestel het in die reis van die mens se siel na die hemel. Hul tradisionele rituele het die leer van gedigte, geheime handtekens en die drink van bloed ingesluit.

Die oorspronklike Triad-beweging het egter verbrokkel in honderde kriminele bendes wat die meeste ou rituele laat vaar het.

Die Triads se oorspronklike doel is in 1912 bereik toe dr Sun Yat-sen die Republiek van China gestig het. Hy was self 'n lid van die Triads en het hul mag gebruik om sy politieke loopbaan te vestig.

Die aanvanklike welvaart wat die Triads in die nuwe China geniet het, het egter later na misdaad oorgeslaan. Met die kommunistiese oorname van China het talle Triads na Hongkong gevlug, waar hulle hul bedrywighede voortgesit het. Vandag, word geskat, het die bendes meer as 100 000 lede.

Die Triad is ook bekend as die "Hemel en Aarde-beweging" of net as die "Swart Beweging" vanweë hulle betrokkenheid by misdaad.

Die komplekse hiërargiese orde van die Triads maak dit vir buitestanders nog meer duister.

Elke rang bepaal die lede se status en mag in die beweging.

Die laagste rang is die "49" of "sai lo" wat jong broer beteken. Hy word aan 'n ouer broer of "dai lo" geheg. Van daar spring die nommers na 432, 426, 415, 438 en die hoogste is 489. Elke nommer het ook 'n naam. "Strooisandale" dui op die rang van boodskapper. 'n "Wit Papierwaaier" is 'n toesighouer en die "Rooi Paal" is die vegleier. Die hoof van 'n tak heet die "Eerste Roete-Maarskalk"

# ANGOLA: STUUR CNN!

**Die bloedigste oorlog ter wêreld sedert Viëtnam - en die mees vergete een. MAX DU PREEZ wonder wanneer die TV-kameras die ongelooflike lyding van die oorloggeteisterde Angola gaan ontdek en Suid-Afrika aktief betrokke gaan raak**



**Tienduisende Angolese burgerlikes het die laaste maande 'n hongerdood in Angola gesterf as gevolg van die ontwrigting van die oorlog tussen Unita en die MPLA-regering. Nóg tienduisende gaan in die volgende maande sterf as daar nie baie gou vrede kom nie, want weens die oorlog en honderdduisende Unita-landmyne kan baie min mense hul grond bewerk. Dié uitgeteerde vrou word in 'n hospitaal in Luanda versorg - een van die enkele hospitale in Angola wat nog in operasie is. (Foto: AP)**

HOEVEEL mense het al gesterf sedert Angola se abortiewe verkiesing vandeesmaand 'n jaar gelede? 100 000? 200 000? Niemand weet nie. Dit kan nader aan 500 000 wees; want internasionale hulporganisasies skat dat tot 'n duisend mense die laaste paar maande daagliks in die gevegte en weens honger gesterf het.

Maar dan: wie gee om? Die noordelike hemisfeer is vasgevang in sy eie morele wroeging oor Bosnië-Herzegovina en Amerika is skielik in 'n morele krisis oor gestorwe en aangehoue Amerikaanse soldate in Somalië.

Daar is iets verskriklik verkeerd: Westerse TV-kameras en voorblaaie gee vir ons 'n hou-vir-hou-verslag van die konflik in Bosnië - gaan selfs vir dae heeltemal oorhoops oor 'n meisietjie wat uit Mostar na Londen geneem is vir behandeling - en Angola word grootliks geïgnoreer.

Ons kan elke onderonsie tussen Mohamed Farah Aidid se ondersteuners en VN-troepe in Mogadisjoe en elke koeël wat in Moskou afgevuur word, lewend op CNN sien, maar die wêreld is in 'n baie groot mate onkundig oor 'n land waar honderde mense elke dag sterf.

Angola is 'n heeltemal ander geval as Somalië of Bosnië. Dit is nie sommer net 'n agterlike landjie in die Derde Wêreld waar burgers mekaar uitmoor nie. Die Angolese konflik is 'n regstreekse uitvloeisel van die Koue Oorlog tussen Oos en Wes. Dit is regstreeks die supermoondhede - én dié van onverantwoordelike Portugese kolonialisme - se skuld dat dié land nou in so 'n gemors is. Amerika en die voormalige Sowjet-Unie het jare lank hul surrogate daar teen mekaar laat veg as deel van hul internasionale magsuitbreiding.

Hoor wat sê Bill Clinton, president van die selfaangestelde "wêreld-polisieman", in sy "Leader of the Free World"-toespraak voor die VN twee weke gelede: "At this moment of panoramic change, of vast opportunities and troubling threats, we must all ask ourselves what we can do and what we should do as a community of nations. We must once again dare to dream of what might be, so our dreams may be within our reach. For that to happen, we must all be willing to honestly confront the challenges of the broader world... The United States intends to remain engaged and to lead. We cannot solve every problem, but we must and will serve as a fulcrum for change and a pivot point for peace."

Intussen is verskeie Amerikaanse soldate in Mogadisjoe dood en word verskeie gevange gehou, en nou is die Clinton-administrasie verdeeld oor hul toekomstige betrokkenheid. Dit is verstaanbaar, want die openbare mening begin wonder watter prys Amerika in lewens moet betaal vir 'n ander land se probleme.


Maar Clinton het vroeg in sy termyn al verklaar: "You can't allow the mass extinction of people and just sit by and watch it happen."

En dit is die bottomline vir Amerika en die Weste. Tensy hul natuurlik wil omswaai en alle pretensie van waghond-wees oor vrede en menseregte wêreldwyd wil laat vaar. Of gaan die wêreld Amerika toelaat om net polisieman te speel as sy eie ekonomiese belange daarby baat vind, soos met sy vete teen Saddam Hoessein?

Is dit werklik aanvaarbaar dat Amerika en ander Westerse moondhede by 'n reusagtige militêre operasie soos die Golfoorlog betrokke raak, en nie by Angola nie, waar die lyding, bloedvergieting en sterftes 'n duisend keer groter is?

Wat gaan dan van die Nuwe Orde en inderdaad van internasionale moraliteit word?

EN DAN IS daar natuurlik Suid-Afrika, wat 'n groot klomp verantwoordelikheid moet dra vir wat nou in Angola gebeur. 'n Mens kan myns insiens met reg argumenteer dat as dit nie vir Suid-Afrika en sy eie misplaaste ideologiese oorlog in Angola in 1975/76 en daarna was nie, was Unita nie vandag daar nie, en was daar nie so 'n burgeroorlog nie.



**Niks bly gespaar nie: 'n kerk wat deur 'n Unita-bombardement in puin gelê is. Unita gaan ten spyte van gereelde eensydige skietstaakverklarings voort om die grootste deel van Angola te terroriseer en verskeie dorpe word beleër. (Foto: John Liebenberg/ Southlight)**



**Joernaliste en fotograwe wat Angola besoek, praat almal van een gesig wat hulle sal bybly: duisende menseskedels en doodsbeendere wat oral rondlê. In die laaste paar weke was daar verskeie verslae van Angolese wat hul eie dooies begin eet net om aan die lewe te bly. Uit Cuito word berig dat die enigste gesonde wesens die dorp se honde is wat al die lyke opvreet wat nie eens meer begrawe word nie. (Foto: John Liebenberg/Southlight)**

Is dit werklik so verregaande om van Suid-Afrika te verwag om nou aktief betrokke te raak om die burgeroorlog te help oplos en met hulp en kosvoorsiening vir die miljoene hongeres in te spring? Veral Suid-Afrika se goed-toegeruste lugmag kan van groot hulp wees (die meeste personeel onthou die Angolese grondgebied baie goed...) En noudat die TEC 'n sê in die nasionale regering het, hoef dit nie vir die MPLA 'n politieke verleentheid te wees nie.

Een van die grootste probleme in Angola is Unita-landmyne op die meeste paaie en rondom die meeste dorpe en stede. Die SA Weermag is wêreldbekend as een van die grootste kenners van die onskadelik stel van landmyne...

Interessant genoeg het FW de Klerk laasweek in gesprek met CNN se Larry King hom só oor internasionale probleme en Suid-Afrika se rol uitgelaat: "I think that specifically Europe but also other world leaders have allowed things to go too far in Bosnia and I would have preferred action and preventative steps to have been taken at an earlier occasion. It has now become a very difficult problem, a problem that cannot be ignored and I think more should be done."

Meer spesifiek oor Suid-Afrika se rol het De Klerk gesê: "I think South Africa has an important contribution to make, specifically in Africa. In the Southern African region all hopes are on South Africa..."

Wel, Meneer die President, wat van Angola? Dis nie net op jou drumpel nie, die bloed van die mense sit boonop nog aan die hande van jou party en weermag.

Daar is nie veel grys meer in die Angolese konflik nie. Daar was 'n verkiesing, waarvan die uitslag deur die VN en die res van die wêreld, Suid-Afrika inkluis, as geldig aanvaar is. Jonas Savimbi en sy beweging is nou terroriste wat teen 'n demokraties-verkose regering veg.

Een van die belangrikste redes waarom Unita militêr so goed gevaar het die laaste jaar, is dat die MPLA in goeie trou sy magte ingevolge die skikooreenkoms met Savimbi gedemobiliseer het - en Unita dit nie gedoen het nie. Toe Savimbi die VN-gemoniteerde verkiesingsuitslag verwerp, is President José Eduardo dos Santos se regering onkant gevang en binne vier maande het Unita driekwart van die grondgebied beheer - 'n baie groter sukses as in 16 jaar van oorlog, selfs met die hulp van Suid-Afrika en ander.

Dit is dus hoe Jonas Savimbi, die "anti-kommunistiese", "pro-Westerse", "pro-vryemark" held van Amerika, Wes-Europa en Suid-Afrika van gister, vandag daar uitsien. Held het monster geword. (Is ek die enigste een wat 'n analogie met Mangosuthu Buthelezi raaksien?)

DIE WÊRELD SE reaksie tot dusver was sanksies teen Unita. Handels- en wapensanksies teen 'n terroristebeweging! Ingevolge die internasionale reg was dit in elk geval onwettig om wapens aan 'n terroristebeweging te voorsien wat teen 'n demokraties-verkose regering veg. Die instelling van sanksies wys presies hoe vals die hele benadering van die Angolese probleem is.

Nie dat die MPLA-regering engele is nie, allesbehalwe. Ten spyte van die armoede, leef die regerende elite in weelde en is korrupsie en nepotisme aan die orde van die dag. (Volgens 'n Le Monde-korrespondent is elke parlementslid onlangs met 'n nuwe ingevoerde Audi vergoed, wat die Nasionale Vergadering die bynaam Auditorium laat kry het.)

Maar dit is die regering wat die meerderheid van die mense van Angola verkies het om hulle te regeer.

Ironies was dit die Amerikaanse TV-netwerke se "ontdekking" van die hongersnood en chaos in Somalië wat tot die internasionale betrokkenheid daar gelei het. Dit is hoe die Westerse regerings deesdae werk: ignoreer selfs die skreeuendste probleem solank dit nie 'n issue in die populêre media is nie.

Overgezet synde: CNN het die belangrikste buitelandse beleidmaker ter wêreld geword. Nog 'n voorbeeld: Amerikaanse amptenare het dié week gesê die beeld van twee sekondes wat CNN gebeeldsend het oor die lyk van 'n Amerikaanse soldaat wat deur die strate van Mogadisjoe gesleep word, was die één ding wat die hele beleid oor Somalië in twyfel gedompel het.

So dis dan wat Angola nodig het: CNN se kameraspanne.

Send in the clowns! ■

# DIE AARDE WORD WEER
# WOES EN LEEG



**Die skade wat ons aan die aarde se lewensvorms aanrig, kan die planeet 25 miljoen jaar kos om te herstel. Die groot stryd is om biodiversiteit te bewaar - want hoe meer plantspesies uitsterf, hoe moeiliker oorleef die oorblywende spesies, skryf INA VAN DER LINDE**

PRAAT mense omgewing, is dit gewoonlik slegte nuus - soos onlangs toe 'n stuk of 300 botaniste op die eerste internasionale simposium in twintig jaar in Kaapstad gepraat het oor die bewaring van botaniese diversiteit hier aan die suidpunt van Afrika.

Die hoofdoel was om die botaniese skakels tussen Suid-Afrika en twaalf buurlande wat die laaste 20 jaar verlore geraak het weer op te tel. En om 'n netwerk tussen professionele botaniste en bewaringsmense te bou om die ryke verskeidenheid in die planteryk van Suidelike Afrika van grootskaalse uitwissing te red .

Dr Norman Mayers, 'n botanis, skrywer en omgewingskonsultant van Brittanje, was die draer van die slegte nuus. Hy het 'n prentjie geskets van die massale vernietiging van die mees spesierykste gebiede op aarde: die tropiese woude.

Op satelliet-skyfies van die reënwoude in die Amasone-gebied wat die laaste 13 jaar geneem is, wys Mayers die dik rookkolom wat soos 'n wurm die lug inkrul. In 1980 is een persent van die tropiese woude in die gebied ontbos. In 1990 was dit al tot twee persent per jaar en vanjaar sal dit drie persent wees. Hier en in tropiese woude in Afrika word daagliks 50 tot 200 spesies uitgewis. Die vernietiging vind vinniger plaas as wat botaniste spesies kan dokumenteer.

MAYERS VERGELYK die tempo waarin spesies vernietig word met die tydperk 65 miljoen jaar gelede toe die dinosouriërs en miljoene ander plantspesies uitgesterf het.

Maar dis meer as bloot 'n verlies aan spesies. Dit beteken 'n inmenging met die evolusieproses en die wonder van 'n lewende planeet wat deur miljoene jare stadig ontvou het. Mayers sê dit het vyf miljoen jaar gekos vir die mens om te ontwikkel tot waar ons nou is. Gaan die uitwissing van die diversiteit van lewe in die huidige tempo voort, sal dit die aarde 25 miljoen jaar kos om weer te vorder tot die vorm van lewe soos ons dit nou ken.

Hy beweer die verbranding van plantmateriaal dra tot 54 persent by tot die "kweekhuisgasse" en die verwarming van die aarde.

Namate die aarde warmer word, sal plantgemeenskappe na die koeler poolgebiede probeer "emigreer". In normale omstandighede is dit 'n natuurlike proses. Maar met die versnelde tempo van verhitting, sal die proses katastrofaal wees. In die Kaap byvoorbeeld, sal plantspesies suidwaarts die see in wil emigreer.

Julia Wood van die Nasionale Botaniese Instituut (NBI), Kirstenbosch, het juis vertel hoe die Kaapse Floraryk en die meer as 8 500 spesies bedreig word deur die snelle en swak-beplande proses van verstedeliking op die Kaapse Vlakte.

Net in die gebiede in en om Kaapstad word 261 plantspesies deur uitwissing bedreig.

Maar Mayers het darem ook goeie nuus. "Ons het nog 'n kans om die massa-uitwissings te vertraag en ons het die vermoë om die miljoene oorblywende spesies te red."

Waarom is biodiversiteit belangrik? Behalwe vir die gevoel van verlies by die besef dat byvoorbeeld die pragtige vleiroos heeltemal kan uitsterf, het dit belangrike mediese gebruike. Verskeie anti-biotikas en hartmiddels het hul oorspong in plante.

En in die landbou het botaniese diversiteit 'n besonderse rol. In 1991 het die grootste uitbraak van sitruskanker in die geskiedenis van Brasilië byna die hele lemoen-oes vernietig. In 1974 het boere in Rusland byna hul hele aartappeloes verloor weens 'n siekte.

Wat het sitroene met knolle uit te waai? In albei gevalle het die genetiese poel waaruit die hele land se sitrusbome/aartappelmoere geput het, so klein geword dat geeneen van die variëteite bestand was teen siektes nie.

Gevorderde plantkweektegnieke (biotegnologie) wat sedert 1950 ontwikkel is, het voedselproduksie vergroot. Maar die Groen Revolusie het terselfdertyd tot gevolg dat die inheemse kultivars (landrasse) van gewasse soos koring, rys en mielies, heeltemal uitgedruk is en selfs uitgesterf het. Die gevolg is dat die meeste voedselplante buitengewoon homogeen is en dat die genetiese diversiteit in baie gevalle verlore gegaan het. Kommersiële boerderye, en deesdae selfs bestaansboere, maak staat op klonings en variëteite wat spruit uit 20 tot 25 plantspesies.

Inheemse landrasse se voedselopbrengs is baie laer as moderne variëteite, maar is terselfder-



**Ontbossing geskied op groot skaal in Zimbabwe se inheemse woude om plek te maak vir kleinboere se landerye.**



**Die verskeidenheid van lewe in 'n graspol, soos geskilder deur die 16e-eeuse Duitse kunstenaar Albrecht Dürer.**

# MOET HULLE EENDAG DIE PARADYS HERSKEP?

'N GERONDSNUFFEL vir plante- en ander materiaal van regoor die wêreld is eeue lank al 'n Britse liefhebbery. Vat maar vir Charles Darwin, in 'n vorige eeu besig met 'n eindelose insameling van plantmateriaal, rotse en bene elke keer as hy voet aan wal sit in die vyf jaar van sy wêreldreis saam met die HMRS Beagle.

Dié tradisie leef voort by die Royal Botanic Gardens in Kew, Engeland, die grootste botaniese instituut ter wêreld. Dwing iets in die Britse psige hulle om op te tree as die "bobby on the beat" in die wêreldwye planteryk? Of moet die versameling van plante en sade van regoor die wêreld vergoed vir die verlies aan kolonies - 'n onskadelike vorm van plant-imperialisme?

Een verklaring vir die Britte se geesdriftige versameling van plante is dat hulle self so min inheemse spesies het. Die Britse Eilande (308 000 vk km) het maar 1 443 plantspesies. Engeland self, sowat 860. In die sogenaamde Kaapse Floraryk, 'n gebied van sowat 88 000 vk km, is meer as 8 500 spesies opgeteken.

Charles Stirton, adjunk-direkteur, Wetenskap, van Kew Gardens, was onlangs in Kaapstad vir die simposium met die gewigtige titel: Die Bewaring en Benutting van die Botaniese Diversiteit van Suidelike Afrika.

Hy vertel: RBG Kew huisves die wêreld se grootste versameling wilde plante en saadbank vir nie-oesdoeleindes, en geheimenisse oor hoe om sade te laat onkiem, plante uit te ken en te klassifiseer.

Dié selfopgelegde taak as bewaarder van die wêreld se botaniese rykdom het Kew in 1759 begin. Die uiteindelike doel is om 'n reeks sistematies-geordende lewende en gepreserveerde plantversamelings te skep wat die volle omvang van plante en fungusse op die planeet weerspieël. Sodat eendag, as die wêreld weer woes en leeg is nadat die mens alles vernietig het, hulle dit weer kan begin beplant.

Wat die Britte by Kew reggekry het, is verstommend. Die gebied van 319 hektaar strek oor twee terreine: Kew Gardens in Surrey (130 hektaar) en Wakehurst Palace by Ardingly in Sussex (189 hektaar). Naas die asemrowende tuine met habitat-reservate wat wissel van tropiese woude tot semi-woestyne, is daar 'n herbarium waar ses miljoen gedroogde plante bewaar word; 'n omvattende bilioteek en argief met inligting en illustrasies; 'n reuse-versameling spiritus-gepreserveerde plantmateriaal en 40 000 families van lewende plante en swamme (10 persent van die wêreld se plante), 80 000 artefakte van plante-oorsprong, en 'n mikro-propageringseenheid waar meer as 1 000 spesies op 'n slag gekweek word.

Stirton, 46, 'n boorling van Pietermaritzburg, het ná sy studies aan die Universiteite van Natal en Kaapstad by die destydse Botaniese Navorsingsinstituut begin. Toe kry hy 'n pos as Kew se skakel-botanis vir Suid-Afrika - 'n reëling wat al 70 jaar bestaan. Net daar het sy eie Darwinistiese reis begin. Pas terug in Suid-Afrika, word hy die BK Krokoff-beurs by Kew aangebied. Dit behels vyf jaar van navorsing oor peulplante in die Amasone-gebied in Suid-Amerika. In 1987 is hy weer terug, dié keer as mede-professor in botanie aan die Universiteit van Natal.

In 1990 stuur Kew hom na die noord-ooste van Brasilië om 'n navorsingsprogram in ekonomiese botanie te begin in oorleg met Brasiliaanse wetenskaplikes. In Projek Nordeste word plantbenutting te ontwikkel sodat dit ekonomiese voordele vir die plaaslike inwoners inhou - hetsy as farmaseutiese middels, vuurmaakgoed, boumateriaal, snyblomme, of vrugteproduksie.

In 1992, voordat hy die vrugte kon sien van sy werk - so 'n projek neem 10 tot 30 jaar - word hy aangestel by Kew as adjunk-direkteur, wetenskap. Die enigste buitelander nog by Kew in 'n bestuurspos.

MAAR OOK OP die gebied van plantinsameling en projekte het dinge sedert Darwin se dae verander. "Ons werk mét die mense en nie vír mense nie," sê Stirton. "Dit is 'n belangrike klemverskuiwing na vennootskappe met mense, om vermoëns te ontwikkel, om opleiding en personeel uit te ruil. Die beleid is om ekonomies volhoubare programme saam met die mense van 'n streek te ontwikkel.

"Die programme staan bekend as 'local plants for local people' - want ons moet die voordele van die program op die grondvlak bewys. Die behoeftes van die plattelandse mense moet op die nasionale navorsingsagenda geplaas word."

Kew werk saam met wetenskaplikes in 42 lande en is betrokke by projekte in nog 35 lande. Alles op 'n streng regsbasis. 'n Kontrak word opgestel waarin Kew uiteensit presies wat hulle beoog met hul navorsingsprojekte en hoe enige wins wat kan voortvloei uit dinge soos patente medisyne of voedselbronne, verdeel sal word.

Vra hom oor die verdwyning van biodiversiteit en Stirton skilder 'n prentjie wat klink soos 'n toneel uit 'n Mad Max-rolprent: as die vernietiging van spesies in die huidige tempo voortgaan, erf ons 'n aarde waar net onkruid en roofplante groei, oeste oorval word deur pestillensies omdat al die natuurlike vyande verdwyn het, oorstromings weens ontbosting, gronderosie en woestyne.

Ekosisteme, sê Stirton, kan net goed werk indien genoeg spesies daarin voorkom. Totdat dié besef deurgedring het, het ons seker 'n grootbroer nodig wat ons hoeder kan wees, soos Kew. ■

tyd baie beter aangepas by plaaslike omstandighede en beter bestand teen siektes en droogtes.

Gelukkig is die gevolge van genetiese homogeniteit besef en deesdae word klem gelê op die ontwikkeling van verskillende soorte variëteite, gekruis met inheemse landrasse.

IN KAAPSTAD IS probleme van landbou tot die Kaapse fynbos aangespreek. Prof Brian Huntley van die Nasionale Botaniese Instituut sê wat nou belangrik is, is om 'n sterk netwerk van botaniste oor die hele streek te vorm wat mekaar kan ondersteun, kennis kan uitruil, opleiding kan verskaf en klein maar bereikbare doelstellings stel. Soos om Mosambiek by te staan om 'n datalys van spesies op te stel.

Maar vir 'n slag het Suid-Afrikaanse botaniste gewys hulle is bewus van die vrees van oorheersing by buurstate, ook op dié gebied. Tony Farrar van die Natuurlewevereniging stel dit so: "Suid-Afrika was nog altyd sterk aan die bestuurskant, maar ons het nooit ons Afrika-erfenis hier ingewerk nie.

"Ons sal die bestuur van beskermde gebiede moet herontwerp volgens Afrika-beginsels en waardes, in vennootskappe met ons buurstate. Ons moet sáám die fauna en flora van die gebied bewaar." ■

# KNUS


HOMES & GARDENS
MADHUR JAFFREY'S INDIAN COOKERY
DIE PRAKTIESE KOOKGIDS

# IN JOU KOKON

**Stop die wêreld - ons wil afklim! is al hoe meer mense se noodkreet. Om weg te kom uit die stresvolle geharwar van die hedendaagse samelewing, skep hulle hul eie klein wêreld en verskans hulle in sussende gerief.**



**MARTIE MEIRING skryf oor cocooning, die nuwe lewenswyse**

ONS hét toe afgeklim. En so het die mensdom sy siel weer teruggewen. Letterlik en figuurlik het ons kombersies om ons getrek, inwaarts gekeer en 'n genadelose werklikheid uitgesluit. Dit word cocooning genoem. Dis 'n lewenswyse. Dis lekker. En dit betaal!

Daar is regtig iemand met die naam Faith Popcorn en met of ondanks hierdie vet-weet vreeslike naam, het sy die *Popcorn Report* geskryf.

Dit was in 1987.

Dit het die bybel vir die dekade negentig geword.

En ons Suid-Afrikaners het kokonvorming aangegryp soos min ander lande ter wêreld.

Hoekom? Omdat dit die beste verweer was en is teen 'n werklikheid wat alteveel vir die gewone mens geword het. Die politieke manipulasie, die ekonomiese ellende, die sosiologiese aanslag van dwelms, misdaad, Aids en materiële gewin verontmenslik een en almal. Al protes is om jou rug daarop te draai.

Die futuroloog Alvin Toffler het so vyftien jaar gelede al voorspel dat die mens uit sy "psigosfeer" van vrees en stres oor die tegnologiese vordering met al die daarmee gepaardgaande nuwe eise gaan ontsnap deur homself weer te soek. En dan aan te pas in die veranderde wêreld. Daarom het Toffler al dinge voorsien soos kleiner state, groter selfstandigheid vir kleiner groepe, terugkeer na familie-waardes, al het hy ook veelvuldige huwelike vir individue voorspel! (Toffler het ook uiteindelik een groot gemeenskaplike vyand vir die hele wêreld voorspel: dwelms, en by name kokaïne.)

MAAR DIT WAS daardie smart New Yorker, onse Faith Popcorn, wat die woord cocooning die wêreld ingestuur het. Die *Popcorn Report* het, hoewel hy eintlik vir bemarkers bedoel is, 'n stukkie geskiedenis waargeneem en 'n sosiologiese analise van die tydsgees gedoen wat 'n soort maatskaplike revolusie veroorsaak het. Sodanig dat die Franse sommer gou Le Cocooning net so belangrik gemaak het soos jare gelede toe hulle Le Shopping die oorlogskreet van die Jappies, kugels en wannabe's gemaak het.

Eintlik het julle, Jan en San Elkemens, jul eie cocooning begin toe julle besluit het om jul nessies te beveilig, verfraai en verskans teen die wrede wêreld daarbuite. Sien, so eenvoudig is dit om deel van 'n wêreldtendens te word!

Julle het, en stry nou, mos al lankal besluit jul huis is jul fort, jul hemel-op-aarde - anders hoekom het julle daardie elektroniese hekke en 'n grasdak oor die braai aangebring én daardie onbetaamlik duur broodboom gekoop, hê?

**Faith Popcorn raai cocooners ten sterkste aan om hulself klein dingetjies, klein trosies te gun - al is dit 'n stukkie sjokolade op 'n eensame aand!**

Jul kinders het kommunes toe getrek, jul bure het klein sekuriteitsdorpe aanbeveel, 'n klompie van jul vriende oorweeg dit om huisies op Petrusburg - of is dit Strydenburg? - te gaan opkoop om daar gesond en goedkoop te gaan leef. Hulle wil mos 'n "retreat" met kapél en al begin vir ontsenude stedelinge, nie waar nie?

SIELKUNDIGES ERKEN dat cocooning in Suid-Afrika 'n belangrike verskynsel geword het. Een sielkundige vind in die ontvlugting na die kokon 'n baie heilsame en onverwagte gevolg. Die hoë mure wat eers die gevare moes uithou, het nou die grense geword waaragter die individu homself totaal veilig kan uitleef. Hy kan tuinmaak, braai, kaalgat loop, 'n eiland skep waar hy regeerder is. Sy gevangenis het sy heiligdom geword.

Cocooning in Suid-Afrika is amper onvermydelik omdat dit geskied teen 'n agtergrond van oorgang. Die proses is baie pynlik, sê die sielkundige, en nie alleen is die aanpassing moeilik nie, maar die aanvaarding eis feitlik bomenslike begrip en goeie hoop. Die politieke geweld is 'n aanslag op alle mense, al ry hulle nie op die doodstreine, of woon hulle nie in die gevaarsones van die townships nie. Afstomping kan wel 'n gevolg wees, maar die meeste mense moet stry teen die emosionele impak wat sulke daaglikse nuus op hulle maak.

Dis wanneer hulle dan troos soek.

Die troos is in jou onmiddellike omgewing: jou mure, jou familie, in jou eie geestelike waardes. In die VSA het die babyboom en die geweldige toename in kerkbywoning en charismatiese bewegings wat ontstaan het, ook die investering in huishoudelike dinge, aangedui dat die mens se eerste troos in daardie areas lê. Binne vyf jaar ook het oor die 8 000 nuwe programme vir selfverryking ontstaan wat mens in stres en selfontwikkeling kon help. ■

# HANDBOEK VIR DIE COCOONER

DIE wenresep vir cocooning is om eers jou ruimte te skep, dit dan te verfraai en dit dan te verdiep - of waar dink julle het Biggie Best vandaan gekom?

- Die herwaardering van die gesin maak nie dat egskeiding sal verdwyn nie, maar dat verband tussen ouer en kind stewiger word. Ontspanning by die huis, in die tuin, om die braaiplek of swembad skep rustigheid, samesyn.
- Tuinmaak en troeteldiere is kenmerke van cocooning. George Meyer, 'n gewilde tuinkundige in Pretoria, sê kwekerye het vanjaar oor die algemeen tussen 40 en 50 persent verbetering op omset beleef. Mense gaan nie meer met lang vakansies nie. Vakansies word nou in tuine gehou.
  Veeartse en hondesalonne meen die alleenregering van rottweilers is op 'n end. Mense kry nou huis- en tuinvriendelike honde - as daar sulke goed is - soos poedels en eksotiese diere soos Ierse Wolfhounds en Afghans is gewild. (Opleidingskole vir Alsatians vaar ook besonder goed!)
- Tydskrifte het die armman se boeke geword. Elke dag is daar meer as 3 000 titels op die mark. Pas het Jane Raphaely, ondanks die knellende ekonomie, 'n Suid-Afrikaanse tydskrif vir huisverfraaiing en ontspanning begin. *Huisgenoot* en sy Engelse weergawe, *You*, is verreweg die gewildste tydskrifte omdat dit die hele gesin teiken. Kookboeke en tuinmaakboeke verkoop die beste van alle boeke en voëlkyk het 'n groeiende stokperdjie geword. Publikasies daaroor vermeerder by die dag - ook boeke oor hoe om voëls na jou tuin te lok.
- Mense verf hul huise in fantasiekleure. Jy het mos al gesien hoe turkoois soos masels orals op dakke, tralies en hekke uitslaan? Dis mense wat na die see verlang. Ander meer waaghalsiges verf hul huise in maroen en donker groen, probeer Plantation Mansions namaak, of Griekse eilande met blou en wit.

Anglo American Properties het 'n ryk aar blootgelê toe hul luukse sekuriteitsdorpies begin bou het. Fourways Gardens is reeds uitverkoop en met 'n restaurant, 'n klubhuis en die bure se "chumminess" word jou tuin (deur jou buurman) natgehou as jy weg is - en jy doen weer dieselfde vir jou buurman. Die gholf-dorpe word vreeslik gewild. Silver Lakes ten ooste van Pretoria spog al met een van die heel beste gholfbane in die land, jonger mense trek graag daarheen vir die gholf, die veiligheid vir hul kinders en die landelikheid.

Maar dis die goedkoper huise in goedkoper buurte wat nou goed verkoop en gefortifiseer - en natuurlik verfraai - word. Klein tuin, klein huis en hoë mure is wat die ernstige cocooner soek.

- Musiekwinkels glimlag breed. Mense sal liewer deesdae 'n duur musieksentrum as 'n belegging koop as om oorsee te gaan. CD's bring konsertsale in jou eie voorkamer.
- Sekuriteitsfirmas doen baie goed - en hier is baie slaggate. Baie ouens wat 'n sweismasjien het, word oornag 'n sekuriteitsdeskundige en kort voor lank het jy vir jou 'n kat in die sak gekoop.
  Respektabele firmas sal so ongeveer R12 000 vra vir twintig meter smeeyster-traliewerk van 1,8 meter hoog, met elektroniese hekke. Maar deesdae moet mense ook rolle lemmetjiesdraad bo-op die tralies aanbring - teen R150 per meter. 'n Baksteenmuur kos R200 per meter en 'n kitsklaarmuur R48 per meter. Alarmstelsels vir huise en motors kan ook duurkoop word as dit goedkoop aangeskaf is. Vra liewer vir die SABS of vir Isabel Jones of die Verbruikersrade om raad.
- Doen-dit-selfprojekte is die cocooner se voorland! En deesdae kan jy kursusse in feitlik enigiets loop van houtwerk, origami, kunsnaaldwerk, verftegnieke en messelary om net 'n paar te noem. Die kranige tuiswerker vind op sy beurt die vlooimarkte is 'n goeie afsetgebied en so het baie klein huishoudings reeds goeie vervaardigingsplekke geword.

Cocooning beteken nie dat 'n mens afgesny moet wees van die res van die wereld nie.Faith Popcorn meen die ontspanningsbedryf kan mense se wildste fantasieë werklikheid maak. Soos: Kakieklere, kamaste ( en sekerlik hier te lande: 'n hoed met luiperdvel om!) rugsakke en 'n gewone ou grondpaadjie kan vir jou 'n groot avontuur bied. Jou bergfiets op 'n paadjie in 'n park kan 'n avontuur wees en in Suid-Afrika kan 'n naweek op 'n wildplaas elke boerehart se diepste verlange na die ongerepte natuur bevredig.

En om voëls te kyk het die arm man se drome oor donkerste Afrika geword. ■

## KULTUUR-COCOONING

COCOONING is niks nuuts in die townships nie, behalwe dat mense daar om ander redes saamkoek en anders as die wegkruipers, is die meeste township-cocooners sosiaal: hulle deel minstens met die bure in die straat óf 'n stokvel óf dan goeie buurskap.

Die gesin Mphalele in Gombastraat, Atteridgeville, tel nou al vier geslagte onder een dak. Die matriarg, 'n weduwee, se maatskaplike werker-dogter, haar twee kinders, 'n broerskind en dié se dogter en 'n seun se kleinseun woon saam in die huis wat soos 'n klein dorpie aangebou is. Wat eers 'n jaart was, is nou 'n soort binnehof waar seuns in buitekamers woon en 'n buitestort het. Die matriarg regeer vanuit 'n deftige slaapkamer, 'n bal en klou-blink eetkamer en 'n sitkamer met groot stoele en hekeldoekies op die koffietafel.

Die kombuis is ruim, netjies en ook 'n fabriek: hier bak een kleinkind koekies vir straatverkope. Saans moet die huis stil wees want van die gesinslede studeer nog vir allerlei soort eksamens.

Maar aan die eettafel word huiskonferensie gehou. Hoeveel mag Refilwe dié week kry van haar koekiesverkope, wanneer moet Marumo die motor garage toe neem? Niemand mag die koerant versnipper voor Kgomotso dit klaargelees het nie, gehoor? Sy't dit nodig vir haar studies.

In die Indiërgemeenskappe is cocooning natuurlik. Die Docrats in Cato Manor woon in 'n groot huis waar die ma met drie skoondogters een kombuis deel. Hulle kook almal saam die etes. Daar's sewe kleinkinders wat uit die huis skoolgaan. Almal eet saam, behalwe die vroue wanneer daar gaste is.



"Cocooning" heet die skildery van Aleta Michaletos. Veilig soos 'n papie, toegwoel in 'n vertroostende warmte.

# CREDO VAN 'N COCOONER

**Dis nie meer ek nie, dis ons.
Stilte is salwend.
Vars kos voed meer as net die liggaam.
Ek leer my hond beter ken.
Ek leer die voëls in my tuin ken.
Ek hoor my kind lag en ek het tyd om hom/haar op te tel.
Ek kan onttrek en weer dink, selfs 'n boek lees.
Ek kan 'n tent in my agterplaas opslaan en my verbeel ek is in die bos.
Ek kan klein dinge geniet: pasgesnyde gras, die reuk van brood wat bak in die oond, van politoer op ou hout, die familie se vrolike gestry oor TV-programme.
Dis lekker om te leef.**



Dr Elize Labuschagne... 'n eie wêreld

# GEE MY 'N HAWE

"THE world out there is such a mess. Create a relaxing haven for me."

Dié opdrag van 'n ingenieur aan die kultuurhistorikus en binnehuisontwerper, dr Elize Labuschagne, het haar laat besef Cocooning is 'n werklikheid.

Mense wil in aanraking met hul omgewing wees - en dié kan hulle nie met daardie "wrede" wêreld daarbuite met al sy politiek, misdaad en onreg nie. Nou skep hulle dit in hul eie onmiddellike omgewings. Hul huise.

Labuschagne het ook haar eie wêreld geskep toe sy besluit het om haar ateljee in haar eie huis te hou. Sy het die huis omgebou om plek te maak vir die huisgesin se individuele aktiwiteite.

Sy sê 'n swak ekonomie en die geweldsfaktor maak dat mense Mauritius na hul huise bring, hul kan ou koloniale vredigheid laat herleef, of 'n kleurryke Provencalse, Griekse of Spaanse styl - wat ook al. Die verftegnieke van was, sleep en doekvryf is alles tekens van hul verlange na rustigheid, mooiheid en ook die nostalgie na die gemaklikheid van see-plekke, die ou dae en mooi romantiese ver plekke.

Mense leef nou hul drome in 'n kleiner omgewing en dis baie avontuurlik en kreatief.

Hulle ontdek hulself opnuut met dié strewe om hul omgewing te verbeter - dit het 'n wye kringeffek, sê Labuschagne, wat 'n duidelike invloed het op die individu se wêreldbeskouing. Ons maak eenvoudig nou ons wêreld lekkerder - ons wag nie meer vir ander om dit te doen nie.

# STEMME BUITE DIE



**Om grappe te vertel vir 'n lewe bied 'n ontsnapping van die geharwar van die alledaagse bestaan - maar vir die stand-up komediant is humor 'n dodelik ernstige saak wat ook woede, pyn en waarheid betrek. BEVERLEY MITCHELL kyk na humor as kunsvorm en gesels met 'n paar stand-up komediante.**

ALMAL ken iemand wat altyd die nar in die klas wou wees, die poetsbakker, die sosiale hanswors. Nie baie maak dit na die verhoog of die straathoek nie, maar tog het komedie 'n bloeiende bedryf geword, hier sowel as oorsee. Veral in Suid-Afrika het ons al ons kwota gehad van sosiale gekke wat komediante probeer wees - byvoorbeeld die komiese TV-reekse van die tagtigerjare waarin ons die swak latrine-"humor" van onder andere Eddie Eckstein, Mel Miller en Cyril Green met hul nagemaakte Vaudeville-styl gevoer is.

Maar die ware kuns van komedie lê nie in die grappe nie - dis wat daaragter skuil. Dis die houding. Ware komediante is dapper en waagmoedige mense. Hulle durf die dinge raaksien en onthul waarvan hul gehore wegskram, bang is om uit te druk. En wat hulle sien, is 'n soort waarheid: oor mense, oor hul situasie, oor wat mense seer of bangmaak, oor dinge wat vir mense moeilik is - maar veral oor wat mense wil hê. 'n Grap verbreek die spanning, sê die onsêbare. Maar 'n ware grap, 'n komediant se grap, moet méér doen as om spanning te verlig, dit moet die wil en die begeerte bevry, dit moet die situasie verander.

ERIC MIYENI beoefen 'n kunstige styl van komedie - die soort komedie wat jou laat inkrimp van die pyn. "Standup-werk beteken vir my net een mens wat opstaan en sê wat dit van die lewe is wat hom kwel," sê hy. "Toe ek die eerste keer opgestaan het, het ek nooit tevore eens 'n stand-up komediant gesien nie. 'n Mens het nie modelle nodig nie."

Die drie opvoerings wat hom beroemd gemaak het as stand-up komediant was *Twisted and Vile*, *The Khazamula*, *The Nerd* en *Kicking Live at Kippies*. Al drie, sê hy, is besiel deur gevoelens van frustrasie, woede en pyn.

"Ek was woedend oor sekere dinge en het die behoefte gehad om daaroor te praat. Ek het destyds 'n heeltydse werk gehad en moes my eerste stuk saans ná werk opvoer. Ek het nie geweet waarheen ek dit sou voer nie. Skielik het mense my 'n stand-up komediant genoem. Al wat ek weet, is dat ek iets wou sê oor die 'Black Skin White Mask'-sindroom wat in die townships aan die gebeur was. Ek het 'n gretige gehoor gevind en besluit om hul bewustheid te verskerp. Maar op die ou end was dit net ek wat my eie demone probeer besweer het."



Ian Fraser..."dinge waarmee die gehoor niks te doen wil hê nie."



Eric Miyeni..."ek was woedend oor sekere dinge."

FOTO'S SALLY SHORKEND

IAN FRASER, moontlik ons voorste stand-up komediant, is die enigste een wat 'n heeltydse beroep daarvan maak.

Fraser beskou sy stand-up werk as terapeuties, reinigend en opvoedkundig. Hy het die komiese kunsvorm herdefinieer.

"Ek definieer stand-up werk as satire, soms maatskaplike kommentaar. In dié land wil mense nie hoor van dinge wat mense oorsee as normaal beskou nie. Dit is 'n hoogs onderdrukte land. Die onkundigste mense in die land is witmense, en hulle is die gehoor op wie ek my werk toespits."

"Ek het gekyk na 'n wêreld wat stapelgek geword het. Ek het die behoefte gehad om te probeer kommunikeer wat ek sien, wat ek meen verkeerd is daarmee. In die goeie ou dae toe PW nog op die troon was, het ek toe besluit om my eerste stuk te doen, *In Search of Stoffel Botha's Brain*. Maar in die NSA sal die kak steeds voortgaan, so ek sal nog oorgenoeg materiaal hê."

Fraser volg nie werklik enige stand-up tradisie na nie, maar hy is taamlik sterk beïnvloed deur daardie briljante Amerikaanse stand-up, Lenny Bruce. Bruce was sy tyd vooruit as maatskaplike kommentator, sê Fraser.

"Die stand-up is nooit bemind nie, want hy onthul altyd pyn. Hy laat mense kriewel in hul sitplekke. Hy dwing hulle in konfrontasie met dinge waarvan hulle liewers niks wil hoor nie. Die dinge wat die stand-up die behoefte het om uit te druk is merendeels die dinge waarmee die gehoor niks te doen wil hê nie. Maar dis hulle probleem."

DIE STAND-UPS word dus altyd gemotiveer deur 'n drang om dit wat hulle van 'n bepaalde situasie weet, uit te druk, of kortom, wat hulle van die lewe dink. Hulle probeer nie om die gehoor se harte te steel nie - hulle is dikwels onbeskof en uitdagend. Maar 'n goeie stand-up onderskat ook nooit die gehoor se "intelligensie" nie. Want wanneer 'n grap gegrond word op 'n verdraaiing - 'n "stereotipe", byvoorbeeld - en ontrou is aan die waarheid net om gelag uit te lok en gewildheid te behou, dan het die stand-up wegbeweeg van 'n komiese kuns na die wêreld van "vermaak" en oppervlakkige sukses. ■

# KOOR



Lionel Newton... "die tragiese en die komiese moet sáámgaan".

# 'n Ou stem uit Alberton

## Die mense lag vir Lionel Newton se Reggie in *Reggie's Roaring Road Show*, maar dis eintlik heel treurig, sê hy...

**Waarom het jy besluit om die gebied van stand-up comedians te betree? Jou vorige werk het 'n ernstige toonaard gehad - onder meer *Heiner Muller Macbeth* en *The Good Soldier Sjvek*.**

As mens kyk na die toekoms van die teater, soos ons almal doen, kyk jy na arm teater waar jy nie rekwisiete, weelderige kostuums en dies meer het nie, maar 'n teater waarin ons die vaardighede probeer terugbring na die akteur. Ek kyk nou al lank na die nar in sy verskillende gedaantes en ek het besluit dis tyd om dit te probeer. Toe ek met Reggie Visagie begin het, was ek eintlik meer op soek na funksionele teater. Ek wou alles om my bekyk. Ek wou nie doelbewus van hom 'n stand-up maak nie, hy het dit maar sommer geword.

**Waarom dink jy boei Reggie so baie mense?**

Mense wat inherent rassisties is, wat grootgemaak is om rassisties te wees, lag want hulle sien dit in hulself raak. As jy dertig of veertig jaar lank op 'n sekere manier grootgemaak is, is dit baie moeilik om skielik te besef dis verkeerd. Jy kan jou denke probeer verander, maar inherent is daar nog dele van jou wat so is. Dit het ingewortel geraak in jou.

**Waar kry jy jou idees vir Reggie?**

Deur te luister na ooms wat vleisbraai, mense in winkels, op partytjies, deur te luister na ou lefties wat genormaliseer geraak het.

**Waarom kom Reggie spesifiek van Alberton?**

Ek kom van Alberton. Ek's 'n Alberton boy. Ek het as kind in Alberton grootgeword, ek is laerskool toe in Alberton. En ek dink die soort sielkunde waarin Reggie vasgevang is, is nie eksklusief aan Alberton nie, dit kon enige plek in Suid-Afrika gewees het, maar vir my was dit 'n vertrekpunt omdat ek dié omgewing ken.

**Gaan jy Reggie Alberton toe vat?**

Beslis. Ons probeer 'n speelvak kry in Stars, waar Bles Bridges optree. As Bles Bridges in Alberton kan optree, kan ek ook.

**Het die karakter Reggie 'n boodskap?**

Reggie is 'n orraait ou. Hy het sy werk verloor, hy het sy gesin verloor omdat hy drink, hy's die soort ou wat vyf jaar gelede koning was. Die wit Suid-Afrikaanse man. Nou is hy drasties opsygeskuif deur affirmative action, sy eie gewete, sy vrees, wat ook al. Ek dink nie hy het enige visie nie, ek dink nie ek het 'n spesifieke boodskap nie, ek het 'n karakter probeer skep wat ek self sukkel om empatie mee te hê.

**Is daar enige gevaar dat mense jou, Lionel die akteur, kan verwar met die karakter Reggie?**

Dit hang daarvan af of mense die konvensie van teater begryp. Ek hoop die mense wat na Reggie kom kyk, begryp dit wel. En dis waarom ons die stand-up in 'n dramatiese raamwerk plaas, sodat mense dit in konteks kan sien, sodat hulle nie hul asems intrek en sê dis 'n rassistiese ou en hulle kan nie na dié soort teater kyk nie. Dis waarom ons dit gekontekstualiseer het, in fokus geplaas het.

**Gaan jy probeer om 'n "regte" mens van Reggie te maak, soos Pieter-Dirk Uys met Evita Bezuidenhout gedoen het?**

Ek het te veel ander werk wat ek nog moet doen. Ek het omtrent vier projekte vir volgende jaar, so ek kan nie eksklusief Reggie Visagie word as 'n karakter in Huisgenoot nie. As werkende akteur is daar ander dinge wat ek moet aanpak om na my eie ontwikkeling en werkbehoeftes om te sien, dinge wat my boei. As die geleentheid opduik, kan ek Reggie dalk by geselligehede speel, hom lewend hou.

**Wil jy kommentaar lewer op die hele begrip van die stand-up/persona as die tragiese nar - die Nijinski van vandag? Die maatskaplike kommentator...**

Dit was waarskynlik die invloedrykste aspek toe Lara Foot en ek gesoek het na materiaal vir Reggie. Ek dink veral die stil hansworse - en ek praat nie nou net van mimiekkunstenaars nie - daardie soort komiese verligting verbreek sosiale grense. Jy kan 'n Franse nar in Edinburgh wees en jy kan jou hart uitlag. Hy praat nie, hy boots dalk 'n hond na, of gly op 'n piesangskil, of doen 'n balanseertoertjie wat nie uitwerk nie. Die ware essensie van die nar. Ek word al hoe meer daardeur beïnvloed. En dit was deel van die skepping van Reggie. Die tragiese en die komiese gesig moet sáámgaan. En toe was daar 'n baie kreatiewe besluit om die eensame siel te vind wat 'n skeppende verbeelding het, wat daardie soort reis aanpak, wat in daardie verhale leef, maar wat op die ou end moet terugkeer na sy eie eensame werklikheid - dis eintlik heel treurig.

Die eerste ding wat ek die gehoor vertel, is dat ek geen Philemon-grappe gaan vertel nie. En die eerste ding wat ek visueel vir hulle aanbied, is hierdie tragiese mimiek met 'n bottel brandewyn. Dis pynlik, lelik en grotesk. Mense weet nie hoe om dit te beskou nie, of hulle moet lag nie. Daar's iewers pyn en hulle weet dit.

# DIE PRODUK AS HELD

**'n Produk kan miskien nie jou hart steel nie, maar 'n storie kan. Daarom beweeg TV-advertensies al verder na die kortfilm-genre, skryf ESMA ANDERSON**

DAAR is reklamemense wat sê advertensie-regisseurs kan beter films maak as rolprent-regisseurs. Kyk maar na van die TV-advertensies wat 'n storietjie vertel, sê hulle.

Die Volkswagen-advertensie met die oud-hippie en sy Beetle, waar 'n hele storie in 'n paar sekondes vertel word, is 'n voorbeeld:

'n Man staan in sy garage en leun op 'n motor. Sy lewe speel voor sy geestesoog af. Sy jeug. Die sixties. Bellbottoms. Lang hare. Wollerige side-whiskers. Hangsnorre. Psigedelika. Die hippie-nooi van sy drome. Sy Volkswagen-kewer vol flower-power blomme geverf. Hul troue. Die geboorte van hul eerste kind. Die lief en leed. Sy seun en 'n hele trop tieners maak die garagedeur oop. Vandag oorhandig hy die Kewer - wat deur dik en dun, soos die huweliksformulier sê, altyd daar was - aan sy seun. En terwyl junior van oor tot oor lag, sluit die temaliedjie af met "this is my life, and I'm passing on the memories".

Met dié verhaal roer die reklame-agentskap Ogilvy & Mather, Rightford Searle-Tripp & Makin menige nostalgiese hartsnaar - en laat jou terselfdertyd verstaan dat Volkswagens "people's cars" is.

Binne 90 sekondes het jy 'n lewensverhaal op jou TV-skerm gesien. Dié soort verhaaltjies word al meer gereeld gebruik deur adverteerders wat besef inligting oor 'n produk is nie meer genoeg nie - hulle moet ook vermaak.

Peter Badenhorst, kreatiewe regisseur van Ogilvy & Mather, sê advertensiemense besef al meer dat TV-advertensies nie net met mekaar moet kompeteer in die stryd om die kyker se aandag te trek nie, maar ook met die TV-programme self.

> **"Filmmakers is oor die algemeen te gewoond daaraan om 'n uur en 'n half of twee ure te hê om 'n storie te vertel. Ons moet dit in 'n paar sekondes doen."**



Gerrit Rautenbach, kreatiewe direkteur van die nuwe Kaapse reklame-agentskap The 3-D Agency, stem saam. "Daar is baie advertensies op TV en as jy daarna kyk in die lig van die kommunikasie-ontploffing en in gedagte hou dat mense heeltemal oorlaai word met informasie, móét TV-advertensies baie harder probeer om die kyker se aandag te trek."

Die groot geheim, sê Rautenbach, is die sogenaamde "likability"-faktor. As mense van jou advertensie hou, sê hy, breek dit hulle weerstand af. "Ons gebruik selde meer blote verkoopstaal in advertensies. Mense kyk TV om vermaak te word. Hulle redeneer nie as hulle voor die kassie sit nie. As jy hulle vermaak, is die helfte van die stryd gewen."

Die "likability"-faktor word deesdae byna altyd in gedagte gehou wanneer 'n advertensie gemaak word, sê die reklamemense. Mense kyk uit eie keuse na TV-programme, maar advertensies word aan hulle opgedwing. Boonop kyk die meeste mense 'n TV-program of rolprent net één keer - terwyl hulle verskeie kere na 'n bepaalde TV-advertensie moet kyk.


Daarom, sê hulle, moet die advertensies ook tegnies beter wees as die TV-programme self. Min advertensies word op video geskiet - die meeste word op 35 mm verfilm soos rolprente, omdat dit beter visuele gehalte lewer.

PRAAT OOR advertensie-as-kortfilm en Badenhorst is in sy element. "Jy weet, advertensie-regisseurs maak gewoonlik beter films as wat filmmakers advertensies kan maak. Fellini het 'n paar advertensies probeer maak en dit nooit regtig goed reggekry nie. Maar kyk na die films van Alan Parker (*Angel Heart, Birdy, The Commitments, The Wall, Mississippi Burning*), Ridley Scott en Nicholas Roeg en jy sien 'n ander storie.


"Hulle films is baie gekonsentreerd met min lui verfilming en is gewoonlik ook goed gestileer. Filmmakers is oor die algemeen te gewoond daaraan om 'n uur en 'n half of twee ure te hê om 'n storie te vertel. Ons moet dit in 'n paar sekondes doen, enigiets van 30 tot 90 sekondes."

Hoewel Rautenbach ook meen ons advertensies is van beter gehalte as ons rolprente of selfs TV-produksies, wys hy daarop dat adverteerders baie meer dinge het wat in hul guns tel: groter begrotings (minstens R250 000 vir 'n storie-advertensie), 'n hele dinkskrum van kundiges en kuns-regisseurs, stileerders, en so aan. "Dit sal nogal interessant wees om te sien wat advertensie-regisseurs kan doen sonder al dié voordele."

Maar, waarsku Badenhorst, sommige advertensies probeer te hard om 'n verhaal te vertel. Die produk gaan in die proses verlore. "Die Lion Lager advertensie met die law-boytjies wat in die regsbiblioteek sit, is 'n goeie voorbeeld. Dis 'n bietjie







**'n Man se lewe flits in net 90 sekondes oor jou TV-skerm in Volkswagen se "herinneringe"-advertensie terwyl die temaliedjie nostalgies klingel: "I remember, the days of our lives... This is my life, and I'm passing on the memories." Volkswagen maak motors vir die mense, "people's cars", sê hulle.**

te obskuur. 'n Mens verstaan nie mooi wat aangaan as hy in die rakke rondsoek en skielik op die onderstebo-boek afkom waarop LION gedruk is nie."

Greg Roberts, kunsregisseur van Lindsay Smithers, stem saam. "'n Mens moet altyd onthou: al is die storietjie hóé aangrypend of oulik, moet die produk die hero van die storie wees."

En Roberts en Rautenbach behoort te weet, want hulle het albei destyds gewerk aan die Sasol-advertensie met die seuntjie wie se speelgoedkarretjie skielik woema kry en deur 'n muur bars nadat hy in sy kammaland by Sasol volgemaak het.

Maar selfs al is die produk die held van die storie, bring dié storietjies gewoonlik vir die kyker iets na vore wat jy dadelik herken en waarmee jy jou kan vereenselwig. Die "menslike waarheid", noem die reklame-mense dit.

Selfs al bly jy miskien nie in 'n dorre, verlate dorpie soos die twee maplotters van die *Can of the Best* - advertensie nie, het die advertensie 'n menslike element wat universeel genoeg is om jou te betrek. Só ook die Castle-advertensies met die sokkerspeler wie se vriende vir hom geld insamel om Engeland toe te vlieg en die Toyota-advertensies van die man wat sy vrou leer gholf speel en van die krok-rugbyspeler wat teen die paal vashardloop.

Dit is juis die menslike element wat dié advertensies besonder treffend maak, sê Bruce Paynter, kreatiewe regisseur van Ogilvy & Mather in Kaapstad, skepper van die Volkswagen "herrinneringe"-advertensie.

"Dié advertensies verkoop nie net 'n produk nie," sê Paynter, "maar bou voortdurend aan die handelsmerk self omdat mense die produk begin assosieer met die menslike karaktertrekke wat 'n mens uitbeeld.

"Die 'herinneringe'-advertensie en al die David Kramer-advertensies bou 'n verhouding tussen mense en Volkswagen as handelsmerk. Almal se pel, waarlik people's cars."

Dat daar 'n herkenbare "menslike element" moet wees, beteken geensins 'n advertensie moet lewensgetrou of sonder fantasie wees nie. Al sal dit byvoorbeeld nooit gebeur dat 'n speelgoedkarretjie deur 'n muur breek soos in die Sasol-advertensie nie, beeld die seuntjie se reaksie menslike ongeloof so tipies uit dat jy saam glimlag. Jy herken daardie ongeloof en verbasing.

Die Sasol-advertensie se tweede aflewering, "The Return", bring 'n mens by nog 'n ooreenkoms met films - die neiging om opvolge of "sequels" te maak. Soos Rocky, Rocky II en Rocky soveel tot hy omval, het verskeie advertensies opvolge.

In die Sasol-advertensie gaan die seuntjie buitentoe en sien 'n hele vloot speelgoedkarretjies. Die opvolg-tegniek word ook gebruik in die *Can of the Best*-advertensies en al die David Kramer- en Tolla van der Merwe-reekse oor die avonture wat hulle met motorkarre beleef.

Badenhorst sê as 'n advertensie trefkrag gehad het, is dit amper 'n sonde om nie op dié sukses voort te borduur in verdere advertensies nie. Rautenbach verskil egter. "Dis waar die *Can of the Best*-advertensies begin platval het. Dit raak later 'n bietjie lank in die tand. 'n Mens moet eerder jou oorspronklike, unieke idee neem en 'n heel nuwe storie daarop bou as om net verder te weef op 'n ou tema. 'n Mens kan nie bekostig om kykers te verveel nie."

Kom die dag nader dat jy nie meer sal kan wag dat die sepie verby is im te sien wat gebeur in die jongste episode van jou advertensie nie? ■

# vrye weekblad

## Die enigste nuustydskrif in Suid-Afrika wat die naam werd is

## 'n Jaar se stimulerende leesstof én twee bottels Le Bonheur wyn - Blanc Fume '93 en Prima '89 - vir net R100



Le Bonheur Blanc Fume 1993 en Le Bonheur Prima

As jy vir 'n jaar lank op *Vrye Weekblad* inteken teen die reeds verminderde bedrag van R100, ontvang jy twee bottels heerlike Le Bonheur-wyn wat so pas op die mark uitgereik is. Dié twee wyne van Le Bonheur sal jou andersins sowat R15 per bottel in die drankwinkel kos.

Die eerste uitreiking van Le Bonheur Blanc Fume, ná 'n afwesigheid van drie jaar, en die uitreiking van Le Bonheur Prima, 'n nuwe rooiwyn, het die begin van 'n nuwe fase in die geskiedenis van die bekende landgoed ingelui.

**LE BONHEUR BLANC FUME 1993**
Weens verskeie faktore is geen Blanc Fume die laaste drie jaar op Le Bonheur gemaak nie. Die 1993-oesjaar bring die wyn met trots terug op die toneel. Dit was 'n uitstekende oesjaar en die wyn het aan al die verwagtinge van Die Bergkelder se keldermeester, dr Pierre Marais, voldoen. Dr Marais plaas dit in die "tropiese vrugtestyl van ongehoute Sauvignon Blanc". Die wyn is in September deur die Suid-Afrikaanse Lugdiens-beoordelaars geproe - en al vyf het saamgestem in hulle lofsange oor die gehalte en die heerlike, vrugtige karakter.

**LE BONHEUR PRIMA 1989**
'n Splinternuwe versnit rooiwyn gemaak van 75 persent Merlot en 25 persent Cabernet Sauvignon. Die helfte van die versnit is vir agtien maande in nuwe, klein houtvate verouder en die ander helfte in hout wat vir die tweede keer gebruik is. Hoewel nog jonk, is die wyn reeds ryk, vol en toeganklik.

Intekenare kry *Vrye Weekblad* vóór die naweek in hul posbusse, of, in die geval van Groter Johannesburg of Pretoria, by hul voordeure afgelewer. BTW en afleweringskoste is by die R100 ingesluit. Jy kan ook vir ses maande inteken teen R60, maar dan kry jy nie die wyne nie.

**Dié spesiale aanbod geld net vir 'n beperkte tyd en net die eerste 25 intekenare kry elk twee bottels Le Bonheur-wyn - stuur dus dadelik dié vorm aan VWB-intekenare, Posbus 177, Newtown 2113. Jy kan per tjek, posorder of kredietkaart betaal.**

Ja, ek wil graag op Vrye Weekblad inskryf en twee bottels Le Bonheur-wyn hê.

Naam: ..............................

Adres en poskode: ..............................

..............................

..............................

Telefoonnommer: ..............................

Kredietkaartnr: ..............................

Vervaldatum: Maand .................. Jaar ..........

Handtekening: ..............................

❑ tuisaflewering

❑ per pos

vrye weekblad

# DIE GROOT STILSWYE: MANS WAT VERKRAG WORD

**Soos vroue, loop elke man die gevaar om verkrag te word. Maar min mense glo dit**

DEUR LOUIS KIRSTEIN

WANNEER 'n vrou deur 'n man verkrag word, word die vinger reguit gewys na die patriargale kultuur, wat die vrou die weerlose slagoffer van die manlike aggressor maak. Maar dié macho kultuur boemerang op 'n vreemde manier op mans.

Wanneer 'n man verkrag word, is sy lot erger as dié van 'n vroulike slagoffer. Vir eers durf hy nie sommer sy lot bekla nie - sy macho vriende sal hom uitlag of dink hy's 'n "moffie". Die idee van 'n weerlose man word nie geduld nie. Meestal swyg die man dus maar oor wat gebeur het.

Skraap hy wel die moed bymekaar, weet hy nie met wie om te praat nie. Terwyl talle organisasies vroulike slagoffers van verkragting help, staan hul deure nie oop vir manlike slagoffers nie.

Maar is dit biologies moontlik vir 'n man om deur 'n vrou verkrag te word? Terwyl die reg onsimpatiek teenoor die slagoffer is, sê geneeshere so iets is wel moontlik. "Die man sal egter gestimuleer moet word voor hy 'verkrag' kan word," is 'n medikus se kommentaar.

"Die Suid-Afrikaanse regstelsel erken nie 'n misdaad soos manlike verkragting nie. 'n Vagina is nodig voor verkragting kan plaasvind," sê dr Irma Labuschagne, 'n kriminoloog van Pretoria.

Mans word tegnies gesodomiseer of onsedelik aangerand. Om gesodomiseer te word moet anale penetrasie plaasvind.

Elke man - net soos elke vrou - loop die gevaar om verkrag te word, waarsku Labuschagne. Hoewel die verkragting van gay mans as 'n vorm van gay-bashing dalk die meeste voorkom en ook die gewelddadigste is, diskrimineer verkragters nie noodwendig teenoor die geslag van hul slagoffers nie. Die verkragters van mans sluit mans en vroue in, heteroseksuele en homoseksuele.

'N VERKRAGTE MAN verkeer in dieselfde bootjie as 'n vrou wat geen merk het om te wys sy het terugbaklei nie - mense glo dikwels nie hulle is verkrag nie. Van 'n man word verwag om homself minstens te probeer verdedig.

As die slagoffer gay is, meen die gemeenskap hy het daarvoor "gesoek". 'n Straight slagoffer vrees weer hy sal as 'n gay of selfs 'n pervert beskou word.

Die stereotipiese beeld van geslagsrolle plaas geweldige druk op die verkragte man. Hy bevraagteken sy manlikheid omdat hy in die vroulike rol gedwing is.

Om al dié redes meld min mans dit aan as hulle verkrag is.

Om verkrag te word is 'n meer onverwagse skok vir mans as vir vroue, wat merendeels op dié gevaar bedag is en versigtiger is oor waarheen hulle gaan, wat hulle kan doen of wat hulle kan dra.

Manlike verkragting, sê Labuschagne, weerlê die mite dat mans se drange hul dwing om 'n vrou te verkrag. Verkragting is eerder 'n geweldmisdaad. "Afgesien van die behoefte om iemand te onderwerp, kan dit ook spreek van 'n woede wat uit rassehaat, godsdienstige of kulturele probleme ontstaan."

"Ons weet nie hoe dikwels mans verkrag word nie," sê Labuschagne. "Wat ons wel weet, is dat elke slagoffer so gou moontlik hulp moet kry. Dit is die een keer dat tyd nie die wonde heel nie."



## 'DIÉ AAND HET MY LEWE VERANDER'

AS jy 'n manlike slagoffer van verkragting is, help dit tóg om daaroor te praat - al is dit hoe moeilik, sê Johan. Hy is as 23-jarige diensplgtigeverkrag.

"Ek en 'n paar vriende was in 'n nagklub in Pretoria. Ek wou vroeg terugkeer na my basis en het buite gaan duimgooi. 'n Motor met twee mans en 'n vrou het gestop. Hulle sou my by die basis gaan aflaai."

Maar hulle het op 'n afgeleë plek stilgehou. Die twee mans het Johan op die grond vasgedruk. Toe verkrag eers die vrou en daarna een van die mans hom.

Johan is daarna reguit na 'n polisiekantoor - waar nóg 'n skok op hom gewag het. "Een polisieman het begin lag toe ek hulle vertel wat gebeur het. 'n Melkbaard-konstabel het my gesê 'n man kan nie verkrag word nie. Hy kan 'n klag van onsedelike aanranding of sodomie oopmaak. Ek het geloop sonder om 'n klag in te dien.

"Volgens wet is ek gesodomiseer en onsedelik aangerand," sê Johan. "Maar ek is ook verkrag. Ek het nie geweet wat ek moet doen nie. Vertel ek dit vir my weermagvriende, sou ek die bespotting van die kamp word. Ek was selfs te bang om my bevelvoerders te sê.

"Ek kon selfs my pa nie vertel nie, want in die huis waarin ek grootgeword het, is gemeen dis net 'moffies' wat daarvoor vra."

Die ergste, sê Johan, is dat hy nie kon huil oor wat gebeur het nie nie. "Ek wou net in 'n bad klim en dit van my afwas. Ek was kwaad, maar ook bang. Ek wou dokter toe gaan, maar ook nie.


"Ek kon nie meer besluite neem nie - nie eens eenvoudige besluite soos wat om aan te trek nie. Ek was bang om my civvie-klere aan te trek, want dalk stuur ek onwetend 'n 'sein' uit. Wanneer die ander ouens uitgegaan het, het ek in die kamp gebly. Elke nag het ek nagmerries gehad.

"Ek het 'n kliniek gebel, maar hulle het gesê hulle help net vroue.

"Ek het begin twyfel aan my manlikheid. Ek het nagte wakker gelê en gedink wat ek dalk kon gedoen het - ek kon geskree het, my aanvallers tussen die bene geskop het. Ná my diensplig het ek verskeie kere probeer selfmoord pleeg. Ek was depressief en het gereeld van werk verander.

Sowat 'n jaar ná die voorval het Johan sielkundige hulp gaan soek. Hy herstel nou, sê hy, maar sal dit nooit heeltemal kan verwerk nie.

"Ek sal altyd dink aan die aand toe my lewe vir my verander is."




# KLEIN BEGIN,





**VIRGINIA KEPPLER en fotograaf SALLY SHORKEND kuier 'n bietjie by die straatverkopers en die vlooimark-brigade, die mense wat hulle nie laat onderkry deur die resessie nie**

Lesego sê sy blomkool is die mooiste in Hillbrow.

ONDER die straatlegendes van Johannesburg leef die naam van Hamet Moyo vandag nog eintlik net in die ou koerantargiewe van die biblioteek.

Vandag se straatsmouse in Johannesburg is nie sterk op hul eie geskiedenis ingestel nie, maar hulle weet wel straatverkope is 'n baie ou manier van handeldryf in Egoli.

Hamet Moyo het in 1927 haar ware op straat begin verkoop. Tot op ouderdom 101 in 1986, toe sy in 'n straatmoles gedood is, het die ou dame haar sake gedoen. Johannesburg se strate word, soos ander stede, daagliks bedrywiger met al hoe meer smouse met alles van worsrolletjies tot skoene, veters, horlosies en haarpommades - selfs muti, wat 'n spesiale Afrika-kleur en geheimsinnigheid meebring, en natuurlik die toeriste soos vlieë trek!

In 1992 is 'n spesiale opleiding- en inligtingsentrum in die middestad gestig om smouse te help om doeltreffend handel te dryf sonder dat gesondheidstandaarde verlaag word. Inligting was gratis en mense is geleer hoe om produkte uit te stal en die dag tot dag verkope te hanteer. Meer smouse het lisensies gekry sodat hulle nie deur die "spietkoppe" gepla word nie.

MAAR OM 'N smous te wees is nie 'n maklike taak nie. Baie van dié mense moet elke dag stad toe en weer huis toe reis met hul ware. Van hulle maak nou hul tafels, stoele en blikke aan lamppale vas sodat hulle nie dáármee ook hoef te sukkel nie. En as mens 'n goeie verhouding het met die winkeleienaar voor wie se winkel jy sit, dan gee hy jou bêreplek - veral as jy van jou voorraad by hom koop. Sommige winkeleienaars vra 'n klein fooi vir bêreplek.

Laat verlede jaar het winkeleienaars begin kla dat die sypaadjiesmouse besig is om hul besighede dood te smoor. Hulle wou die mense weg hê.

Maar Mhlangabezi Ngebulani, sekretaris-generaal van die Foundation of African Informal Business Sector, het teruggekap en gesê smouse het in die verlede te lank onder "dubbele onderdrukking" gely: die plaaslike owerhede en die groot besighede. Lawrence Mnavundla van die African Council of Hawkers and Informal Business het gesê smouse is sakemense wat ook maar net ordentlik wil lewe.

Heelparty Chinese het die laaste jare ook op die sypaadjies begin smous - wat swart straatverkopers bedreig laat voel. Maar Rodney Man, voorsitter van die Chinese Vereniging, sê Chinese smouse verkoop nie dieselfde produkte as die swart straatverkopers nie. Dus is daar geen kompitisie nie.



R1,00 'n bordjie...

# AANHOU WIN...



Hoe helderder hoe aantreklikker. Jeannette Radomsky by haar klerestal.



Selfs die kleingoed wil nou eers voor die spieël staan en pas voor hul koop.



Al gehoor van 'n Squeeper? Christopher sal jou gou oortuig waarom jy een moet koop.

## Sakke uit Brasilië, beelde uit Zaïre

SEDERT die sewentigerjare verdien al hoe meer mense 'n inkomste op vlooimarkte. Soos Jeannette Radomsky, wat klere op die vlooimark by Fourways in Johannesburg verkoop, sê: "My man is drie jaar gelede dood en ek moes my gesin van vier alleen onderhou, maar danksy die vlooimark kon ek my kop bo water hou."

Sommige mense verkoop op vlooimarkte omdat hulle van die atmosfeer hou, en ander doen dit sommer uit pure lekkerte. Baie verkopers gesels graag oor hul eie handwerk: "Ek het dit self gemaak en die materiaal is oorspronklik van...".

Vlooimarkte steek nogal by mekaar aan as dit by dinge soos keramiek en tuisgemaakte klere kom. In al die groot stede kan jy deesdae dieselfde soort hoedjies koop, dieselfde T-hemde. Uitskot-keramiek het ook 'n manier om oral dieselfde te lyk.

Leerskoene, skaapvelpantoffels, gehekelde bloese en dekens, denimbroeke en jasse, kentekens van alle soorte en alle plekke, vlae, primitiewe meubels en sakke uit Brasilië staan die vlooimarkte vol. Ou plate, nuwe CD's, gaan krap maar rond. 'n Gier van verlede jaar is die invoer van beelde uit Afrika. Maskers, tromme en allerlei word nou oral aangebied. Hoe eg dit is, is 'n ander saak. Maar wie weerstaan die vriendelike Nigeriërs of statige Zaïreane se verkoopstegnieke? Is hulle regte Nigeriërs? Kan wees. Hoef ook nie te wees nie.


DIE GROENPUNTSE VLOOIMARK op Sondae is die grootste in die land. Maar oor naweke word alle dorpe deesdae omskep in vlooimarkte. In die PWV-gebied is daar nou dertig groot florerende markte. Hoewel lankal nie meer so goedkoop soos voorheen nie, is vlooimarkte nog goedkoper as stadswinkels. Joe-Ann het al vyf jaar haar eie klerestalletjie op die vlooimark by die Mark-teater in Johannesburg en sy sê: "Eers het mense impulsief gekoop, maar nou is hulle versigtiger oor wat hulle regtig nodig het en wat nie."

Aan die ander kant sê Johannes, 'n worsrolletjie-verkoper by Bruma Lake: "Ek maak baie geld want die mense eet heeldag."

In die groot stede het etniese musiekgroepe en Zoeloedansers uitstekende sideshows geword.

Maar daar is 'n vlieg in die vlooimark-salf. Veiligheid is 'n probleem en baie van die stalhouers weet nie aldag wat hulle getref het as hulle teen die einde van die dag na hul winste kyk nie.





Harrison Ford

# DIE DRANG NA ADRENALIEN

R CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN

## Noudat die Koue Oorlog agter die rug is, kom daar 'n verskuiwing in die stereotipes van aksieprente

OË wild storm-strompel Harrison Ford in volle vaart knarsend deur die bosse. Sy hande gryp krampagtig na takke, skeur dit sonder enige groen bewussyn uit sy pad - en met goeie rede ook: 'n trein stoom warm op sy hakke.

Dis daai oomblik in 'n aksiefilm wanneer die adrenalien opstu en oë op die skerm vasgeplak bly. Die held moet die oënskynlik onoorkombare oorwin. Slaag hy nie, betaal hy met sy lewe.


Dís die essensie van die goeie aksiefilm: adrenalien, duiselingwekkende, pompende adrenalien. Die aksieheld is adrenalien-aangedrewe; aanhangers van aksiefilms wil daardie lighoofdigheid voel - die pols moet versnel van pure opwinding.

Met die gevolg dat aksiefilms, hoewel pakkend, gewoonlik maar 'n dun storielyn het: eenvoudig, maar, as jy gelukkig is, boeiend. Daar is nie tyd vir karakterontwikkeling nie: karakteruitbeelding is meestal stereotipies; die hoofkarakter, as die "goeie ou", het, behalwe vir letsels opgedoen tydens gevegte, geen ander gebreke nie. Die "slegte ou" is koelbloedig, soms psigopaties en bereid om enigiemand uit sy pad te vee om sy ideaal (gewoonlik om baie geld onderduims te bekom) te verwesenlik. En jy sal nie sommer kreatiewe kameratruuks in die gemiddelde aksiefilm sien nie: die kamera poog slegs om die hiperaktiewe momentum vas te vang.

Arnold Schwarzenegger en Sylvester Stallone is sonder twyfel die aksiehelde van die oomblik. Met Rocky en Rambo het Stallone die aksiefilm gedefinieer: sy leuse is so eenvoudig soos die mense tot wie hy spreek: aanhouer wen.

Sy jongste, *Cliffhanger*, is geen uitsondering nie. Twee loketflops (*Oscar* en *Stop! Or My Mom Will Shoot*) het Stallone laat besef sy aanhangers verkies hom aan 't skop, skiet en donder. In *Cliffhanger* doen hy dus wat hy die beste doen: praat min en slaan baie. En, heel voorspelbaar, wen die aanhouer weer.

Schwarzenegger se smaak lê nie by volk en vaderland (die tema van talle aksieprente) nie: sy talente kom ten volle tot uiting in futuristiese aksieprente soos *Total Recall*, *Terminator* en *Ter-*



Sylvester Stallone

*minator Two.* Waar Stallone die kragaap met die sagte hartjie is, is Schwarzenegger die gespierde robot met die indrukwekkende arsenaal.

Schwarzenegger is duidelik bewus van sy beperkte aanleg vir toneelspel en hou dus sy gesig toepaslik emosieloos strak. Stallone, weer, probeer so nou en dan toneelspeel: in *Cliffhanger* laat sy karakter, Gabe Walker, 'n vrou letterlik deur sy vingers glip - ongelukkig bo-oor 'n afgrond. Om aan te dui dat hy deur erge skuldgevoelens geteister word, voer Walker een sin-gesprekke met 'n bekaf-uitdrukking op sy gesig. En of hy nou in sy minnares se oë staar of teen kranse opklouter, die uitdrukking bly daar.

Met *Cliffhanger* het Stallone Schwarzenegger ore aangesit: Schwarzenegger se *Last Action Hero* is 'n swak, onsamehangende aksieriller - en loketsyfers wys die aanhangers is nie beïndruk nie. Sy dobbelspel met *Twins* en *Kindergarten Cop* het ook nie betaal nie. Verwag maar 'n *Terminator III.*

REKLAME BEWEER *CLIFFHANGER* is dié aksiefilm van alle tye. Resensente noem dit "*Die Hard V at 13 000 feet*". Maar waar *Die Hard* (waarmee Bruce Willis sy flouerige loopbaan 'n testosteroon-inspuiting gegee het) die kyker regtig aan haar stoel laat vasklou het, is *Cliffhanger* hoegenaamd nie so oortuigend nie. Die bestanddele is daar: goeie ou, slegte ou, baie geld, groot gewere, lewensgevaarlike terrein. Maar die verloop van die verhaal is van die begin af duidelik.

Die toneelspel laat mens meer ril as Stallone se waaghalsige toertjies. Die kwinkslae waarmee gepoog word om die vermaaklikheidsfaktor op te stoot, word met so min oortuiging kwytgeraak dat dit in die bergbries wegdwarrel. John Lithgow speel die hoof-baddie: om te wys hy is 'n vark, praat hy met 'n nagemaakte Engelse aksent, blaas sy minnares sonder 'n soentjie weg en maak opmerkings soos "kill a few people and you're a murderer. Kill a million people and you're a conquerer". Die algemene onnoselheid van die karakters en martelende swak voordrag van lyne irriteer só dat jy vergeet om gespanne te raak.

*The Fugitive* wys wat wel in die genre vermag kan word: Indiana Jones het nie 'n kat se kans teen Dr Richard Kimble, ofte wel Harrison Ford, nie. Gegrond op 'n TV-reeks uit die sestigerjare, vertel *The Fugitive* die verhaal van Kimble wat verkeerdelik gevonnis word vir die moord op sy vrou. Geobsedeer met geregtigheid ontsnap hy om sy onskuld te bewys.

*The Fugitive* se gespanne atmosfeer word geskep deurdat daar meer as een jagter is: Kimble op die spoor van sy vrou se moordenaars en US Marshal Samuel Gerard (Tommy Lee Jones) op Kimble se spoor. Die twee protagoniste wil geregtigheid sien seëvier - al kos dit wat. Hulle is dieselfde soort mens - net aan verskillende kante van die gereg.

Die ontsnappingstoneel laat jou na jou asem snak: die bus waarmee Kimble na sy doodsel vervoer word, word deur die kriminele aan boord gekaap. Die busbestuurder word geskiet; die bus rol teen 'n heuwel af - voor 'n aankomende trein. En wanneer die trein ontspoor, moet Ford naarstig spore maak.

Die spanning laai gedurig op soos Kimble netnet een tree voor Gerard en sy span speurders bly. Die verhaal ontvou prikkelend en verras aan die einde.


Ford bewys jy hoef nie te praat om toneel te speel nie: sy gesigsuitdrukkings gee die kyker insae in sy woelende gedagtes. En Tommy Lee Jones is uitstekend as die gevatte, droë agent-met-'n-missie. *The Fugitive* val nie in die gewone aksieprentslaggate nie: stereotipes word vermy, dis nie voorspelbaar nie, die slegte ou bly tot aan die einde in die skadu's - en getrou aan die hoofkarakter se aard, is die geweld beperk.

DIE EENVOUDIGE struktuur van aksieprente is nie om dowe neute nie. Aksieprente laat die kyker ontsnap van alledaagshede. In die genre word die onmoontlike, die fantastiese vermag deur 'n onsterflike testosteroon-held. In ons heldlose era gryp die aksieheld gehore aan; sy eendimensionaliteit beteken mense kan hulle maklik met hom vereenselwig. Aangesien hy teen "bose" geweldenaars te staan kom, verteenwoordig hy die "goeie". Die patriargie en ideologieë soos kapitalisme en patriotisme staan dikwels agter die "goeie" in aksiefilms.

Aksiefilms is in limbo gelaat deur die einde van die Koue Oorlog: skielik was die vyand nie meer so herkenbaar soos tevore nie. *The Hunt for Red October* is een van die laaste aksieprente wat nog vasgeklou het aan die goeie ou dae toe die Russe almal kommunisties en dus "boos" was.

*Cliffhanger* en *The Fugitive* dui op 'n verskuiwing in die genre. *The Fugitive* handel oor die individu se stryd teen die stelsel. In *Cliffhanger* val die keuse vir 'n vyand op 'n inhalige kêrel van onsekere afkoms - want Stallone kon nie net weer sy Rambo-pakkie aantrek en kommuniste in die Viëtkong gaan opblaas nie. Genadig het hy nie op 'n *Rocky VI* besluit nie.

# Jane Bond?




Linda Hamilton

**DEUR CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN**

TWEE vroue in 'n buddies-on-the-road-movie? Kan nie werk nie, sou enige Hollywoodfilmmaker sonder omhaal verklaar het. Dis nou tot *Thelma & Louise* die status quo omgekrap het. In dieselfde tyd wikkel Linda Hamilton haar spiere in *Terminator Two* en Sigourney Weaver trek in *Aliens* 'n bazooka nader. Die breins in Hollywood-ateljees het oortyd begin werk: *Blue Steel* (met Jamie Lee Curtis), *VI Warshawski* (met Kathleen Turner) en *Point of No Return* (met Bridget Fonda) sien kort na mekaar die lig. Teleurstellend genoeg is dié films maar lou ontvang. Hollywood druk egter deur: *Mistress of the Seas* - met die 18de-eeuse seerower Anne Bonny as die hoofkarakter - is nou in produksie. Geena Davis sou die hoofrol speel, maar regisseur Paul Verhoeven (van *Basic Instinct*-faam) se seksueel-riskante aanpassings aan die draaiboek het haar die skip laat verlaat. Aktrises soos Jodie Foster, Michelle Pfeiffer en Laura Dern staan nou tou. Hollywood sou nie omgee om die sukses van *Thelma & Louise* te herhaal nie: aktrises kla nou al lank dat hulle, wat salarisse en substantiewe hoofrolle betref, aan die kortste end trek. Daar is nou selfs sprake dat James Bond 'n wederopstanding kan beleef - maar dié keer as Jane Bond.

# OP SOEK NA OPENBARE KUNS



**As Suid-Afrikaanse kunstenaars hul merk op internasionale tentoonstellings wil maak, moet hul kuns nie so 'privaat' wees nie...**

**Kendell Geers en Joachim Schönfeldt in Venesië (en op hul uitnodiging se omslag).**

**DEUR JOHANNES BRUWER**

MET hul deelname pas aan die Venesiese Biënnale, sê die kunstenaars Kendell Geers en Joachim Schönfeldt, het hulle besef hoe ver agter Suid-Afrikaanse kunstenaars is noudat hulle weer toegelaat is tot die wêreld. As ons mense hond haar-af wil maak op internasionale tentoonstellings soos dié, moet ons ons begrippe van kuns en tentoonstellings ingrypend hersien, sê hulle.

Albei is "uiters ontstel" deur die "burokratiese nagmerrie" waarin hulle net vier dae kans gekry het om werke voor te lê. Hulle sou graag werke spesiaal vir die biënnale wou maak, maar moes toe maar bestaande werke inskryf (Geers het sy werk *Riot* gestuur en Schönfeldt sy beeld *Saw 1993*). In Venesië, by "die beste werk uit die res van die wêreld", het hulle gesien die meeste werke is spesifiek vir die biënnale gemaak. "Venesië tree telkens as onderwerp na vore," sê Geers.

Maar hulle het 'n breër verskil ingesien in oorsese kunstenaars se benadering van so 'n internasionale tentoonstelling. Terwyl ons kunstenaars in afsondering gewoond geraak het aan die maak van "private kuns", soos Geers en Schönfeldt dit noem, spits oorsese deelnemers aan die biënnale hulle toe op "openbare kuns". Private kuns omskryf hulle breedweg as kuns vir 'n kommersiële mark, te koop as persoonlike besittings of huisversierings. Dié kuns bly gebonde aan konvensionele formate (klein en draagbaar, ens.)

"Maar op internasionale tentoonstellings gaan dit nie oor die kommersiële mark nie, maar die maak van kunsgeskiedenis," sê Geers. " 'n Paar honderd voorste kunstenaars ding met mekaar mee in 'n bepaalde ruimte op 'n bepaalde tydstip - en wie anderkant uitkom, is in die kunsgeskiedenis, in die kunsboeke. Mense besef dit en maak daarom kompromislose kuns, veeleisende kuns, kuns wat ons definisies van kuns bevraagteken."

OM OOK DIÉ soort kuns te kan maak en terselfdertyd te oorleef, sê Geers en Schönfeldt, het Suid-Afrikaanse kunstenaars 'n nuwe soort kunsbeskermer ("patron") nodig. Op hul huidige tentoonstelling, *The New Patron* (tot Sondag 17 Oktober in die Everard Read Contemporary, Johannesburg), wys hulle die soort werke wat hulle vir Venesië sóú gemaak het as hulle die tyd gehad het, en daag hulle 'n nuwe soort kunsbeskermer uit om plaaslik na vore te tree - mense wat "waagmoedig" genoeg is om nie net "veilige" kunswerke te steun nie (deur dit bv as private besitting te koop), maar ook "openbare kuns".

"Ons weet nog nie presies watter kwessies openbare kuns als behels nie," sê Schönfeldt. "Dié tentoonstelling is net 'n poging om te sien wat dit is. Een ding wat 'n mens moet besef van openbare kuns is dit is nie iets wat 'n mens vir jouself wil hê nie. Koop iemand dit wel, sal dit vir 'n openbare ruimte wees - 'n museum of die fasade van 'n gebou of so iets."

'n Kru vorm van openbare kuns, sê Geers, is buitemuurse beeldhouwerk - want dit word ook maar meestal dekoratief benut. Maar selfs daarvan is daar min in Suid-Afrika - "buiten die Edoardo Villas het Johannesburg omtrent geen buitemuurse beelde nie" - wat wys openbare kuns word nie ondersteun nie.

Openbare kuns toon 'n maatskaplike bewustheid, onderstreep albei kunstenaars. "Dis nie noodwendig polities korrek of maatskaplik verantwoordelik nie - ek persoonlik is geen liberale humanis nie," sê Geers, "maar dit reageer op maatskaplike kwessies en strominge."

"Openbare kuns moet wéét wat aangaan in die samelewing," sê Schönfeldt. "Ek dink ook private kuns 'lees' nie ruimte nie, behalwe dat dit bly voortbestaan op 'n muur of op 'n vloer, ens. Dis gebonde aan formaat en herhaling. Openbare kuns is ook gebonde deur dinge soos ruimte en herhaling, maar dis baie meer vloeibaar. 'n Mens 'lees' die ruimte daaromheen."

Die ruimte waar tentoongestel word, word byvoorbeeld in ag geneem, sê hy, soos met "site-specific" argitektuur. "Jy sal gaan kyk na die ruimte en jou werk daarby aanpas: o, ek kan nie hier 'n installasie van 50 meter maak nie, dit kan net 20 meter wees, en so aan."

Openbare tentoonstellings hoef ook nie so baie kunswerke - soos 'n winkel vol handelsware - te hê nie, sê die twee. In *The New Patron* het Schönfeldt 'n installasie bestaande uit 'n groot afdruk van die foto hiernaas en daarteenoor die werklike beeld met drie leeukoppe (die leeu is Venesië se simbool) en 'n lig wat daaroor skyn. "Vir my lê die werk se maatskaplike bewustheid nie in 'n bepaalde kunsproduk, 'n objek nie, maar in 'n aura wat daarom hang, wat verder strek as die objek en die maatskaplike konteks suggereer."

Geers wys vier werke. Een is 'n kolom boeke uit sy versameling wat die kunssaal se plafon "steun" (boeke van skrywers soos De Sade, Bataille en Masoch, wat hom "sielkundig" beïnvloed het, en oor kunstenaars soos Duchamp wat hom esteties beïnvloed het). Teenoor dié "ondersteuning" van die kunssaal "bedreig" 'n ander werk die kunssaal - 'n groep van sewe koeëls deur kussings in 'n muur gevuur ("stedelike paranoïa boei my, en in Venesië het ek agtergekom dis 'n wêreldwye tema").

Dan is daar 'n elektroniese reklamebord wat 'n alfabetiese lys skelwoorde vir elke denkbare groep mense vertoon ("...hairy-back, half-pint, hick, hippy, hog, homo..." ens) en die kyker dwing tot 'n etiese en persoonlike reaksie; en 'n lessenaar met Geers se aktetas daarop. (Dit bevat gewoonlik tekste wat hom besiel, maar dit het nou gewigte in en is geheimsinnig gesluit, om te herinner aan 'n bedreiging soos 'n bom.)

Om die nie-kommersiële aard van die tentoonstelling te onderstreep het hulle nie 3 000 uitnodigings uitgestuur nie, maar net 300 - "daar's hoogstens 300 werklik kunsbeskermers in Johannesburg, studente, versamelaars, kritici inkluis," sê Geers - en besluit om dit net 'n week te laat duur. "Dis genoeg tyd vir mense om dit te kom sien en morele ondersteuning te gee."

As mense iets wil koop, is dit natuurlik ook 'n "baie konkrete" vorm van morele steun, sê Schönfeldt.

**'n Detail van Joachim Schönfeldt se installasie.**



# RESENSIES



Barseg Tumanyan as Fillipo II in *Don Carlo*

## Opera

# 'N LAFENIS

**DEUR HENNING VILJOEN**

NÁ Truk se reeks opera katastrofes vanjaar was die opwindende aanbieding van Verdi se *Don Carlo* soos welkome somerreën ná 'n groot droogte. Met die indrukwekkende stylgetroue dekor van Anthony Farmer en eweneens asemrowende, maar minder stylgetroue kostuums van Lindy Grindlay (van wanneer af dra die Spaanse hofhouding 'n ander kleur as swart?) was dit "grande" opera in volle glorie. Ek sidder egter om te dink wat dit gekos het!

Neels Hansen se tradisionele regie is in die orkesbak aangevul deur Janos Acs se musikaal verantwoorde, dog ietwat blas interpretasie van die musiek.

Vir 'n verandering was die ingevoerde sangers die moeite en geld werd. Veral opvallend was Barseg Tumanyan as 'n ontroerende Fillipo II en Roberto Serville as 'n imposante en meesleurende Rodrigo. As Don Carlo was Alberto Cupido welluidend en treffend, maar soms te onsubtiel.

Hoewel Stefka Evstatieva (Elisabetta) en Nina Terentieva (Eboli) groot byval by die gehoor gevind het, is hulle Oosblok-geskoolde stemme in die hoë register vir my te wild en sprei dit te maklik in alle windrigtings.

In dié uitgelese geselskap het Rouel Beukes as die Grande Inquisitore getoon dat hy ten volle sy man kan staan en dit was ook goed dat Truk vir die jong plaaslike Evgenij Demerdjiev 'n kans gegee het om in een aanbieding as Rodrigo sy staal as sanger te toon. ■

## Klassieke musiek

# TRILLENDE TJELLO

David Geringas (tjello)
met die Kaapse Simfonie-orkes (dirigent: Sidney Harth) in die Kaapstadse stadsaal en met Tatjana Schatz (klavier) in die Endlersaal, Stellenbosch

**DEUR PHIL DU PLESSIS**

GERINGAS, 'n leerling van wyle Mstislav Rostropovitch, speel op 'n onvergelyklike tjello, in 1761 gemaak deur Giovanni Batista Guadagnini. Hy gee 'n mens 'n goeie idee van die effek wat die vioolvirtuoos Paganini op sy gehore moet gehad het. Die musiek klink na goëlary, veral in sy interpretasie van die hedendaagse Letlandse komponis Peteris Vasks se *Ein Buch für Violoncello*.

Hy het ook 'n interpretasie van Tsjaikowski se *Variasie op 'n Rokoko-tema* gespeel, wat jou herinner het aan die Italiaanse argitekturele invloed in St Petersburg, liewer as Schönbrunn by Wenen; veel nader aan Katerina die Grote as Maria Theresa, warmer en meer eroties; trillers meer soos fladdering van die tong as voëltjies in die tuin.

Vasks se werk, wat in Stellenbosch volledig gehoor is, het die gehoor met albei geleenthede aan hul stoele gespyker en daarna vir staande applous laat opspring. Die eerste deel, 'n rou aanklag, mishandel sowel die gehoor se ore as die instrument. Die tweede is 'n hartverskeurende treursang met dreunbegeleiding op laer snare van die instrument, wat af en toe met die strykstok geraak word. Dan kom daar falsettosang van Geringas wat soos buiksing klink, reg uit die maag van sy tjello!

Die instrument is vir dié musikus tweede natuur en tegniese probleme bestaan nie. In die Endlersaal het hy 'n drietal sonates uit die vroeë romantiese tydperk gespeel wat elkeen besondere eise stel. 'n Sonate van Joseph Woelffl het 'n swaargeskrewe klavierdeel: honderde klaviernote waarbo die tjello moet sweef. Die Arpeggione-sonate van Schubert moet op rapsodiese manier eerstens emosioneel sin maak. Die sonate in A-majeur, Werk 69 van Beethoven het Geringas die kans gegee om die sigeuner terug te sit in die klassieke sjabloon.

David Geringas herskep die problematiek van elke werk, met herlewing van die emosionele inslag van elke noot. Geringas is die beste tjellis wat ek die laaste twee dekades in dié land gehoor het. ■

# GENOTVOLLE VIRTUOSITEIT

STELLENBOSCH-FEES
Gérard Korsten (viool) en Albie van Schalkwyk (klavier)
Die Schwietering-kwartet met Gina Beukes
Jürgen Schwietering (viool en altviool), Gina Beukes (viool en altviool), Michael Wiles (viool), Renette Amon (altviool) en Brian Choveaux (tjellol) in die Endlersaal

**DEUR PHIL DU PLESSIS**

SOOS feeste dit wil hê, was vanjaar 'n geleentheid vir musiek wat nie dikwels gehoor word nie: Rossini se sonate vir strykers met feesensemble, 'n program van Bachkorale met orrel, David Geringas, die Langa-koor met marimbas en ten slotte 'n feesaand met die grootmeester van koorsang, Swede se Eric Erison. Behalwe nou vir Geringas is my musiekaptyt geprikkel deur twee aande met ons voorste kamermusiekspelers.

Die soetkoek was Korsten en Van Schalkwyk se uitstekende interpretasie van Maurice Ravel se sonate vir viool en klavier, 'n werk wat min violiste hier uitvoer. Aan die begin klink dit asof Ravel nie weet wat om met dié twee desperate instrumente aan te vang nie en die eerste deel is 'n taamlik abstrakte tweespraak, waarin die deelnemers mekaar uiteindelik tog vind.

Jazz het in die stadige deel van die merkbaarste invloed op Ravel gehad met 'n moderato wat as 'n

blues aangedui word. Hier is die viool eers ramkietjie, dan 'n stem wat in dik aangemaakte sous rondgly. Die klavier doen met al hoe meer geesdrif mee en die laaste deel verg virtuositeit van die mees genotvolle soort van albei instrumente sowel as die gehoor.

Die tegniese vaardigheid wat Beethoven se *Kreutzersonate* vereis, maak dit 'n werk waar altwee spelers moet klippe kou, maar musikaal bly die werk vir my op 'n banale, konserterende vlak. Korsten en Van Schalkwyk het sublieme oomblikke in die sentrale stel variasies gelewer, voor die werk in die finale weer gevra het om asemrowende tricks.

Strykkwintette hoor mens so selde dat elke professionele uitvoering in goue letters op die kalender staan. Soos Schubert se strykkwintet in C (wat 'n tweede tjello in plaas van tweede altviool benodig) is Mozart se kwintet in G-mineur een van die komponis se mees tragiese werke, óók kort voor sy dood geskryf. Die uitvoering was intiem, maar emosioneel intens en die troosteloosheid van die deuntjie is roerend bygebring. In die stadige deel kon dempers op die instrumente die volume versag, maar nie die wanhoop nie. Dié ensemble beïndruk met individuele kwaliteite, maar moet duidelik meer saamspeel vir die fyn gepoleerdheid wat Mozart se frasering verg.

Brahms se Werk III is veel gelukkiger musiek as die Mozart, maar so dig en moeilik dat dit werklik gedugte strykers verg, wat ons gelukkig gehad het. Ek het die werk nog nooit in 'n konsertsaal hier gehoor nie.

Die middeldele was rustige uitstappies, maar die eerste en laaste dele uitbundighede wat uiterse konsentrasie geverg het. Die Brahms-kwintet was so 'n uitdaging dat die spannetjie op die verhoog uitstekend saamgetrek het. Musikaal was die resultaat fynproewerskwaliteit. ■

## teater


# VAN DIE MAKABERE TOT DIE SKREEUSNAAKSE

**DEUR BEVERLEY MITCHELL**

ASHRAF JAMAL se jongste toneelstuk, *Close to Home*, nou in die New Black Sun te sien, is 'n smullekker fees vir die onderbewussyn. "Middernag is waar die dag begin..." lui die waarskuwende inleiding tot die program. Die stuk het 'n droomkwaliteit en die gehoor aanskou die gebeure amper soos voyeurs.

Twee inbrekers, Tjaart (Chris Biko) en Tertius (Eric Miyeni) sit in die verlate huis van 'n ryk wit vrou, Grace (Nan Hamilton). Tertius se gewete pla hom en hy wag op 'n openbaring wat hom redding sal bied. Die kommunikasie tussen Tertius en Tjaart, terwyl hulle op die openbaring wag, is gevul met makabere swart humor. Opvallend beskou die teks die gehoor asof hulle nie eintlik bestaan nie. Soos Tjaart reg in die begin sê: "There's no one here." En regdeur die stuk loop die spelers in en uit die gehoor asof daar niks is nie. Die verhoog is bar en kaal, behalwe vir 'n eensame stoel. Geen dekor of rekwisiete word gebruik nie, die gehoor moet hul verbeelding gebruik.

En daarin lê die sukses van *Close to Home* - dit dwing jou om na te dink oor wat op die verhoog aangaan en die gebeure volg jou heelpad huis toe. Visueel is die stuk ook boeiend, veral wanneer Grace (die redding in lewende lywe) haar verskyning maak.



**'n Hunkering na die ou Suid-Afrika**
**Lionel Newton as Reggie Visagie**

LARA FOOT IS een van die jong regisseurs om dop te hou. Alles wat sy deesdae aanpak, weerklink met sukses. Haar jongste treffer, *Reggie's Roaring Road Show*, wat sy saam met die talentvolle Lionel Newton geskep het, is getuienis daarvan. Dis politieke komedie op sy beste. Newton speel die skreeusnaakse Reggie Visagie, 'n has-been stand-up komediant van die Oos-Rand - Alberton, om meer presies te wees.

Van die eerste minuut dat Newton as Reggie op die verhoog verskyn, kan 'n mens se lagspiere dit nie hou nie. Newton is 'n meester van gesigsuitdrukkings. Dis amper ongelooflik hoe hy sy gelaat totaal kan verander in net 'n paar sekondes. Maar al lag die gehoor vir Reggie se akaltjies, kry hy dit ook reg om hul meegevoel uit te lok, al is hy 'n rassis. Want Reggie is iemand wat ons almal ken - 'n wit "koning" uit die ou Suid-Afrika wat niks verstaan van wat aangaan in die Nuwe Suid-Afrika nie. Of liewers, hy wil en kán nie verstaan nie.

*Van 17 tot 20 Oktober is Reggie in Oos-Londen te sien, 25 tot 30 Oktober in Port Elizabeth en op 5 en 6 November in die Hilton College in Pietermaritzburg.*

*(Sien onderhoud op bladsy 27)* ■

## jazz

# DIE HELE REËNBOOG VAN JAZZ

Guinness Jazzfees, Markteater

**DEUR JOHN RAUTENBACH**

SO, internasionale jazzmusiek keer uiteindelik terug na die wortels - Afrika, of meer spesifiek, Suidelike Afrika, van waar die beste Afrika-jazz nou kom.

Daar is 'n gaping tussen die wêreld se beste en sekere van ons plaaslike jazz-musikante, maar die gaping is nie baie groot nie. Die een groot gemene deler is die toewyding van plaaslike musikante tot jazz. Ons het die vele fasette van 'n volledige spektrum jazz gehoor: van wêreldbekende name soos Jackie McLean, Flora Purim, Airto Moreira, Herb Ellis tot ons plaaslike helde soos Winston Mankunku, Robbie Jansen, John Fourie en Rashid Lanie, om maar 'n paar te noem.

Victor Ntoni en die Guinness Big Band het die fees met 'n grootse vertoning geopen. Hoewel die ensemble-werk soms nie so skoon was nie, het die groep ge-swing met tromspeler Lulu Gontsana en basspeler Victor Masondo.

Herb Ellis is sekerlik een van jazz se mees konstante en kragtige hoofstroom/bebop-kitaarspelers, maar dis jammer dat hy nie sy eie ritmeafdeling saamgebring het nie. Hy is egter goed ondersteun deur die plaaslike Garry Spencer (klavier), Victor Ntoni (bas) en Lulu Gontsana (tromme). Mens kan jou net verwonder aan die volslae oortuiging waarmee die voorste Amerikaanse beroepsmusikante hul frasering aandurf. Later het die Suid-Afrikaners John Fourie en Allen Kwela saam met Herb Ellis gewys hoe goed ons kitaarspelers vergelyk met oorsese kunstenaars.

Die ritme van Latyns-Amerika kommunikeer goed met Suid-Afrikaners - en die kitaar- en saxofoonspeler Airto Moreira het die gehoor betower met blitssnelle ritmiese en melodieuse wisselwerking.

Dit lyk of avant-garde jazz nou in 'n kombinasie van jazz en bebop nestel - en dis wat die Jasper Van't Hof-kwartet speel. Van't Hof se klavierspel is kragtig, soms amper wild, maar altyd melodieus en musikaal.

Plaaslike groepe wat beïndruk het, was die Winston Mankunku-kwintet, Robbie Jansen en Darius Brubeck se Gathering Forces. Dit was verfrissend om weer Mankunku se soliede tenoorsaxofoon te hoor. Veral die flugelhornspel van die jong Feyu Faku was uitstekend.

Jansen se knap saxofoonspel het 'n tradisionele sowel as 'n avant-garde klank. Brubeck het 'n interessante kombinasie klanke geskep deur saam met Deepak Ram met sy banjuri (Indiese fluit) te speel. Matthew Brubeck speel ook tjello en Chris Merz speel sax in die ongewone groep. ■



Alfre Woodard

# LAAT 'N VISSIE DEUR JOU VERLANGENS SWEM

## In sy jongste film pak John Sayles weer interpersoonlike verhoudings aan

DEUR CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN

JOHN SAYLES is 'n seldsame soort Amerikaanse regisseur: 'n gebrek aan fondse stuit hom nie as dit kom by filmmaak nie. Hy verwater ook nie sy idees om aan te pas by die huidige vereistes vir kommersiële sukses nie.

En sy onverskrokkenheid word beloon. In 1980 het Sayles as regisseur gedebuteer met *Return of the Secaucus Seven* - ook deur hom geskryf en geredigeer. Hy het die film met 'n skrale $60 000 gemaak - 'n geringe bedrag in Hollywood waar begrotings deesdae by die $60 miljoen en meer bedra. Die film het onverwagse sukses behaal: Sayles het die prys vir die Beste Draaiboek van die Los Angeles Film Critics gewen en *Secaucus Seven* is wêreldwyd by filmfeeste vertoon.

*Secaucus Seven* het Sayles as 'n voorste regisseur in die onafhanklike Amerikaanse filmbeweging gevestig. Die film vertel die verhaal van 'n groep vriende uit die hippie-sestigerjare wat tien jaar later 'n reünie hou. Dis 'n warm, intelligente komedie waarin Sayles met fyn aanvoeling mense en hul emosionele belewenisse uitbeeld. Mense bly deurgaans die fokus in Sayles se daaropvolgende films.

Met sy jongste prent, *Passion Fish*, sit Sayles die tradisie voort. Vervaardiger Maggie Renzi, wat ook die produksie van *Secaucus Seven* behartig het, vertel: "Almal het gewonder wanneer maak John 'n opvolg vir sy *Secaucus Seven*, en in 'n sekere mate is *Passion Fish* dit."

*PASSION FISH* IS 'n intense en sensitiewe kyk na die ontwikkelende verhouding tussen twee vroue uit verskillende agtergronde. Sayles steur hom nie aan die Hollywood-oortuiging dat vroue nie films laat verkoop nie en terselfdertyd waag hy dit sommer om twee taamlik ónbekende aktrises in die hoofrolle te plaas.

Mary McDonnell is May-Alice, 'n sepiekoningin wat een dag - heel ironies op pad na 'n beenhaarverwydering - die gebruik van haar bene in 'n taxi-botsing verloor. Sy keer terug na Louisiana, haar geboorteplek wat sy as 'n rebelse tiener verlaat het.

As die selfgedoopte "bitch on wheels" jaag sy 'n verskeidenheid vreemde verpleegsters met lagwekkende gevolge die skrik op die lyf - tot Chantelle (Alfre Woodard) haar opwagting maak. Hoewel Chantelle se agtergrond verskil van May-Alice s'n, ontwikkel daar geleidelik 'n vriendskap tussen die twee. En in die hete moeraslande van Louisiana met sy kleurryke mengelmoes van kulture ontdek die twee vroue ook hulself.

Die moerasland-mitologie van Louisiana staan sentraal in die film: 'n verliefde moerastoergids (David Strathairn) druk glibberige vissies in May-Alice en Chantelle se hande en vertel jy moet dit hard druk en 'n wens maak wat dan waar sal word. Aangesien dit 'n "passion fish" is, het die wens gewoonlik 'n amoreuse strekking. Maar May-Alice wens ook vir meer: sy het 'n punt in haar lewe bereik waar sy wonder: hoe het ek hier gekom? En wat wil ek nou uit die lewe hê? Mary McDonnell brei hierop uit: "Soms voel jy, veral as jy jou middeljare bereik, dat daar 'n groot gat binne in jou is waarna jy moet begin kyk. Die ongeluk bring dié besef by May-Alice tuis, maar enigiets kan."

SAYLES SE SPAN akteurs mag miskien nie die roem van 'n De Niro of 'n Streep hê nie, maar veral McDonnell en Woodard het al met heelparty pryse weggestap. McDonnell is bekend vir haar spel op Broadway - spesifiek vir die hoofrol in Wendy Wasserstein se *The Heidi Chronicles*. Sy is ook as Stands With A Fist in Kevin Costner se *Dances With Wolves* gesien. Vir daardie rol het sy die 1991 Movie Award ontvang en is sy benoem vir 'n Oscar en 'n Golden Globe vir beste ondersteunde aktrise. Sy het saam met Strathairn in *Sneakers* gespeel en was in Sayles se *Mateuan* te sien. Sy en Alfre Woodard het albei in Lawrence Kasdan se *Grand Canyon* opgetree.

Woodard het bekendheid in TV-rolle verwerf: sy het twee Emmy's ontvang vir rolle in *LA Law* en *Hill Street Blues*. Haar volgende film, *Bopha!* geregisseer deur Morgan Freeman, handel oor 'n Suid-Afrikaanse polisieman.

Kykers van *The Days and Nights of Molly Dodd* sal David Strathairn onthou as Molly se verstrooide minnaar Moss. Strathairn kom al 'n lang pad met Sayles: hy het in Sayles se *Secaucus Seven*, *The Brother From Another Planet*, *Mateuan*, *Eight Men Out* en *City of Hope* gespeel.

MET *PASSION FISH* slaag Sayles daarin om die persoonlike belewenisse van mense met 'n uitsonderlike opregtheid vas te vang. Soos Mary McDonnell sê: "Dit maak nie saak wat die storie is nie; John is in meer as die woorde en aksies geïnteresseerd - hy kyk veral na die menslikheid daaragter." ■

David Strathairn en Mary McDonnell



# filmresensies

DEUR CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN



Helena Bergström en Rikard Wolff in House of Angels

## Skandalige stedelinge, preutse plattelanders

### HOUSE OF ANGELS

DIé Sweedse film het 'n taamlik deurgedrafte tema: die agterlikheid en vooroordeel van 'n geslote plattelandse gemeenskap. Dit vergeet gemaklik dat stedelinge net so terug op die brug kan wees. In elk geval: *House of Angels* skop belowend af wanneer die onbeminde Erik Zander (Per Oscarsson) deur 'n heerlik vreemde samekoms van gebeure nie net die lewe nie, maar ook sy landgoed laat aan sy rabbedoe-kleindogter, Fanny (Helena Bergström).

Fanny is 'n "wêreldwyse" rondtoerende aktrise wat nooit veel erg aan oupa of sy grond gehad het nie - tot dit in haar skoot geval het, natuurlik. Onder die glurende oë van die vroue woon sy die begrafnis by geklee in suspenders en 'n mini: hulle besluit net daar dat sy 'n gevaar vir hul reeds wankelrige morele waardes inhou. Om die plattelanders iets te "wys", hou Fanny onmiddellik losbandige geleenthede wat nudisme en oordadige partye behels. Die hoogs ontstoke plattelanders maak planne om Fanny en haar gay vriend Zac (Rikard Wolff) terug te stuur van waar hulle kom.

Deur twee deernisweklkende karakters, Fleming (Reine Brynolfsson) en Gottfried (Ernst Gunther), in te gooi, is regisseur Colin Nutley slim genoeg om sy plattelandse karakters wel 'n meer menslike gesig te gee. En die ander plattelanders kom darem aan die einde tot ander insigte. Maar die saambindende faktor is net té toevallig en doen afbreuk aan die geloofwaardigheid. Die boodskap is sieklik prekerig: mense is mense, wil dit blyk.

## Liefde in die Aids-era

### SLEEPLESS IN SEATTLE

NORA EPHRON het met *Sleepless in Seattle* gepoog om 'n *When Harry Met Sally* vir die negentigerjare te maak. Haar toekomsvisie vir 90s-romanse is egter nogal heel pessimisties.



Ross Malinger en Tom Hanks in Sleepless in Seattle

Meg Ryan is Annie Reed, 'n jong vrou met sterre in haar oë. Annie staan op trou met Walter (Bill Pullman - wat ook in *Sommersby* die soort man was wat vroue nié wil hê nié), maar dit keer haar nie om halsoorkop op Sam (Tom Hanks) verlief te raak nie. Al haakplek is dat sy Sam nog nooit gesien het nie, maar net gehoor het - oor die radio.

Sam se matchmaker-seun, Jonah (Ross Malinger), het paps nadergetrek vir 'n radiopraatjie oor eensame mans - en so 'n hele nasie se vroueharte aan die klop gesit vir 'n man met 'n voorliefde vir pap sweetpakbroeke. En vir die volgende anderhalf uur kyk mens hoe Annie Sam te siene wil kry.

*Sleepless in Seattle* is veronderstel om hoogs romanties te wees - Ephron se aanslag is egter geforseerd en onoortuigend. Sy probeer jou op 'n flou

*Orrelmusiek* IS STEUREND



*r a d i o s o n*

LINDSAY SMITHERS-FCB 5898/1/A





Victoria Abril en Antonio Banderas in Atame!

manier oortuig die twee mense is vir mekaar "bedoel": Annie is miskien met die simpel Walter deurmekaar en Sam luister wel met 'n aangeplakte glimlag na die histeriese gegiggel van 'n moontlike toekomstige vroulief, maar diep binne hulle hunker albei na "ewige liefde". Dit verklaar Annie se liefde-in-'n-oogwink asook waarom Sam in die middel van die pad verstar om na 'n vreemde vrou (Annie) te staar. Regtig.

Waar haar *When Harry Met Sally* humoristies gewoeker het met verhoudings, probeer Ephron net té hard om romanties te wees met *Sleepless* - die gevolg is 'n steriele fliek wat sonder twyfel die mees on-fisieke "romantiese" film ooit is. En kon sy nie maar die-seuntjie-wat-paps-en-sy-droom-mamma-bymekaar-uitbring-lyn gelos het nie?

## Almodóvaria!

**ATAME!**
**(TIE ME UP! TIE ME DOWN!)**


Pedro Almodóvar is nie verniet 'n omstrede regisseur nie: behalwe vir sy voorliefde vir riskante onderwerpe, speel hy lekker met die polities korrekte kyker se verwagtinge en idees van wat goeie smaak is of nie.

Sy hoofkarakters in *Atame!* het Almodóvar aan die onderent van die sosiale leer gaan uitgrawe: Marina, 'n porno-ster (Victoria Abril) en Ricky, 'n pas vrygelate oud-sanatoriuminwoner (Antonio Banderas). Ná een van vele ontsnappings het Ricky van Marina (toe 'n prostituut en uitgemergelde dwelmverslaafde) se dienste gebruik gemaak. Op die dag van sy ontslag besluit hy dus sy is die vrou vir hom, soek haar op, verklaar sy ewige liefde en bind haar dan terstond vas - met die hoop dat sy binnekort soortgelyke gevoelens jeens hom sal koester. Marina is natuurlik nie juis geneë met sy meesterplan nie, maar werk maar saam.

Feministe sal nie beïndruk wees wanneer Ricky Marina bedwing met 'n paar klappe nie. En filmpuriste mag die kitsch skakerings waarin *Atame!* verfilm is (skril pienk, blou en oranje), nie strelend op die oog vind nie. Om nie te praat van die schmaltzy sonsondergang-einde nie.

Maar Almodóvar trap moedswillig op tone: hy poog om op misleidend ligsinnige wyse die soms vreemde, soms lagwekkende wisselwerkinge in menseverhoudinge vas te vang. Hy skroom dus nie om sy karakters in onvleiende posisies of besig met minder aptytwekkende aktiwiteite uit te beeld nie. Die gevolg is 'n onpretensieuse, sjarmante film wat 'n opregte, reguit blik bied op die mees selfingenome dier, die mens.


# EN OPRUIEND.



*As Johannes Kerkorrel laat waai, gaan party mense se harte staan. Ander se voete begin jeuk. Afrikaanse musiek is lankal nie meer 'n eentoondeuntjie nie. Want Afrikaanssprekendes dans nie meer almal na dieselfde pype nie.*

*Die klanke het uitgespat in 'n duisternis nuwe rigtings en by Afrikaans Stereo vang ons dit alles op. Ons luister met 'n fyn oor en voer jou die beste terug. In stereo. Simfonieë, nuwe klanke, volksuysies uit 'n verre, vergete verlede, jong stemme, vars stemme, kabaret, musiek uit die stamlande, wysies van oral.*

*Ons lei jou 'n hele nuwe wêreld binne en vertel jou dinge oor musiek, oud en nuut, wat jou ore sal laat tuit.*

*Ons dink onafhanklik en ons saai landwyd uit op 100/104 FM: Diepteprogramme, insigprogramme, nuus, musiek, drama, humor. Ons is reg om 'n hele paar nuwe snare te roer.*

AFRIKAANS STEREO 100-104 FM

*d e r g r e n s e*

# CHRISTI SPEEL POP



DEUR CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN

★★★★★ Verslawend
★★★★ Oorrompelend
★★★ Oulik
★★ Beige
★ Nat

★★★ **JAMIROQUAI** - ***EMERGENCY ON PLANET EARTH***

# die grootste popster van ons era,

## sê Britse koerante en tydskrifte in 'n sieklik sikofantiese koor: Jay Kay van die groep Jamiroquai. Wie? JK, man.

Van nêrens het Jamiroquai met hul debuutplaat *Emergency on Planet Earth* die nommer een-posisie op die Britse trefferslys bespring. Joernaliste het skoon opgewonde geraak oor die aankondiging dat die groep 'n ongehoorde agt album-kontrak met die Sony-platereus aangegaan het. Tydskrifte is oorspoel met artikels oor JK en vergelykings is ywerig met ander sangers getref; JK het selfvoldaan verklaar sy musiek is onklassifiseerbaar.



**Jay Kay - meer as 'n groentjie?**

Pop-kritici se lof strek van die absurde tot die obsene: *Melody Maker* beskryf hul eerste twee singles as die beste singles wat nog ooit in die geskiedenis van die Westerse beskawing uitgereik is. *Select* sê Jamiroquai is "the stuff of legend".

Waarom dié histerie? Wel, in die eerste plek spog Jamiroquai met 'n uitgesproke leier: JK het al die elemente wat van die mees gemiddelde sanger 'n popidool kan maak - en hy't dit in oormaat ook: hy's arrogant, vermetel, selfingenome en ly aan verbale diarree. En met die massiewe Sony platemaatskappy om die noodsaaklike reklame-hupstoot te verskaf, kan die toekoms nie meer rooskleurig lyk nie.

DIE HYPE wat die groep omhul, is nie uitsonderlik nie. Veral in die laat tagtigerjare is 'n oorvloed mooiseungroepe gesien wat dieselfde behandeling ontvang het: poptydskrifte is deurdrenk met middelmatige groepe soos A-ha, Bros, Curiosity Killed The Cat en New Kids on the Block. Die toppunt hiervan is sekerlik die ontalentvolle Take That wat die nuwe Beatles gedoop is.

Meer onlangs was daar Suede wat voorblaaie suksesvol versier het nog vóór hul eerste LP uitgereik is. Suede verskil van genoemde groepe in die sin dat hulle wel die eerste groot ligpunt in jare op die Britse musiektoneel is.

Jamiroquai? Talent het JK sonder twyfel. Maar ons beleef nou 'n poptydperk waarin skaamteloos geleen en gesteel word - en JK is geen uitsondering nie. Suede weerspieël Bowie se invloed getrou en in die sewentigerjare sou JK nie juis uitgestaan het nie.

Kritici vergelyk sy sangstyl met Stevie Wonder s'n: hy wend sy stem soos 'n instrument aan om bykomende klanke te maak. Die enigste haakplek is dat JK nogal 'n plat stem met 'n beperkte omvang het: sy stem herinner aan Ben Volpeliere-Pierrot van Curiosity s'n - dis net effens hoër.

Wat die "onklassifiseerbaarheid" van hul musiek betref: JK het wel gebieg dat hulle jazz-funk maak. Die musiek is laid back, gemaklik en verg nie juis inspanning om na te luister nie. Dis deurspek met klanke wat kenmerkend van hoofstroomjazz in die sewentigerjare is - veral die gebruik van viole en die knaende bass-riff. Vir afwisseling gooi Jamiroquai elke nou en dan 'n sarsie trompetgekwetter in.

Jamiroquai se groot aantrekkingskrag lê in JK se polities korrekte aanslag: sy essay in die CD-omslag drup van anti-materialistiese en ekologies-vriendelike uitsprake. Die lirieke - met tye erg onsamehangend wanneer JK poog om street talk na te boots - handel oor dwelmmisbruik, geweld, die neo-kolonialistiese uitbuiting van Derde Wêreldstate, rassisme, die verwoesting van die aarde - onderwerpe wat die gemiddelde polities bewuste en white guilt-ridden persoon baie na aan die hart lê.

Met Tracy Chapman het ons 'n soortgelyke verskynsel gesien: 80s-yuppies met Golf GTi's en leerbaadjies het hul skuldige gewetens gesus deur Chapman hard op die karstereo te speel. Talkin' 'bout a revolution? Nee wat. Dis meer bek as binnegoed, is ek bevrees. Een digeridoo maak nie 'n nie-rassige utopia nie.

# En:

★★ **4 NON BLONDES** - ***BIGGER, BETTER, FASTER, MORE!***
**Tusk: CD**



**Linda Perry: 'n Happy Chameleon?**

Dis altyd goed om van skeppende vroue in die manlik oorheersde popdomein te hoor. Maar vroulikheid waarborg natuurlik nie talent nie - en dis ook die geval met 4 Non Blondes. Linda Perry is die bekkige leier, sanger en hoofkomponis; Christa Hillhouse speel baskitaar en sing; Dawn Richardson is die tromspeler; Roger Rocha speel kitaar.

4 Non Blondes, skerp naam ten spyt, stel teleur: behalwe dat hulle soos Dexy's Midnight Runners-ontmoet-Culture Club lyk, maak hulle gemiddelde pop-rock met die voorgeskrewe ligte kitaarsolo driekwartpad deur elke liedjie. Perry se stem is wel merkwaardig - maar ongelukkig weet sy dit: die ore word dus gereeld deur onnodige verbale aerobics geïrriteer. Sy probeer oënskynlik die luisteraar beïndruk deur flinke vingerwerk op die kitaar: sy slaag slegs daarin om verbysterend onestetiese klanke uit die kitaar te kielie. En die single "What's Up" klink plek-plek darem skrikwekkend baie soos "Don't Worry, Be Happy". ■

# 'N AFSKEID VAN DIE LAND VAN HERKOMS

*Foxtrot van die vleiseters* deur Eben Venter, Tafelberg, R39,95.

GERRIT OLIVIER

OP bladsy 157 van *Foxtrot van die vleiseters* vertrek die ek-verteller, Petrus Steenekamp, dorp toe om te gaan fliek. In sy afwesigheid word die gesprek tussen sy huisgenote - een van die triviale, enigsins geïrriteerde en komiese stoep- en huiskamergesprekke in Eben Venter se roman - gewoon verder vertel. Hierdie ongewone perspektiefwisseling word selfs onder die leser se neus gevryf: "En toe dit naderhand laat word, hoor ek vir Iris sê: 'Haai, ek wonder hoekom draai Petrus tog so.' "

Dié oënskynlike traak-my-nie-agtigheid ten opsigte van vertelkonvensies, die arbitrêre in- en uitvleg van die verteller deur sy eie verhaal, is een van die eienaardighede van *Foxtrot* waaraan die leser mettertyd gewoond raak. Aan die ongewone en bisarre word 'n mens immers reeds reg van die begin af bekend gestel: die bulderend dierlike, maar menslike skreeu uit die rigting van Renosterberg, naby die familie se piekniekplek.

Dis 'n vreemde gebeurtenis wat gou sy plek tussen ander ontwrigtende insidente inneem: die torrefia wat in die middel van die winter vrug dra, die kapokkies wat ophou sing, Ouma Lalie se ringe wat soek raak, en veel meer.

Met dergelike gebeurtenisse word die realistiese uitbeelding 'n paar grade in die rigting van 'n soort surrealisme gekantel. Maar daar is duidelik ook iets onheiligs aan die prut, en ook dit word vroeg reeds aangeraak as die verteller - in een van die alte oulike stukkies Afrikaans waaraan Venter hom soms besondig - "die vrank wortel van ons onrustigheid gaan uitgrawe by die gebeurtenis van die vorige aand" (2); PW Botha se aankondiging van die Noodtoestand op TV.

Met 'n skeefgetrekte kop, skouers breed soos dié van 'n rugbystut en plat paddabekkie praat PW van GEEWEELD - 'n bisarre toneel wat vooruitwys na dergelike verwringings van die alledaagse in *Foxtrot*, maar ook na die onderliggende politieke spanning van die Totale Strategie-tydperk.

DIE PERSPEKTIEFVERSKUIWINGS, en daarmee saam die wisselende afstand wat hy teenoor die bewoners van Wilderperdehoek en Rooidam handhaaf, gee aan die verteller 'n interessante dubbele rol. Hy is die eenkant-kind wat vrae stel en sy huisgenote - en soms ook die leser, soos in die bedagte melk-gelykenis - irriteer met kommentaar op die uitbuiting van plaaswerkers. Hy is ook 'n tobber wat obsessief notas maak oor "oplossings" en oor "haat" (205), die een wat in die donker berigte en gerugte dokumenteer.

Hierdie aktiwiteite dien as voorbereiding tot die feit dat hy later ook as skrywer van die boek na vore tree - 'n boek wat by tye 'n grandiose en liefdevolle viering van 'n plaasbestaan is, maar tegelykertyd ook die laaste stuiptrekkings van daardie wêreld uitbeeld.

Noukeurige beplanning en 'n sterk deurdagte struktuur hoef 'n mens nie hier te soek nie, eerder 'n soort konvergensie. Trouens, die eerste paar hoofstukke lees soos betreklik losstaande sketse van 'n plattelandse leefwyse, en dis eers hier teen die middel rond dat die boek begin koers kry.


Die onheilige tekens uit die begin vind dan hul voltooiing in 'n paar intriges tussen boere en plaasarbeiders, vleiseters en armes. Die aangetrokkenheid van die verteller tot Buziwe, wat uitloop op 'n ongeoorloofde besoek aan die warmwaterbronne, is hiervan die interessantste omdat dit 'n toenadering en noodwendige afstand behels.

Die vertrek van die plaaswerkers, met hul karige aardse besit gelaai op 'n "skôrrôkô", bied 'n hoogtepunt van komiese hilariteit en skrynendheid. Venter se vernuf blyk uit die einde van hierdie hoofstuk, wanneer vir die eerste keer, noudat hulle vir goed uit die gesigsveld verdwyn het, familiebesonderhede gegee word oor dié mense wie se van niemand ken nie. Daardeur word die vertelling ook 'n soort boetedoening.

AAN HENDRIK DOUW STEENEKAMP, tegelyk 'n streng patriarg en 'n weerlose en ambivalente man, word dit gegee om die sentrale waarheid van die roman te formuleer: "Hier op die plaas het ons genadejare gehad. Maar nou het ons by die punt gekom dat ons die genade opgebruik het. Daar bly vir ons niks meer genade oor nie." (192)

Dat dit kort hiemá begin reën, kan as een van die wrang ironieë van *Foxtrot* aangemerk word - maar dis ook die reën waarin 'n oorvrete skaapooi sterf, die reën wat die Oranjerivier met 'n Casspir vol spartelende soldate laat afkom.

'n Mens sou ietwat puntenerig kon fout vind met *Foxtrot*. Veral aan die begin rond maak uitdrukkings soos "verontrusting het agter haar





aangesleep soos 'n lam been" (11) 'n stroewe, verliteratuurde indruk. Die verbreking van die chronologiese gang is dikwels steurend, die oorgange in perspektief meermale onbeholpe. Die onderhoude met karakters aan die einde, hoe komies en openbarend dan ook, het nog iets weg van 'n truuk, en die verhaal van Johannes bly te veel 'n losstaande gebeure.

'n Mens wil amper sê: gemaaktheid die was jou vyand, altyd. 'n Strenger redakteurshand kon hiervan 'n beter boek gemaak het. Maar die positiewe vergoed meer as ruimskoots vir die lastighede: karakters soos Ouma Lalie en Iris en Hendrik Douw; vermaaklike figurante soos die dominee in die baksteenbruin pak, Tiberius Kemp, die twee massale vleesetende broers en 'n hele paar ander.

Met sy aanvoeling vir absurde en komiese detail, en met 'n groot aantal onvergeetlike tonele - ek noem slegs die aflewering van die ruiker in die plaashut, die feesmaal van skaap- en springbokboud en die wonderlike danspassies van Iris en Mirtel - ontroer en amuseer Venter die leser met iets wat skaars is: 'n onverwagse en oorspronklike stem. Binne die tradisie van die plaasroman sal *Foxtrot* sy plek inneem as 'n bisarre en hoogs persoonlike afskeid van die land van herkoms.

**BOEKE**

# DIE POLITIEK OP REIS




*Driving South* deur David Robbins, Southern Books, R69,99.

*Human Interest* deur Stephen Gray, Justified Press, R39,95.

**WILLIAM PRETORIUS**

TWEE nuwe boeke, David Robbins se *Driving South*, 'n verslag van 'n reis van Beitbrug na La'Agulhas, en Stephen Gray se versamelde persoonlike joernalistiek, *Human Interest*, wys hoe moeilik dit selfs in reisverhale is om die plaaslike politiek te vermy.

Robbins doen sy bes om politiek ondergeskik te stel aan 'n breër, eksistensiële filosofie gehaal uit die werk van Eugène Marais: hoe vul 'n mens die vakuum wat geskep word deur die "pyn van bewussyn"?

Sy reis is in die eerste plaas 'n geestelike soektog. Met die mense wat hy langs die pad ontmoet, gesels hy oor die filosofie, God en die betekenis van die lewe, en as dit nodig is, ook politiek. Nou en dan kry hy 'n opmerking van ANC-gesindes, maar andersins word hy geboei en afgeskrik deur die monolitiese konserwatiewe blok van die Afrikanerdom, wat onregverdig uitgebeeld word as meestal regsgesind. Dit is egter miskien bloot omdat hy meer verkramptes as verligtes raakloop - dié skeiding, lyk dit, is nog sterk in die plattelandse vox populi.

Sy portret van die Afrikaner is ontstellend: dié van 'n onbuigsame nasie op die rand van 'n burgeroorlog, en gereed om te sterf. Maar miskien is Robbins te romanties. Hy neig om laerklasmense in klein dorpe te stereotipeer sonder om hulle hul menslikheid te gun - die mans in kroeë is "macho", hul vroue "molls", 'n eienaardige woord wat in dié konteks steurend is.

IN SY REISTEKSTE konfronteer Gray ons donker politieke hart - die eerste stuk heet "Growing Up Under Apartheid" - en hy dra die politiek saam waar hy ook al gaan. Dit is in werklikheid 'n goeie ding, want Gray beweeg altyd van die algemene na die besondere, van die geskiedenis na die mense wat hy ontmoet, en vermenslik so die politiek.

Dit is veral doeltreffend in 'n stuk soos "Rushdie's non-visit", waarin hy skryf oor die lewe buite sy huis in Mayfair ('n simboliese plek in sy persoonlike geskrifte, ook veral omdat Staatspresident FW de Klerk in dié skakelhuisie gebore is), eerder as oor die polemiek rondom Salman Rushdie se onttrekking as genooide spreker aan die Weekly Mail se Boekefees in 1988, ná dreigemente deur fundamentalistiese Moslems. Gray wys die alledaagse Suid-Afrika wat Rushdie nie te sien gekry het nie.

In Gray se reisverslae kry 'n mens 'n sterk aanvoeling vir die land en die geskiedenis, en 'n skerp aanvoeling vir plek, veral in die stukke oor Mosambiek, 'n vaart aan die Ooskus van Afrika, en navorsing in die Karibiese See. Daar is deurgaans 'n Suid-Afrikaanse sienswyse aan die werk.

By Robbins kry 'n mens die indruk hy meen die land behoort self 'n ontvlugting te wees, 'n vreedsame tradisie, tevredenheid en plesier sonder die pyn van bewussyn, 'n "ancient homeland" verkieslik met "no sign of wrenching transition... no sign of chanting comrades on a witch hunt". Die politiek verskeur dié orde en vernietig Robbins se ideaal. Dit lyk of filosofiese veralgemenings vir hom belangriker is as werklikhede.

Albei boeke wys egter op die ou end: as jy wil hê skrywers moet hul hart op die mou dra, doen niks dit beter as hul eie land en 'n ekstremistiese samelewing nie. Om die waarheid te sê, 'n mens sou graag méér reisboeke soos dié wou sien en minder politieke snert, want dit laat jou die land beter ken. Ek het al baie gewonder waarom reisverhale as 'n genre - ware reisverhale en nie die groot-bwana-en-wildlewe-boeke nie - nie gedy in Suid-Afrika nie. Daar's heelwat waaroor ons as mense moet gesels.

# Denkbeeldige kroegvlieë




*Jimmy's Place* deur Vincent Pienaar. Penguin, R31.

**WILLIAM PRETORIUS**

VINCENT PIENAAR se **Jimmy's Place** is 'n komedie oor die kroegkultuur, 'n ryk bron om te ontgin. Shakespeare het immers glo in herberge besieling gevind vir sy toneelstukke.

Pienaar het 'n versameling wolhaarstories met amusante kinkels in die kabel geskryf oor die gereelde klante in **Jimmy's Place**. Die stories is nimlik genoeg, maar 'n egte stem ontbreek, 'n oortuiging dat dié karakters werklike, lewende mense is. Die verteller is 'n ruwe breker, maar sy vertellinge is alte bewus van 'n media-deurdrenkte kultuur. Wanneer hy diepsinnig raak, of sy verwysings wil verbreed, verwys hy na koeng-foe-prente, **Loving**, **Dallas**, die fliek **Dirty Dancing** , MGM se leeu, ens.

Dit maak die leser bewus van 'n gesuperponeerde "konstruksie" wat suggereer dat dit die soort televisie en rolprente is waarna werkersklas-mense (kroegvlieë) graag kyk, byna asof Pienaar 'n meningspeiling gedoen het en sy karakters daarin plaas. Die verteller het geen eie waardes, taal of verwysings wat hom in staat stel tot vars, vindingryke waarnemings nie.

Daar is ook klein steurnisse. 'n Joernalis hardloop rond met 'n PRESS-plakker aan sy hoed! Ag nee wat! Perskaarte pas in beursies. En Nuggetstraat in Hillbrow is 'n eenrigtingstraat wat opdraande loop, wat jou laat twyfel aan die storie van die ouma se remme wat ingee teen die bult af. Dit wys jou: egte stemme en realisme word opgeoffer vir die grap, die snaakse storie.

Die boek is eintlik 'n stel stories op soek na 'n TV-reeks. Dit sou 'n goeie ding wees. Dis makliker om 'n egte stem op film te skep deur goeie spel, dialoog en die visuele realisme wat ons 'n werklike kroeg sou kon wys met werklike kroegvlieë - en dis wat **Jimmy's Place** nodig het.

# DIE ONBLUSBARE KRAG VAN VROUE

**WILLIAM PRETORIUS gesels met die fotograaf Peter Magubane, wie se huldeblyk aan vroue, *Women of South Africa: Their Fight for Freedom*, pas verskyn het**



**"Dié hande het alles gedoen..." Ouma Cele maak in 1968 gereed om 'n rokkie vir haar jongste kleinkind te maak.**

DIE foto wat vir hom die meeste beteken, wat "duidelik uitsteek in sy gedagtes" is dié van 'n ou vrou se hande wat garing deur 'n naald ryg, sê Peter Magubane.

"Dié hande het deur die meule gegaan, het alles gedoen wat moontlik en onmoontlik is."

Dieselfde kan van Magubane gesê word. Sedert hy in 1954 'n heeltydse fotograaf geword het, is hy al verbied, aangehou, in eensame aanhouding geplaas, deur verskeie koeëls getref, is sy bene gebreek en is hy tronk toe omdat hy sy inperkingsbevel oortree het. Maar sy moeilike loopbaan, met die letsels van stryd, het elf fotoversamelings opgelewer - 'n roerende historiese verslag van Suid-Afrika in stormagtige tye.

"Persfoto's" is egter die verkeerde woord om die inhoud te beskryf van *Women of South Africa*: sy foto's konsentreer nie bloot op die aksie van die oomblik nie, maar toon 'n sterk vereenselwiging met sy onderwerpe as mense. 'n Vorige boek oor Soweto, byvoorbeeld, handel nie oor 'n plek nie, maar oor die verskeidenheid van die inwoners.

VIR MAGUBANE is die politieke stryd nie 'n geskiedenis van manlike mag nie - vandaar die tema van sy jongste boek. Hy is gulhartig: vra jy hom waarom hy vroue kies, kry jy 'n onbeskaamde loflied: "Dis omdat vroue die hoeksteen van die stryd was, 'n onafskeidelike deel van bevryding. Dit was vroue wat die pyn van geboorte gevoel het, en toe moes toekyk hoe hul kinders in die stryd sterf, of aangehou word.

"Vroue is stilgemaak, deur hul mans, deur die regering, en nou het die tyd aangebreek dat aan vroue dieselfde respek betoon word as aan mans, dat hul stemme gehoor moet word."

Die stryd is ook 'n geskiedenis van sterk vroue. Ja, peins Magubane, Brittanje het Margaret Thatcher gehad, maar ons het vroue gehad soos Helen Suzman wat probleme in tronke, oor politieke gevangenes, in die parlement bekend gemaak het, "en koerante so in staat gestel het om verslag te doen oor omstandighede wat verskuil gehou is", en Helen Joseph wat, met Albertina Sisulu, "onder die mense was wat die lankste ingeperk is in die land".


En daar is Winnie Mandela. Magubane is geen Winnie-hater nie. "Mense vergeet," sê hy, "dat sy 'n doring in die vlees van die regering was. Toe sy tot Brandfort ingeperk is, het sy die politieke situasie verander in die Vrystaat, wat 'n verbode gebied was met ingange net vir swartmense. Sy het dit verander. Sy het die regering geminag en haar inperkingsbevele verontagsaam. Sy was baie dapper."

JA, DIT WAS die slegte ou dae, maar ironies het verandering nie 'n nuwe vryheid beteken vir joernaliste en fotograwe nie. "In die ou dae," sê Magubane - wat nou vir die tydskrif *Time* werk - "het jy geweet wie die vyand is: die polisie. Jy sou gearresteer word, met traangas bestook word, onder geweervuur deurloop, so jy het jou grense geken."

Deesdae is dit anders. "Die pers het in die oë van die mense die vyand geword, en dis baie verkeerd. Jy gaan die townships binne en jy weet nie of jy weer gaan terugkeer nie. Dis soos die kakkerlak-motel," lag hy. "Jy boek in, maar jy boek nooit uit nie!"

Maar die mag van die foto sal oorleef. "Sonder fotograwe sou niemand geweet het wat hier gebeur nie. Foto's is 'n lewensbelangrike dokumentasie."

Magubane het eens op 'n tyd 'n tweejaar-kursus in rolprentfotografie voltooi. Maar, sê hy, dit is vir hom van geen nut nie. Wat op die doek verskyn, duur net 'n oomblik en verdwyn dan. Foto's bevries die vlietende oomblik. Hulle moet nie in laaie gebêre word nie, maar aan almal beskikbaar gestel word. Dis waarom Magubane boeke publiseer, waarom hy sy werk beskou as 'n voortdurende projek, wat die vreeslike, hoopvolle en voortdurende drama in Suid-Afrika met liefde dokumenteer, ondanks al die ontberings.




**Peter Magubane... "Vroue was die hoeksteen van die stryd." (Foto: Sally Shorkend)**

• ***Women of South Africa: Their Fight for Freedom*** **deur Peter Magubane. Teks deur Carol Lazar, inleiding deur Nadine Gordimer. Little Brown and Company, R69,99.**

# Joernalistieke kroegstories

***Banana Sunday: Datelines from Africa*** **deur Chris Munnion, William Waterman, prys nie vermeld nie.**

**WILLIAM PRETORIUS**


BUITELANDSE korrespondente is 'n aanwins vir enige kroeg - hulle is vol goeie stories en anekdotes. Dié boek deur Munnion, 'n spraaksamige en, nodeloos om te sê, welsprekende lid van die spesie, is geen uitsondering nie: hy vertel die soort stories wat sorg vir, wel, heerlike kroeg- en skinderpraatjies.

Dié joernaliste lei avontuurlike lewens, en word selfs doodgemaak of geslaan:

"The big South African hauled himself up the side of the pier and collapsed panting and heaving on the dock. I was prodded up by the end of a bayonet. There was a sentry, a large black man with a manic grin who had watched me battle my way through the sea. 'You white man, you are under arrest,' he said. A couple of his chums came around and seemed to take great delight in slapping and beating me around a bit."

Dis swaar vir die koloniste, maar 'n mens wonder wat ons swart "chums" daarvan sal dink.

**BOEKE**




# SKREEUSNAAKSE BLAPSE

*Scoops en skandes* deur Hennie van Deventer, Tafelberg, R34,95.

**MARTIE MEIRING**

OM agter die skerms te loer, te wete te kom van die binnekamer, by wyse van spreke, is nog die lekkerste kennis. En Hennie van Deventer, gesoute nuussmous, het dié swak van gewone mense ten beste bevredig met hierdie ligte, lekker en oneerbiedwaardige slapband.

Koerantskandes word al van tye her aangeteken en die vader weet waarom, maar hulle bly skreeusnaaks. Van Deventer het oustories opgediep, maar 'n spul nuwe skandes bygevoeg wat jou opnuut sal laat skater (ek het, en almal rondom my vervies deur vir hulle alles te wil voorlees!)

Jy het al miskien van die vertaalblapse gehoor soos die Nobelpryswenner Anatole Frankryk, en die Hertog Ellington, voorste jazz-musikant. Nuut vir my was die sokkerwedstryd waarin die Durbanse Stadstronkbewaarder gefigureer het. Die vertaler het die Durban City goalkeeper toe sommer 'n proper job gegee.

En stel jou voor die legendariese joernalis Rykie van Reenen in begrafnisrok en begrafnishoed agter op 'n motorfiets op pad na die staatsbegrafnis van dr Verwoerd! En die herinnering aan die konsternasie toe die byskrifte van die groot diva, die sopraan Cecilia Wessels, en die pryswennende varksog op 'n skou omgeruil word.


'n Hoofstuk word gewy aan die (baie) kortverhale van 'n jong kortverhaalskrywer RF Botha (Pik vir dié wat van beter weet). Pik se speurverhale was glo sy beste werk, maar as wetenskapfiksieskrywer het hy homself oortref toe hy in 1954 'n storie skryf waarin Stalin 'n hartoorplanting ondergaan. Die storie is deur *Die Bywoegsel* se redakteur afgekeur as te onwaarskynlik. Dertien jaar later realiseer Chris Barnard toe eers Pik se idee!

Die boekie, sakgrootte, is 'n lekker alternatief vir die dag se nuus.

# MOOI IS DIE LEWE ÉN DIE DOOD

*The Little Town Where Time Stood Still* deur Bohumil Hrabal. Abacus, R46,99.

**WILLIAM PRETORIUS**





DIE Tsjeggo-Slowaakse skrywer Bohumil Hrabal het 'n graad in die regte behaal en toe onmiddellik gaan werk as verhoogbestuurder, posbesteller, klerk en afvalpapier-baler voordat hy 'n heeltydse romansier geword het. Hy lewe en werk in Praag. Hy het op 'n keer gesê hy glo nie in simbolisme nie, dat boeke op realisme alleen kan steun. Sy werk bied 'n liefderyke uitbeelding van die dorpslewe in Tsjeggo-Slowakye, verweef met historiese gebeure en verandering. Sy bekendste roman is *Closely Observed Trains*, waarvan Jiri Menzel 'n ewe bekende film gemaak het.

*The Little Town Where Time Stood Still* is twee novelles; *Cutting It Short*, en die titelteks, wat as die portret van 'n plattelandse dorpie voor en ná die Tweede Wêreldoorlog verbind word deur Maryska, wat haar eie ritme in die lewe vind - ondanks Hrabal se afkeer van simbolisme vergelyk hy haar met 'n wegholperd. Die styl van die novelles is ryk, getipeer deur Maryska se slagting van varke wanneer die verhale begin, 'n proses wat sensueel, wellustig word, en suggereer dat die lewe en die dood ewe vrugbaar is. James Naughton se vertaling vang die digte veelsydigheid van Hrabal se styl vas, hoewel dit onthutsend is wanneer 'n paar plattelandse karakters Skotsklinkende slengtaal praat. Dit verminder egter nie die plesier van Hrabal se roman nie.

# 'N ONTSTELLEND KODDIGE LAND

*The Love Songs of Nathan J Swirsky* deur Christopher Hope, MacMillan, R79,99.

**WILLIAM PRETORIUS**




CHRISTOPHER HOPE se *The Love Songs of Nathan J Swirsky* gaan oor 'n groep Brits-koloniale families - die pa's is oudsoldate van die Tweede Wêreldoorlog se woestynoorlog - in die jare vyftig in Badmington, net buite Johannesburg.

Dié pretensieuse karakters stel hulle self bloot aan ligsinnige, uitspattige humor, maar Hope vermy dié benadering en die cliché's wat daarmee saamgaan. Sy gevatheid is meer indringend, en speel met klein ironieë terwyl sy karakters gekonfronteer word met 'n vreemde en eienaardige Afrika - daar's die albino-seun, Pink, en Precious, 'n swart melaatse wat stukkies van sy gesig verloor het.

Die land lewer verminkte mense op wat die snobisme, en die geestelike verminking, van Badmington se volwassenes onthul - die kinders het 'n meer simpatieke benadering van ander mense. Dié snobisme, dié stelsel van maniere, is in werklikheid 'n vorm van die rassisme wat die koloniste selfregverdig verdoem in die "fascistiese" regering wat in 1948 aan bewind kom, die antitese van die vryheid waarvoor die Britte in die oorlog geveg het.

Hope ontbloot dié teenstrydighede baie knap deur ekonomiese beskrywings, dialoog en situasies: sy humor is wrang, sy insig helder en dikwels wreed, maar die genade wat hy sy karakters telkens betoon, is sagmoedig, al is dit min.

Swirsky is 'n Joodse apteker wat 'n Britse vrou na Badmington bring, waar sy die beskermende goedgemanierdheid veronagsaam wat die die inwoners gevestig het. Sy het 'n les om te leer. Gelukkig vermy Hope dit om ons enige lesse te leer in dié verhale. Hy haal geletterde pret uit sy onderwerp, put plesier uit die skryfwerk en die ongemaklike verskuiwings van perspektief wat Suid-Afrika oplewer om selfs die mees welmenende setlaar te ontsenu.

In dié verhale is Suid-Afrika nie 'n land om lief te hê nie - dis te verwronge, te bisar - maar 'n land om te bewonder met 'n taai toegeneëntheid. Dis soos Hope blykbaar self oor die land voel.

# KOM KRAP IN DIE SLAAI

## JY SAL WEL 'N GARNAALTJIE VIND

WAT verstaan jy onder die konsep van slaai? is die onderwerp van die gesprek nou die middag. Dis heerlik buite, die rooiwyn skitter in die glas, ons is soetskeel van kuier, en ons praat alweer oor kos. Slaai is gemaak met liefde en vars kruie, verklaar Henry plegtig. Veral rocket. (Hier maak ons 'n Kaapse draai oor wat die Afrikaans vir rocket is... weet nou nog nie.) Slaai is ook enige vars, bros groente wat jy vinnig gaarmaak en met 'n vinaigrette of 'n tuisgemaakte mayonnaise voorsit. Nie noodwendig blare, veral nie smaaklose ou Iceberg nie.

Terloops, vriendin Andriesa vertel sy neem 'n maatjie uit vir ete, en dié bestel 'n tamatiegereg. En vra wragtie vir "bietjie mayonnaise, asseblief". Kelnerin Michelle (hulde aan die beste waitress in Kaapstad) staan een oomblik styf, maar sy sê soos altyd ja, en gaan haal 'n potjie mayonnaise. Wat die liewe pêllie natuurlik wou hê, was bottelmayonnaise, en wat sy gekry het, aangesien dit Café Paradiso was, was handgeklopte olyfolie met eiers, g'n asyn nie. Tough luck, doll.

Dink wyd en wild as jy aan slaai dink. Dink aan die heerlike aspersies (vrekduur), artisjokke (ditto), groenbone (cheapo), klein beetjies, blommetjies blomkool, soetrissies, sprietuitjies, worteltjies en zucchini wat jy als vinnig opkook om in 'n bak te rangskik en 'n heerlike slaaisous oor te gooi. Sit snye brood en botter hierby voor, en jy het nie net 'n voorgereg nie, maar amper 'n hele maaltyd. Die Grieke maak so en daarby bedien hulle die heerlikste sous.

**JOGURT-SLAAISOUS**

Klits saam en laat een uur staan voor jy dit oor die groente gooi: 1 koppie gewone wit jogurt, 2 eetlepels olyfolie, 1 teelepel asyn of suurlemoensap, 1 huisie knoffel, fyngekap, knippie droë mosterd, oreganum, sout, peper en paprika vir kleur.

Ons sit sommer die blikkie olyfolie op die tafel saam met 'n suurlemoen neer sodat elkeen haarself kan help, plus growwesout en vars peper. As jy boomsuurlemoene het, kan jy die skil fyntjies opsny en net so saam met jou slaai eet.

Soms het ons Saterdagmiddag lus vir slaai, maar blare is darem nie genoeg vir 'n maaltyd nie. Dus haal jy 'n hoender uit, bak hom vir anderhalf uur tot gaar en laat koud word om dié vullende slaai te maak. Gerookte hoender is duur en heerlik en werk nog beter in dié slaai.

**SATERDAG SE HOENDERSLAAI**

Sny 'n gaar hoender in kleinerige stukkies en haal die bene uit. Maak 'n groot bak met jou gunsteling-blare, hardgekookte eiers, knarsvars sprietuie en rou sampioene, en rangskik die hoender bo-oor om mooi te lyk.

Die slaaisous maak jy met mayonnaise (nee, die egte soort, Hellman's as dit moet, maar 'seblief nie die asynsuur geel goed wat hulle as mayo uitgee nie), olywe, kapers, amadels of ander neute, tiemie, en paprika, hoeveelhede na jou eie smaak, en meng dit met jou hande in die hoenderslaai.

Laat die hele bak vir 'n halfuur staan, en proe weer. Nog olie? Sprinkel by, en check vir sout.

Nog 'n lekker slaai is die Midde-Oosterse tabbouleh, of kisir - almal weergawes van 'n basiese resep gemaak van burghul, 'n soort koring wat jy in gesondheidswinkels koop. Hulle noem dit "cracked wheat" - maak seker jy koop die gaar een, nie die rou soort nie. Burghul week jy in water met 'n skeut olyfolie vir 'n uur. Dit swel (sien maar self hoeveel olie jy benodig, die koring lyk goudgeel en gaar) en is net so gereed vir eet. Maak dus die slaai wat oor die hele Midde-Ooste geëet word:

**TABBOULEH**

Dreineer die koring en druk die oortollige water met jou hande uit. Kap een ui, 2 tamaties, 'n soetrissie en knoffel fyn en meng met die koring. Laat staan vir minstens een uur.

Wanneer julle reg is om te eet, maak 'n vinaigrette met BAIE olyfolie, gekapte pietersielie, bietjie vars kruisement, en suurlemoen, en meng die slaai. Rangskik dit in 'n diep bak wat jy met ander slaaiblare uitvoer. Versier met radysies.

Ek moes al dié wonderlike slaaisous beskryf het, maar indien nie, maak dit tog. Heerlik by enige blaar of groente:

**PERFEKTE SLAAISOUS**

Plaas 4 sprietuie, 6 blare dragon, 'n bossie dille (dis nou op die mark), en 'n handvol pietersielie in die menger en meng met 1 eetlepel olie tot fyn. Voeg by 1 eierdooier, 3 lepels wynasyn, halfkoppie olyfolie, 1 teelepel mosterd na jou smaak, 'n titelseltjie heuning en dan twee hardgekookte eiers.

Meng tot dit 'n gladde geel sous vorm. Dis ook heerlik met brood.

Een grand slaai hou jy vir impressionable gaste. Sit die borde vooraf uit, en maak 'n pragtige rangskikking nes hulle in nouvelle-restaurante doen, met versiersels van blare en kruie.

**LARNEY SALAD**

Rangskik blare artistiek op 'n groterige slaaibord. Plaas op elke bord 4 gaar klein garnale, doppe verwyder en in helfte deurgesny. Sny rooi pomelo's aan stukkies (alle wit velletjies verwyder) en plaas tussen die garnale. Snytjies avokadopeer lyk ook mooi, maar onthou dit word swart, bedruip dus met suurlemoensap.

Plaas nou klein-klein stukkies sout ansjovis en 'n paar kapers op die avo's, en sprinkel 'n perfekte vinaigrette oor alles. 'n Paar amandels sal ook hierby mooi lyk.

Sê vir die kugels hulle kan hulle sonbrille opsit, en vra vir neef Henry watse wyn hulle by dié slaaitjie moet drink.

# wynproe

deur henry nolte

## WILDE HERINNERINGE



'N OU maat wat sedert Sewentig saam met hierdie Nolte die geskiedenis van wyn deurdrink, bieg nou die dag hy is uitgekuier met die chardonnay-affêre. (Dat hy die wyn in die maer jare kon bekostig, was simbool van sy stand as goeie yuppie. Dalk sal hy dit nie erken nie, maar noudat die pryse val, kan die plebs saam chardonnay drink!)

Toe Frans Malan en die ouens nog muis-vang-die-kat-stert met auxerrois-druiwe en smokkelstokkies gespeel het, was chardonnay pret. Nou is dit pure verwarring: sóveel klone, té veel hout, só min hout - jy weet mos. (Danie de Wet, meester van dié druif, takel die taak opnuut met sommer vier verskillende chardonnays! Maar dís anderdag se storie!)

Ewenal, onse vriend - wat ook nie erg het aan die modieuse versnit van chardonnay met sauvignon blanc nie - voorspel 'n ernstige oplewing van laasgenoemde wynsoort. "Sauvignon blanc is 'n moeilike, moeilike kalant en onse mense weet nie aldag so mooi nie. Té veel van vandag se sauvignon blancs proe nes die ander bottelwyn langsaan."

En toe begin ons reminis oor die dae wat ons saam met Nettie en Andrew soms 'n bottel Baron d'L kon bekostig. In daardie mooi bottel is die wêreld se voortreflikste sauvignon blanc: 'n koel, kil, swierige Pouilly-Fumé uit die Noord-Loire-vallei. (Wie kan deesdae daardie Franse prys betaal?)

Dít was die vroeë tagtigerjare. Vrolike jare toe Michael Woodmead van Le Bonheur ook ons aandag met 'n sauvignon blanc gegryp het. Eers met sy 1981 en toe daardie blokbreker van 1983: Vol en ryp vrugte wat jou asem wegslaan en 'n nasmaak wat ons vandag nog met verlange onthou...

Drie, vier jare later het dié Platter-vyfsterwyn wat g'n saagseltjie hout gesien het nie steeds ons maaltyd verheerlik. Maar dit was tóé. Goeie herinneringe. Le Bonheur Blanc Fumé (Sauvignon blanc) het van die toneel verdwyn.

Toe bel Sally en sê kom lunch. En toe maak Dave die nuwe bottel oop: 1993 Le Bonheur Blanc Fumé (Sauvignon blanc), opnuut op die mark. Ons druk ons neuse met tien jaar se verwagting in en, ja-nee, daar is hy!

So vol en kompleks met ryp vrugtegeure, aanvanklik 'n tikkie koejawels, later appeliefie en bossies - nes ons wou hê. En presies wat 'n mens van 'n wyn verwag wat kom van 'n wingerd wat 17 jaar oud is.

Saam met 'n rooiwynmaatjie, Le Bonheur Prima (versnit van merlot en cabernet sauvignon), is hy vandeesweek op die mark. Behoort teen sowat R13,50 te verkoop, sê Dave. Gryp een vir vanaand se ete - dis veral heerlik met kos. (Of teken in op *Vrye Weekblad*. Sien elders.)

Onse ou wynmaat op sy nuwe sauvignon blanc-missie erken dié wyn is topklas. Hy deel ook my plesier aan Gyles Webb se Thelema 1993, wat ons verlede keer so elegant en fris gevind het (R18,36).

En ons praat verder oor ander van die bestes.

Op 'n vinnige kortlys: So ryk soos 'n bak vrugte in jou mond: Ross Gower van Klein Constantia se 1993 (R19,10). 'n Stellenbosse verleiding van die kleine Mulderbosch 1993 (R17,95). 'n Heel anderse delikaatheid van Overberg-omgewing met Peter Finlayson se Bouchard-Finlayson 1993 (R20,65). Jeff Grier se dubbelgoud-Veritaswenner Villiera 1993 (R12,25) is ook uitstekende waarde.

Aan die laepryskant van die sauvignon blanc-wenklas kom weinig wyne naby Swartland-Koöp s'n. Die 1993 is soos in vorige jare (1991 was 'n kampioen) heerlik (R5,95).


"Sauvignon" kom van die Franse "sauvage" - "wild, ongetem, rof". Daardie "wilderigheid" is deel van die sauvignon blanc-druif se smaakkarakter. Die wyn moet jou mond so 'n ligte skokkie gee...

Net om te wys wyn is nie sommer net wyn, sommer net sluk nie. 'n Goeie sauvignon blanc kan herinneringe - soos vriendskap verewig.

(Alle pryse vandeesweek by Picardi.)

# ontdek 'n eetplek

## 'N SEXY POEDING



Kapitans Café
Kortstraat 11a
Johannesburg
Tel: (011) 834-8048

**DEUR ELIZE VILJOEN**

AAN die onderkant van Johannesburg, so skuins oorkant die Effektebeurs in Kortstraat is Kapitans Café. Gaan op met die trappies - volg jou neus as 't ware - en jy beland in hierdie plek wat lyk asof niemand vir 'n honderd jaar spring cleaning gedoen en ou goed uitgegooi het nie.

Dit is inderdaad 108 jaar oud en nog altyd in dieselfde gebou. En so gepraat van oud - dit was in dié einste restaurant waar Nelson Mandela en Walter Sisulu gereeld as jong prokureurs geëet het.

Kapitans is een van daai lekker, lekker restaurante sonder pretensie - net goed gemaakte, smaaklike kos. Die dekor is 'n mengsel van kitsch, Brasiliaans en Indies - plastiek-druiwe en -blomme oral!

Saam met al die hoofgeregte kry jy safraanrys. Hoe hulle dit maak, mag mens nooit vra nie - dis 'n ou familieresep. Dit is so lekker dat jy nét dit kan eet. Ek moet my gewoonlik inhou om nie 'n homp daaruit te eet voor die kerrie, in 'n aparte bakkie, arriveer nie.

Ek het 'n groentekerrie bestel. Dit het aartappel, eiervrug, jong murgpampoentjies, witbone, boontjies en wortels in gehad. Heerlik deurgekook - hulle probeer beslis nie om jou te verlei met halfgaar gesonde groentetjies nie. Anton het 'n ontbeende hoenderkerrie geëet. Hulle vra jou of jy dit met of sonder bene wil hê. Martie het die hoender-breyani bestel. Hierdie is nie 'n lagie-op-lagie breyani nie, maar safraanrys en kerrie langs mekaar opgedis. Dit is 'n heerlike gereg met al die tradisionele brenyani bestanddele. Saam met die kos het ons mango-atjar, blatjang, brandrissies en komkommer-jogurt gevra. Alles steeds op die perseel gemaak.

Vir nagereg het ons almal sexy pudding bestel. Dit is 'n loperige koue nagereg met die dikte van jogurt, maar die smaak van kaaskoek. Dit word versier met Angelica (wat hulle ook self maak) en neute. Dit is heerlik, maar soek 'n nuuskierige smaak, wat nie omgee vir iets vreemds nie.

Die pryse is medium tot hoog. R13,50 vir 'n groentekerrie, R20 vir hoenderkerrie en R26 vir hoender-breyani, die pickles was 'n ekstra R5. Altesaam het ons tussen die drie van ons R129,33 moes opdok. Behalwe vir Graca wat R15 kos, is daar nie een ander wyn onder R25 nie.

Maar nieteenstaande die pryse wat gereeld opgaan, is Kapitans die beste Indiese restaurant in die land.



Freek Burger (Foto: Rapport)

# FLUIT-FLUIT WORD ONS KANSE VERSPIL

**Swak skeidsregters rem Suid-Afrikaanse rugby, skryf BRAAM VAN DER VYVER, voormalige skeidsregter van Noord-Transvaal**

DIE swak gehalte van ons rugbyskeidsregters kan Suid-Afrika se kanse om die Wêreldbeker-toernooi in 1995 te wen, 'n ernstige knou gee, sê voormalige toetsskeidsregter Gert Bezuidenhout.

Op provinsiale vlak, waar ons voorste spelers die meeste van hul rugby speel, loop spelers hulle kort-kort in onkonsekwente reëltoepassings vas. Wanneer hulle dan op internasionale vlak meeding, is hulle onseker en sukkel hulle om aan te pas. Bezuidenhout noem die Springbokke se probleme met die skeidsregters in die onlangse toetsreeks teen Australië as stawing vir sy stelling. Suid-Afrika se voorste provinsiale skeidsregters vergelyk maar swak met die voorste skeidsregters in die wêreld, sê hy.

In toetsrugby beteken een strafskop dikwels die verskil tussen wen en verloor. Boonop word die finale rondes van die Wêreldbeker op 'n uitklopbasis beslis. Juis daarom, meen Bezuidenhout, kan die verwarrende reëltoepassings wat op plaaslike vlak aangetref word, Suid-Afrika duur te staan kom.

Piet Robbertze, voorsitter van die Suid-Afrikaanse skeidsregtersvereniging, verskil van Bezuidenhout. Hy meen die lede van die toetspaneel, Freek Burger, Ian Anderson en Ian Rodgers, kan met die wêreld se voorstes saampraat. Hy wys daarop dat Anderson en Rodgers onlangs met die kwalifiserende rondes vir die Wêreldbeker albei baie goed gevaar het. Dié wedstryde is in Kenia gespeel.

DIT IS EGTER nog geen uitgemaakte saak hoeveel Suid-Afrikaanse skeidsregters in die Wêreldbekertoernooi sal optree nie. Die besluit berus by die Wêreldbekerkomitee wat die skeidsregterspaneel saamstel. Die uittrede van Suid-Afrika se nommer een skeidsregter, Freek Burger, aan die einde van die 1993-seisoen beteken Suid-Afrika se kanse word skraler om 'n plaaslike skeidsregter in een van die finale wedstryde in aksie te sien. Burger is verlede maand as Direkteur: Skeidsregtersontwikkeling by SARVU aangestel, en moes daarom uittree.

Nog 'n voormalige toetskeidsregter, Steve Strydom, meen jong skeidsregters neem te lank om na provinsiale rugby deur te breek. 'n Meer vaartbelynde bevorderingstelsel sal volgens Strydom baie doen om die gehalte van skeidsregters te verbeter.

Strydom meen ook die oorsese skeidsregters wyk dalk te maklik van die letter van die reël af. Hulle plaas 'n hoë premie daarop om vloei aan die spel te verleen. Aan die ander kant meen Strydom dit sal nie veel help om te sê Suid-Afrika se skeidsregters blaas reg en die res van die wêreld verkeerd nie. Die spelers sal gewoond gemaak moet word aan die internasionale toepassing.

Die onlangse voorval op Loftus toe Stef Neethling deur beamptes gekonfronteer is, het die sluimerende geskil oor die gehalte van Suid-Afrikaanse skeidsregters opnuut laat opvlam. Beamptes het openlik gesê Suid-Afrikaanse skeidsregters beleef hulle spreekwoordelike sewe maer jare.

Vir rugby kom dié insinking op 'n baie ongeleë tyd. 'n Jaar ná die Twickenham-fiasko toe Engeland Suid-Afrika se rugbytrots vermorsel het, lyk dit of die wonde genees het. Ian McIntosh, wat die afrigting by dr John Williams oorgeneem het, het uitmuntend daarin geslaag om 'n effektiewe spelpatroon te vestig terwyl die keurders 'n spankern uitgeken het waarmee die aanslag op die Wêreldbeker geloods kan word. Net toe dit lyk of al die probleme opgelos is, duik die skeidsregterkrisis op.

Of daar genoeg tyd is om die gebrekkige talent onder die skeidsregters aan te vul, sal gesien word. Intussen lyk dit of die oplossing daarin lê om vir provinsiale spanne soveel blootstelling moontlik aan internasionale skeidsregters te bewerkstellig.

**'Of daar genoeg tyd is om die gebrekkige talent onder die skeidsregters aan te vul, sal gesien moet word.'**

televisie

# klipoog

## die skinderbekke vs die grootbekke

SO hoe vergelyk Sky TV met CNN? Klipoog gee na net 'n paar nagte 'n voorlopige indruk: terwyl die Amerikaners van CNN opperste grootbekke is, is die Britte van Sky TV skaamtelose skinderbekke.

Klipoog wil nie sê dit weerspieël die essensiële nasionale kenmerke van die twee nasies nie, maar praat bloot van die algemene toonaard, die aura van die twee senders onderskeidelik.

CNN se grootbekkigheid begin al by die manier waarop dié sender 'n groot deel van sy tyd daaraan bestee om homself op die skouer te klop: "Nobody covers the world like CNN," ens. Daar's iets byna fundamentalisties aan die erns waarmee dié sender homself uitbeeld as wêreldwye ligdraer, selfs as voorste beleidvormer van die internasionale politiek.

As jy dink Klipoog oordryf, kyk maar na daardie gewyde advertensie waarmee CNN sy star reporters - die "binnekring" wat strek van Bernard Shaw tot Lou Dobbs - die laaste tyd besing. Terwyl hul geïdealiseerde portrette soos ikone verbysweef op maat van eerbiedige musiek, kry jy die indruk ster-status is reeds benede hulle - hulle is op pad na heiligdom.

•

VAN DIÉ SOORT selfverering kry jy genadig niks by Sky TV nie. Die Britte flits hul verslaggewers en aanbieders se name so vlugtig op die skerm dat dit nog 'n ruk sal duur voordat Klipoog mooi weet wie's wie. Kortom, hulle kom met minder reklame vinniger tot die punt.

Sky TV se mengsel is soortgelyk aan CNN s'n - wêreldnuus en sport, afgewissel met talk shows en joernaalprogramme oor kos, gesondheid, die ekologie, toerisme en so meer. Daar's natuurlik klemverskille in die inhoud: Sky TV kyk uit 'n Britse oogpunt na die wêreld en bestee dus baie tyd aan dinge soos die Konserwatiewe Party se kongres so pas, waar John Major hom moes loswikkel uit die kettings van Margaret Thatcher se snedigheid; terwyl CNN jou weer by tye ure lank verveel met Bill Clinton se siekesorg-beleid.

Kom dit by internasionale gebeure, kry Klipoog die indruk dat Sky TV en CNN jou omtrent ewe veel inligting gee, maar dat Sky TV dit 'n bietjie lewendiger en met meer kleur doen. Dis bloot 'n voorlopige oordeel, veral gegrond op die twee senders se dekking van die beleg van die Russiese parlement verlede week.

Hier was die Britse kameramanne telkens in die frontlinies aan die rondhardloop, reg tussen die soldate by die gekaapte TV-stasie en parlement, sodat 'n mens 'n meesleurende indruk van die geweldddadigheid gekry het. Maar elke slag wanneer Klipoog oorgeskakel het CNN toe, was dit dieselfde wyehoek-skoot van die Wit Huis doer oorkant wat onder sporadiese kanonvuur deurloop. Is Britse kameramanne - van wie een gedood is in die spervuur in Moskou - meer onverskrokke as Amerikaanse kameramanne? Of is CNN se beleid strenger oor die blootstelling van joernaliste aan gevaar?

MAAR VIR KLIPOOG is die boeiendste verskil tussen CNN en Sky TV die genadelose ongeërgdheid waarmee die Britte hul openbare figure bespreek - of liewer, beskinder, soos die hiper-patriotiese ou koue vis Larry King nooit sou durf waag nie.

Ewe veel tyd as wat CNN gebruik om sigself te verheerlik, word deur Sky TV bestee aan skinderpraatjies. Klipoog geniet dit nogal - en besef nou waarom die Britte so vasklou aan die Royal Family: hulle is naas die politici die land se rykste bron van skinderstories. Klipoog haal net 'n stukkie aan uit 'n gesprek verlede week tussen Sky-TV en James Whittaker, die Daily Mirror se royal correspondent. Die middag het die burggraaf Linley, prinses Margaret se 31-jarige seun, ure lank vergeefs by St Margaret's Church in Westminster gewag dat sy verloofde, Serena Stanhope, opdaag vir die trou-repetisie 'n dag voor hul huwelik.

***Sky:*** Should she or shouldn't she have turned up today?
***Whittaker:*** Of course she should - it was outrageous. Everybody else turned up, including the Dean of Westminster, the Very Reverend Michael Maine, who flew in from America specifically to be there. She only had to come from Fulham and she didn't make it.

***What do you make of her not coming?***
I honestly don't know. Maybe cold feet. Something very peculiar must have happened. Maybe she met some girlfriends at lunch who persuaded her not to go as they were having a great time. It was just extraordinary. I know there's a great back-pedalling going on now saying she never intended to be there. It's not right, they were all expected to be there.

***And are we expecting her tomorrow then?***
Well, you have to raise the question. Will she make it? You know these royal marriages are really rotten. I mean, normally they last at least a week or two. This one is looking very dodgy before it even begins.

***We've had a lot of cynical remarks about this wedding.***
I don't know if this one will be any better. It was not a good start. But you've got the perfect combination. I mean, you've got him with a great title and her with pots of money.. and that quite often works.

***Is he marrying her for her money, do you think?***
I think it's a case of it's jolly nice to fall in love when there's a great deal of money...

En so aan verder, oor Fergie wat nie genooi is nie, oor die burggraaf se ex, Susannah Constantine, wat hom afgesê het en met haar sexy bene die kalklig op die troue kan steel, prins Edward se suinige trougeskenk ('n stel koppies wat net 52 pond kos, ens).

Dit laat John Bishop en Freek Robinson skoon beleef klink.


AFRIKAANS STEREO

**AFRIKAANS STEREO: HOOGTEPUNTE**

**Dokumentêr** - KWV 75 jaar oud
Dinsdag, 19 Oktober, om 7.15 nm
Die KWV se 75e bestaansjaar, aangebied deur Chris Swanepoel

**Profiel** - Prof Wynand Mouton
Donderdag, 21 Oktober, om 10.15 vm

**Voetstoots**
Maandae om 11.20 nm
Musiekprogram van uitreikings vir die fynproewer van rock en ander musiek soos Jim Morrison, Van Halen, Led Zepplen en Koos Kombuis

**Radioteater** - Die Queensboro-Brug
Deur Giorgio Pressburger
Dinsdag, 26 Oktober, om 9.15 nm

# brolloks & bittergal



## Het ons regtig nie sexy ministers gehad nie?

Die joernalis Hennie van Deventer het in sy boek *Scoops en Skandes* dit amper betreur dat Suid-Afrikaanse politici, en te wete ministers, nie eintlik soos in ander lande "uitgevang" raak vir sekskapades nie.

Van Deventer verwys net na die beroemde kwinkslag van die meisies in die parlementêre kantore wat bewonderend gesê het: "O, minister ... trek so mooi aan", en haar vriendin wat blitssnel kon antwoord: "En so vinnig ..."

Maar om te wil glo Suid-Afrikaanse ministers is só onsexy wys net op baie kort geheue. Brolloks weet persoonlik van ten minste ses ministers wat die laaste paar jaar hul wilde hawer gesaai het. So, susters-met-ambisie, ontspan maar, maak julle oë toe en dink aan die kruithoring!

## 'n Dubbele Kobie?

'n Tergende vraag wat nou weer opduik ná die SAW-aanval op 'n Aplahuis waarin die Regering weer half met sy broek by wyse van spreke op sy enkels gevang is: watter greep het Kobie Coetzee op FW? Dit kan nie 'n dubbele Nelson wees nie, want iemand anders het dít reeds op die SP. Of moet FW vir ewig die knie buig uit dankbaarheid vir daardie Vrystaatse stem teen Barend?

## George sit... en sit.

Hoekom sit George Bartlett soos 'n neet nog in die kabinet? En hy het nie eens dieselfde greep as Kobie nie. Is dit omrede sy vriendskap en ondersteuning van 'n hard-to-get Buthelezi. Wat ookal, FW het darem sy swartskaap-minister "gestraf" deur hom nie op TV te laat verskyn nie, en sommer gewys wie elke keer die gemors moet opvee ná 'n kabinetsflater - Derek Keys.

## Droom anti-Hernus verniet?

Daar's maar min dankbaarheid in die Kaapse NP oor Hernus Kriel se uitgesproke toekomsdrome om eerste minister van Kaapland te word. Anti-Hernus se sjarme sal haar beslis nie top of the pops maak wanneer die verkiesingslys opgestel word nie. Laat mens ook wonder: Kaapse NP-leier Dawie de Villiers en anti-Hernus was hoeka nou onlangs saam in Moskou. Wie het wat by Boris Jeltsin geleer? Hoe raak jy van lastige opportuniste ontslae? Jy sit eenvoudig sy water en ligte af. En dis dalk net wat die Kaapse kongres binnekort met Kriel gaan probeer maak.

## Koes, Mokaba, koes

Kyk hoe sit die manne in die Royal Hotel! En amper het Peter Mokaba, die designer-guerilla, sy sit nooit gekry nie. Die vurige slagspreukmaker gaan graag in die Royal Hotel in Durban tuis. Dié keer het hy 'n kamer gekry op dieselfde vloer as koning Goodwill Zwelethini van Zoeloeland wie se wagte die goedgeklede hotelgas óf herken het óf nie. Hulle het glo hul gewere gelig, maar voor jy nog "Kill a Boer" kon sê, het Mokaba hom uit die voete gemaak. Bygesê in skoene wat nou al dwarsdeur die land as die beste, die mooiste en stellig die duurste beskou word.

## Die ontugtige Gatsha

Kyk wie klim deesdae saam met wie in die bed! Buthelezi en Terre'Blanche deel nou 'n matras in die nuwe Vryheidsalliansie. Buthelezi - die man wat deur hom en ook deur sommige historici gesien word as die mees verbete vegter teen apartheid, die man wat die hardste om Mandela se vrylating gepleit het, die man wat sy rug na apartheidsgunste in ruil vir onafhanklikheid gekeer het - nou saamgekoek met die voorste rassis, 'n uitgesproke hater van swartmense, die man wat gesê het as iemand anders Hani nie sou vermoor het, sou hy dit self gedoen het? Hoe kan Buthelezi dié omhelsing verduidelik aan sy swart en Westerse ondersteuners, en by name die ryk Engelse vriende, John Aspinall en sir Jimmy Goldsmith?

## Antie Insig

En daar wys die Nasionale Pers se "intellektuele vlagskip", die "meningsblad vir dié wat regtig méér wil weet", toe sy ware kleure.

In 'n spesiale kommentaar-kolom in sy jongste uitgawe skaar Insig hom vierkant en meer eksplisiet selfs as die reaksionêre Rapport agter die Hernus-Kriel-faksie in die kabinet. Die anti-faksie.

Gebrek-aan-Insig verwys na die ministers in die onderhandelingspan as die "eufories-geneigde ministers" en verklaar dan: "'n Anti-ANC-alliansie maak dus nie alleen sin nie, dis feitlik van lewensbelang vir ons toekoms. En as die anti-dan te negatief klink, noem dit 'n Verenigde Front."

Ja, verenig inderdaad, broers. Lyk vir Bittergal julle hóórt by die Gatshas en die Hernusse en die Constands en die Ferdi's en die Eugene's.

Die room van die volk het dikmelk geword.

# briewe

BRIEWE KORTER AS 300 WOORDE GENIET VOORKEUR
RIG BRIEWE AAN:
DIE BRIEWEREDAKTEUR, VWB POSBUS 177
NEWTOWN 2113

## Vir hoop en vrede

*Piet Meiring van Waterkloof skryf:*
Daar is êrens 'n skroef los. Ek sê dit na aanleiding van botsende beelde van Max du Preez, een soos deur die vroulike ondervrager van die SAUK Woensdagoggend op die radio voorgedra, en die ander hoe hy self in vandag se uitgawe van *Vrye Weekblad* in sy rubriek "Vlieg in die Salf" vertoon. In laasgenoemde geval kom hy voor soos ek tevore in 'n brief aan u blad gesmeek het, as iemand wat lig in die tonnel begin sien. In die radiosamespreking ontken hy dat dit die taak van die tydskrif is om vir hoop en vrede te werk en dus om daarin belang te stel. As self 'n oud-joernalis wat bedrewe was in die kuns om nuus by tye 'n bepaalde nuanse te gee en in verslag van politieke toesprake te beklemtoon wat jou pas, telkens uit verband met die teks, het ek gereken Du Preez het darem seker self 'n oogmerk met sy hantering van nuus. Dit omdat hy sy publiek sal gee waarna hy verlang.

Die radiosamespreking Woensdag waarby drie verskillende nuusmense betrokke was, het die gewone onbevredigende koers gevolg so na aan die hart van die SAUK - los brokkies van die een na die ander totdat jy nie mooi weet wie wat sê nie, en ook nie bra omgee nie. Miskien het ek verkeerd afgelei, maar ek het onder die indruk gekom dat Du Preez, soos deur die SAUK voorgestel, hom nie laat betrek in die strewe na vrede in ons land nie omdat dit die taak van sy blad is om mense in te lig en nie noodwendig te beïnvloed nie.

Ek skryf dese om uit te vind of hy werklik so belangeloos is en ook nie net vir die onthalwe van pers-voorskrifte hom gaan laat verlei om goeie oogmerke met sy blad se inhoud te bereik nie. 'n Nieparty-orgaan beroem hom natuurlik op sy objektiwiteit, maar ek kan nie glo dat daar van hulle is wat nie 'n dem omgee nie as ek in sy laaste paragraaf van vandag se "Vlieg in die Salf" lees: " 'n Bietjie meer positiewe (nie objektiewe) denke en geesdrif kan net verder momentum (aan grondwetlike vordering) gee."

Max du Preez gee blykbaar tóg om, of hoe?

## Wees nederig

*BJ du Toit van Fontainebleau skryf:*
Ek kan nie begryp hoekom u sulke onverskoonbare venyn teenoor dr Buthelezi het nie. *Vrye Weekblad* se plakkate is die naaste wat ek kom aan die lees van u blad. My hele psige appelleer daarteen om blootgestel te word aan die vooroordele opgedis in u blad. Hier in ons kontrei is ook 'n paar ouens wat, in die kleed van intellektuele denke almal binne hoorafstand bombardeer met hulle negatiewe insigte. Om nou nog verder te betaal om te lees wat ander ouens in die rioolslote opgegrawe het, is nie 'n goeie belegging van tyd en geld nie. Mense vermy dit doodgewoon.

Mense is nie "stupid" nie. Ek wens u wil ophou om, vroom soos u glo, heilige koeie te slag (en/of?) aan die einde van die dag 'n standbeeld gaan verdien. Oppas dat u nie 'n kompilasie van u vooroordele op skrif oorskat nie.

My goeie raad aan u: beoefen 'n bietjie nederigheid. Dit sal baie gepas wees. O ja, u houding teenoor dr Buthelezi en ander is, soos my oorlede pa sou sê, plain ongeskik.

Dit is u voorreg om van dr Buthelezi te hou of nie te hou nie. Ek wil u egter baie beleefd vra om te besin oor die plakkate op die verkeerspale wat ek noodwendig moet raaksien. Die goed maak my skaam, want hier skryf iemand in Afrikaans wat nie die eerste stap van wellewendheid openbaar nie. Ten tweede is die bewoording nié snaaks nie - dis plain common.

## Ry Bybee!



**Michael Jackson**

*Frank Passano van Swakopmund, Namibia skryf:*
Na aanleiding van Kerkorrel se brief, net die volgende:

1. Koos Kombuis het jou upstage;
2. Ons hoop jou "come-back" sluit 'n beter stem en *wit* in;
3. Jou aanhanger vreet vrot kreef;
4. Koos Prinsloo moes jou teruggedonner het;
5. RY, bybee!

En ook vir liewe Christi van der Westhuizen:
Dit klink of jy vir *Huisgenoot* moonlight.
Jy het obviously die Oprah Winfrey (lees oor haar) interview met Michael Jackson gemis (Februarie 1993). Ongelukkig laat dit jou skets oor die "Peter Pan" van pop vaal en out-of-line lyk. Siestog.

Jackson het beslis meer aanhangers as wat Presley ooit sou kon hê. Selfs Jim Morrison kan hom 'n go gee.

Jou artikel was vervelig, hyped-up en onrusbarend mistastend. Dalk moet jy (sou die MJ-palawer gebeur), sy persagent nader vir 'n onderhoud.

Sterkte pop.

## Speel met vuur

*Gert van der Walt van Extonweg skryf:*
'n Sprokie ten opsigte van die sogenaamde nuwe Suid-Afrika:

Daar was eenmaal 'n land met groot leiers. Hulle het alles gedoen om hierdie land leefbaar te maak vir al sy inwoners.

Dit het baie goed gegaan totdat sommige van hierdie onderdane begin dink het hulle is hulle leermeesters se meerderes. Hierdie onwaarskynlike leiers was verantwoordelik vir die grootste chaos sedert Moses die Rooi See met sy staf oopgekloof het.

Hierdie "leiers" het toe gaan skuil in 'n park waar net oerdiere was. Daar het hulle met vuur gespeel. Toe het daar op 'n dag 'n draak gekom en die hekke van hulle park met een geweldadige blaas oopgeblaas.


UNIVERSITY OF DURBAN WESTVILLE

**Centre for the Study of Southern African Literature**

**Applicants with an honours degree or equivalent qualification are invited to register for a two-year course-work MA degree in SOUTHERN AFRICAN LITERATURE.**

**The course-work MA will consist of the following TWO compulsory courses:**

- An historical overview of Southern African Literature.
- Theories and methodologies of Southern African Literature

**A variety of interesting modules including the following, will also be offered:**

- Theories of language, meaning and translation in the Southern African context
- History, mythology and literature
- Ethnic, gender and class stereotypes in Southern African literature
- Typical Southern African genres
- Period Studies
- Literary production and commodification
- Aesthetics
- The Oral and the Written
- South African Literature and Ideology

**This MA degree will be invaluable to those engaged in any form of journalism and the teaching of literature at secondary and tertiary institutions.**

**Application forms are available from The Registrar (Academic), University of Durban-Westville, Private Bag X54001, Durban 4000 OR Fax: (031) 820-2383**

**Enquiries about the course should be made to Dr A J van Wyk. Telephone (031) 820-2245.**

Daar is nie veel bekend oor wat verder gebeur het nie. Argaïese bronne kon egter enkele name van die revolusionêre leiers oplewer:

Helson Mandrolla; Kêrel Rampokker; Pieter Mombakkies; Kallie Nietuis; Mamma se Bekke; Joe (Moer) Slawe; Gay Naai do Julle Daar.

Die moral van die storie:

Moenie met vuur speel terwyl daar erger vuur buite wag nie!

## Nie opstandig nie



*Luitenant-Kolonel Ray Harrald (skakeloffisier van die Afdeling Binnelandse Stabiliteit se hoofkantoor) van Pretoria skryf:*

Na aanleiding van "Die siel van die man in die Casspir" deur Louis Kirstein (*Vrye Weekblad* 2 September 1993);

Daar word beweer dat "opstand in die geledere van die Polisie se Afdeling vir Binnelandse Stabiliteit broei". Na my mening is hierdie stelling klaarblyklik die mening van die persoon met wie die onderhoud gevoer is.

My ondervinding met ABS is dat die moreel onder lede baie hoog is en dat daar definitief nie oor die algemeen 'n gevoel van opstand is nie. Ons moet besef dat lede verbonde aan die ABS onder uiters moeilike omstandighede werk en dit dus vir hulle soms kan voel dat hul bevelvoerders, soos beweer, "overdraagsaam voorkom". Ek huldig egter die mening dat hierdie 'n geïsoleerde geval is en nie oor die algemeen voorkom nie.

Die stelling: "Die ouens wat in hul leunstoele sit en bier drink, sien nie wat hier onder aan die gang is nie," is totaal van die waarheid ontbloot. Die Kommissaris, Generaal Johan van der Merwe, lt-genl Louw Malan en ander lede van die Generale Staf het onlangs gedurende die nag saam met lt-genl Johan Swart, die Afdelingshoof van die ABS, en ander lede van die Bestuursraad van ABS-Hoofkantoor 'n besoek aan die gebiede in die Witwatersrand gebring. Bepaalde probleme is geïdentifiseer en daadwerklike aandag is daaraan geskenk.

Die terugvoering was baie positief en dit weerlê die stelling dat senior lede nie weet wat aangaan nie en nie omgee nie.

Verder kan gemeld word dat senior offisiere verbonde aan ABS-Hoofkantoor op 'n gereelde grondslag ABS-eenhede landswyd besoek en dat daadwerklike kommunikasie met die lede op grondvlak plaasvind ten einde probleme wat lede mag ondervind, die hoof te bied.

Ek doen 'n beroep op u om hierdie brief te plaas om die situasie in perspektief te plaas.

## 'n Beter wêreld?

*Margot Schultz van Mellville skryf:*

Die sinneloosheid van moord om ideologiese redes word in die volgende gedig duidelik (my vertaling van Erich Fréd se Massnahmen):

*Die Maatreëls*

*Die luies word geslag*
*die wêreld word fluks*
*Die lelikes word geslag*
*die wêreld word mooi*
*Die dwases word geslag*
*die wêreld word wys*
*Die siekes word geslag*
*die wêreld word gesond*
*Die treuriges word geslag*
*die wêreld word vrolik*
*Die oues word geslag*
*die wêreld word jonk*
*Die vyande word geslag*
*die wêreld word vriendelik*
*Die slegtes word geslag*
*die wêreld word goed*

## Nag, Broeders

*Abel van Hennopsmeer skryf:*

Die Broederbond se uurglas is genadiglik besig om leeg te loop. Vier dekades lank het hierdie klein groepie Afrikaanssprekendes die politieke septer geswaai en 'n bespotting gemaak van demokrasie in Suid-Afrika.

Beskerm deur parlementêre privilegie en selektief-geheime lidmaatskap het die Superafrikaners, vir persoonlike voordeel, onder die vaandel van Christelike Afrikaner Nasionalisme alle nie-blankes se basiese regte vervang met wetboekklousules (president De Klerk het reeds om verskoning gevra vir apartheid).

Honderde duisende Suid-Afrikaners - insluitende mede-Afrikaners - is in tronke gestop en in diskrediet gebring net omdat hulle die rasieverdelende Apartheidsideologie wat etniese verskille beklemtoon het, verwerp en durf waag het om hul teenkanting te wys. Vra maar vir die Robert Sobukwe's, die Nelson Mandela's, die Beyers Naudé's, die Albert Geysers en die Carl Niehause.

Die geskiedenis sal wys dat 'n paar hardekwas ideoloë se Broederbondisme een van die belangrikste faktore was wat hierdie land stadig doodgewurg het sedert die Nasionale Party (immers is die Broederbond die Nasionale Party en die Nasionale Party die Broederbond!) die politieke mag in 1948 oorgeneem het.

- Die landsekonomie is geknak deur massiewe korrupsie wat 'n uitvloeisel is van die beleid dat Broeders op grond van hul lidmaatskap sonder bona fide meriete aangestel is bo meer bekwame kandidate in die werksplek.
- Duisende Afrikaners (manlik en vroulik) is blatant bevorderingsgeleenthede ontneem net omdat hulle nie aan eksklusiewe Broederlidmaatskapvereistes voldoen het nie.
- In die werkplek is Broeders in onderlinge geskille met nie-Broeders openlik deur werkgewers bevoordeel terwyl albei geskuil het agter geheime lidmaatskap.
- Tans word mede-Broeders weer in sogenaamde regstellingsaksies bevoordeel bo ander en is dit maar weer die nie-Broer wat sy baadjie moet vat en loop.

Niemand het nog die guts gehad om hiervoor om verskoning te vra nie!

Baie kwaliteit-Afrikaners is na vier dekades van frustrasie deur hierdie "Broederbond-favouritism" gedwing om 'n politieke tuiste te vind in die ANC en laasgenoemde organisasie moet inderdaad besef dat hy die nie-Broeder as 'n bondgenoot kan sien veral in die komende verkiesing.

Alle redelike Suid-Afrikaners (insluitende Afrikaners) het - veral in die werkplek - ook die onbetwisbare reg om aan te dring dat die identiteite van Broeders bekend gemaak word. In die Nuwe Suid-Afrika is daar beslis nie plek vir gesigloses wat op lafhartige wyse probeer regeer vanuit katakombes van geheimhouding nie.

## Vergifnismaand

*Alida Viljoen van George-Oos skryf:*

Septembermaand was nou al welwillendheidsmaand of vriendskapsmaand en al wat leef en beef, is die hele maand aangemoedig om net geluk en lieftalligheid te versprei en vriende te maak en welwillendheid aan almal te betoon.

Toe word besluit Septembermaand moet vredesmaand wees. Almal staan in die strate, hou hande vas, dra vredestekens, huil en lag saam en beloof om te stry en te werk vir vrede. En dan, walla, 23 mense word doodgeskiet en 25 beseer op die Heidelbergpad want iemand sluip met AK47's rond en maai af onder taxiryers, almal doodonskuldig. Iemand is bloeddorstig, ten spyte van oproepe vir vrede!

Miskien moet ons aanstaande Septembermaand 'n maand van vergifnis noem om al die mense te vergewe wat tot verkeerde konklusies en afleidings kom. Want kommunikasie bestaan daaruit dat ék die lewe vertolk uit my eie gegewe en my eie agtergrond en my eie siening van die lewe. My medemens vertolk my sienings en my briewe en my gedagtes uit hulle agtergrond en hulle eie siening van die lewe en hulle eie ondervinding. Lyk my daar sal daarom nooit vrede kom nie, anders was daar nie soveel heroopgemaakte sake van die Goniwe-moorde, die Anton Lubowski-moord, die moorde op ander "te liberale" menseregte-bevryders, wat blykbaar so 'n doring in die vlees is van die meeste Afrikaners (en seker ook Engelse en Jode, en Grieke en wat se bevolking ook al in hierdie land konserwatief-gesind is). Want of 'n mens nou die kommuniste, of anderskleuriges, of dié wat die land van die blankes wil wegvat, of wie ook al haat, dié haat in die land se mense lê diep, díép.

Miskien moet ons sommer nou al begin om briewe te begin skryf en vergifnis vra vir al die mense wat elkeen van ons op een of ander stadium só beskinder, sleg gesê of bygekom het omdat elkeen van ons dalk op die verkeerde tyd vir die verkeerde persoon opgestaan het.

En ons beste bedoelinge om vir iemand op te staan of te wil help, deur die modder gesleep is omdat ons idee van iemand help, hemelsbreed verskil het van iemand anders se idee van hoe om iemand te help. Omdat Christene se idee van iemand help hemelsbreed verskil van, sê dalk, iemand wat nie so verskriklik Christelik is nie se manier om iemand te help. Want die kloof tussen Christene en nie-Christene in dié land is so onoorbrugbaar, dat 'n Bosnië-Herzegovina dalk al is wat op ons wag.

laaste**sê**

# DIE KWESSIE VAN BEROU

**Om vaarwel en ekskuus vir apartheid te sê was maklik - maar eers moes hy worstel om te verstaan waaroor die verlede regtig gegaan het, vertel LEON WESSELS, minister van Mannekrag, aan Hennie Serfontein.**

**Hoe voel dit om lid te wees van die regering wat die ANC verban het?**

Die feit dat ons nou met die ANC praat en in die onderhandelinge die toekoms bespreek, is op sigself 'n goeie gevoel. Want dan voel mens werklik dat jy die verlede agterlaat.

**Hoe voel jy oor die verlede?**

Hoe meer mens leer van die verlede, soveel te meer wil mens daarvan wegkom. Maar ek dink dit is belangrik dat mens werklik self betrokke raak by die verlede. Om werklik te verstaan en te begryp wat in die land gebeur het, sodat dit nie weer gebeur nie.

**Hoekom het jy gesê jy is jammer oor apartheid?**

Dit kom daarop neer dat wanneer mens ten volle verstaan wat in die verlede gebeur het, en mens voel dan die hunkering van alle Suid-Afrikaners om te kan verstaan wat met hulle gebeur het, kon ek nie anders nie as om te sê: Ek is so jammer dat ek so hardhorend was.

**Hoe het jy dit ervaar?**

Dit was 'n wonderlike ervaring, veral vanweë die reaksie daarop. Dit was asof mense werklik verstaan het dat ek geworstel het met die gebeure van die verlede en in die hede, en my daarom aanvaar het.

**Was daar negatiewe reaksie binne die NP?**

Omdat ek weet dat ek die waarheid gepraat het, het mense my nie regtig direk met negatiewe reaksie gekonfronteer nie. Mense het dit gewys deurdat hulle nie met my wou debatteer nie. Dit was 'n sensitiewe saak in ons kringe.

**Sou jy saamstem dat jou party nog nie ten volle as 'n party onomwonde om verskoning gevra het vir apartheid nie?**

Vooraanstaande leiers soos die staatpresident en Dawie de Villiers het verklarings in dié verband gedoen. Maar ek dink die party as 'n geheel het nog nie genoeg geworstel met die konsekwensies van die vyftiger-, sestiger- en sewentigerjare nie. Dit is asof hulle wegskram van die realiteite van




Foto: Sally Shorkend

die verlede. Die debat oor die verlede is nie volkome oopgemaak nie en daarom glo ek dat hulle nog nie verstaan hoeveel hartseer en swaarkry die beleid vir mense veroorsaak het nie.

**As jy terugkyk, hoe sien jy die ontmoeting in Dakar tussen Afrikaners en die ANC in 1987 - wat deur jou regering veroordeel is?**

Ek was deel van die NP-koukus en skram nie weg van die besluite van daardie tyd nie. Ons was besig met 'n ander koers, met 'n ander strategie om die land se probleme op te los. Tyd het bewys dat daardie strategie misluk het. Hulle was verkeerd. Hulle was onsuksesvol en daarom onderhandel ons vandag.

Dakar het beslis die aptyt onder Afrikaners en Suid-Afrikaners gewek om mekaar werklik tromp-op in onderhandelinge te konfronteer. Dit op sigself is 'n wonderlike bydrae.

**Hoe het jy die eerste maal die ANC - die mense wat vir jare as vyande beskou is - ervaar?**

Mense het besef: hoe groot die verskille ook al was en hoe ons mekaar ook al gewantrou het, ons was almal Suid-Afrikaners. My eerste amptelike ontmoeting met die ANC was in 1990 in Oslo toe ek saam met Nelson MAndela 'n verhoog gedeel het, oënskynlik as opponente.

Maar ná my toespraak het Mandela opgestaan, my hand geskud en my met die toespraak gelukgewens. Daardie klein gebaar is deur die ander kongresgangers van ander konflikgebiede toegejuig. Daar is gesê dat as ons nieteenstaande die groot verskille nog met mekaar kon debatteer en saamstem, Suid-Afrika 'n voorbeeld was vir plekke soos Ierland, die Midde-Ooste en elders.

**Jy en Breyten Breytenbach het blykbaar in die afgelope jare vriende geword. Het jy ooit gedink hy is 'n verraaier?**

Ek kan eerlik sê dat ek met die persoon Breyten begin worstel het lank voordat ek hom leer ken het. Die gebeure wat daartoe gelei het dat Breyten die land verlaat het en dat hy gedoen het wat hy gedoen het, het my sekerlik besiel om baie oor ons hele situasie te dink. Ek onthou duidelik 'n gesprek met die vorige staatspresident, PW Botha, oor die hele kwessie van gemengde huwelike en oor Breyten die persoon. Uit wat hy my gesê het, was dit duidelik dat die hele Breytenbach-episode hom groot hartseer besorg het.

**Dit word gesê as Afrikaners verander en die kettings van apartheid afwerp, dit 'n baie lang en pynlike proses is. Was dit die geval in jou lewe?**

Ja, beslis. Want ek glo dat die Afrikanerdom waarmee ek grootgeword het so in ons ingegrif is omdat ons daagliks 'n dieet van Afrikaans en Afrikanerdom gevoer is. Daarom is dit vir ons pynlik om ons standpunte te verander. Maar ek kan eerlik sê dit is ook 'n ervaring en 'n gevoel van bevryding.

Mens worstel met die vraagstukke. Eerstens worstel jy met die onpraktiesheid van die beleid. Dan kom jy tot die gevolgtrekking dat die ideologie beslis nie net onprakties was nie, maar geweldige swaarkry en hartseer veroorsaak het. Dit was dan 'n wonderlike ervaring om te kan voel dat jy nou as 'n Afrikaner nog steeds Afrikaans praat en dat mense jou as 'n mens aanvaar en nie as 'n propagandis van apartheid nie. Dis 'n wonderlike ervaring. ■

# SÊ JOU SÊ

**Vryheid van spraak is jou reg, en jou plig. So, sê jou sê. Ons wil graag die menings en idees van jou organisasie/besigheid hoor. Oor enige onderwerp vanaf behuising tot onderwys, gemeenskapsontwikkeling tot ekonomiese bemagtiging.**

*** Sê jou sê en ons sal dit in 'n onafhanklike nuusbrief publiseer wat bestem is om die mondstuk vir Suid-Afrikaanse organisasies te word. Maak nie saak hoe groot of klein nie. 'n Netwerk van positiewe-idees en gedagtes wat sal help om die nuwe fondamente van hierdie land te lê.**

**As jy graag die nuusbrief wil ontvang, of wil vertel van jou idees of suksesverhale, voltooi hierdie vorm vandag nog. Jy kan 'n verskil maak.**

**Aan: Die Redakteur, Sê Jou Sê, Posbus 2651, Rivonia 2128.**
**Naam van organisasie/besigheid:** ................................................
**Posadres van organisasie/besigheid:** ................................................
**Telefoonnommer:** ................................................
**Faks:** ................................................
**Wat doen jou organisasie/besigheid:** ................................................
**Uit hoeveel lede bestaan dit:** ................................................
**Hoof van organisasie/besigheid:** ................................................
**Jou naam:** ................................................
**Jou ampsbenaming:** ................................................

*** Onderworpe aan Redakteur se goedkeuring**

SÊ JOU SÊ

HUNT LASCARIS TBWA 308026

# Met 'n voorgee is dit net 'n droom om teen Ernie Els te speel.



# Maar vir hom kan dit nou 'n nagmerrie wees.

## Sanlam se Kanker-Uitdaagreeks – Ons eerste nasionale pro-am-gholftoernooi.

Hier is u kans om die voorste beroepsgholfspelers aan te durf!

Klub- en streekwedstryde bepaal wie in die eindstryd gaan meeding wanneer altesame 90 amateurs gratis by San Lameer aan die Natalse suidkus byeenkom. Hier sal hulle die beroepspelers op 'n pragtige baan die stryd aansê.

Die enigste vereistes is dat u 'n manlike amateurspeler met 'n voorgee van tussen 0 en 24 en lid van 'n gholfklub moet wees – waar u ook volle besonderhede kan kry.

Skryf u vandag nog in – en slaan saam met die kampioene 'n dryfhou teen kanker.

San Lameer

KANKER

KANKER KAN OORKOM WORD

Sanlam

Aangebied saam met die klub Lions International, onder beskerming van die PGA en met die steun van die Suid-Afrikaanse Gholf-federasie. (Reël 1 – 8 Behalwe 7 SAGF/2/93)

LINTAS CAPE 301648/A